

ONGEWENSTE VIDEO'S: KYKGEWOONTES VAN POTCHEFSTROOMSE HOËRSKOOLKINDERS

Hans Georg Venter, B.A. Komm.

*Verhandeling voorgelê vir nakoming van die vereistes vir die graad Magister
Artium in die Departement Kommunikasie aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys.*

Studieleier: Mnr. A. M. Gerber

Medestudieleier: Prof. H. J. Groenewald

POTCHEFSTROOM

1994

VOORWOORD

Opregte dank aan die volgende persone en instansies wat hierdie verhandeling moontlik gemaak het:

- * Die studieleiers mnr. A.M. Gerber en prof. H.J. Groenewald, vir waardevolle leiding en ondersteuning.
- * My ouers, vir morele en finansiële ondersteuning oor al die jare.
- * Mnr. Gerrit Coetzee, vir sy betekenisvolle hulp en leiding.
- * Die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD), vir die goedkeuring dat die studie in Potchefstroomse hoërskole gedoen kon word.
- * Die sewe skoolhoofde van die Potchefstroomse hoërskole waar die studie gedoen is, vir hulle hulp en samewerking.
- * Die rekenaarsentrum van die PU vir CHO, vir die insleutel van die gegewens.
- * Piero Engelbrecht van die Departement Statistiek van die PU vir CHO, vir die statistiese verwerkings.
- * Mathilda Barnardt, vir haar hulp met die statistiese interpretering van die gegewens, wat eindelose geduld van haar kant moes geveerg het.
- * Tredoux Badenhorst, Trisha de Villiers en Elsa Roux, vir rekenaars hulp.
- * Dr. Martin Botha, prof. D. van Vuuren en die Direktoraat van Publikasies, vir die beskikbaarstelling van ongepubliseerde verslae en ander navorsing.
- * Therese Raschke, vir taalversorging.
- * Chris, Elsabé, Pieter, Lennard, Amanda en al my ander vriende en familie, wat my deurlopend ondersteun en aangemoedig het.

AAN GOD ALLE EER.

ABSTRACT

UNDESIRABLE VIDEOS: VIEWING HABITS OF POTCHEFSTROOM HIGH SCHOOL CHILDREN

Ever since the introduction of the video cassette recorder (VCR), its sales and ownership have soared world-wide. This growing popularity may be ascribed to the power it affords the user, in that anything may be viewed at any time.

The VCR has furthermore made it possible to hire videos from video shops, to be viewed in the privacy of the home. Many of these videos have age restrictions, as imposed by the Publications Appeal Board or Publications Committees. The purpose of the age restrictions is to indicate that children of a certain age group should not be exposed to such videos. In this study videos with an age restriction, i.e. not meant for a specific age group, are referred to as undesirable videos.

The purpose of this study is to ascertain whether Potchefstroom high-school children view undesirable videos. Related to this are the factors that may play a role in the viewing process, such as biographical variables, social factors and parental control.

The empirical investigation was conducted by means of the field study method. Questionnaires were distributed amongst pupils from standards six to ten in seven White Potchefstroom high schools that existed at the time of the research. The questionnaire included a list of undesirable videos - all (except the two false titles) having an age restriction of 2-16, 2-18, 2-19 or 2-21. Respondents were requested to indicate which of these videos they had seen. The videos seen were divided into quantum categories of one, two to five, six to ten and more than ten undesirable videos seen. This was in turn cross-tabulated with the rest of the questions in the questionnaire. It could accordingly be determined whether children in fact viewed undesirable videos and what factors played a role in the viewing

process.

The study found that most of the Potchefstroom high-school children watched undesirable videos. It was further ascertained that biographical variables, such as gender, language and religion played a role in the viewing habits of children as regards undesirable videos. Peer group-orientated respondents also watched more undesirable videos than parent-orientated respondents. As far as social activity is concerned, respondents mostly hired and payed for undesirable videos themselves and watched them with friends, alone or with parents. Respondents mostly watched undesirable videos at home and at the home of their friends. It was also found that parents were not always able to control the viewing habits of their children. Respondents either watched undesirable videos without the consent of parents or without their knowledge. Respondents whose parents controlled viewing habits, saw the least undesirable videos, compared with respondents whose parents did not control viewing habits. Respondents who often viewed undesirable videos also had a more "liberal" view regarding the portrayal of violence, sex and crude language in videos and age restrictions on videos.

This study accordingly deals mainly with the viewing habits of the high-school child or adolescent, since it is evident from the literature study that the adolescent is more inclined to view videos and undesirable videos than the younger child.

The social learning theory lies at the basis of this study, as age restrictions are placed on videos because of the excessive incidence of violence, sex, nudity and crude language. The important question is, therefore, what adolescents can learn from the media after exposure to this material that is not suitable for them. The needs and development of the adolescent are of cardinal importance during this phase of development, and these are linked to how he receives, processes and interprets media content. Emphasis is placed on the purpose of age restrictions and the necessity of control as the conclusion is arrived at that the media can be an important source of information for the adolescent.

INHOUDSOPGAWE**HOOFSTUK 1 : INLEIDING**

1.1	AKTUALITEIT	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	5
1.3	DOELSTELLINGS EN OOGMERKE	5
1.4	HIPOTEESES	7
1.5	AFBAKENING	7
1.6	SOSIALE LEERTEORETIESE PERSPEKTIEF	8
1.7	BESKIKBAARHEID VAN BRONNE	9
1.8	NAVORSINGSMETODE	10
1.9	HOOFSTUKINDELING	11

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

HOOFSTUK 2: OWERHEIDSBEHEER OOR VIDEO'S EN ROLPRENTE

2.1	INLEIDEND	13
2.2	TERSAAKLIKE BEGRIPSOMSKRYWINGS.	14
2.2.1	Videokasset-opnemer	14
2.2.2	Video's	14
2.2.3	Moraliteit	15
2.2.4	Geweld	15
2.2.5	Seks	16
2.3	PUBLIKASIEBEHEER	17
2.3.1	Sensuur: taak van die Staat en nood- saaklikheid van beheer	17
2.3.2	Doel en werking van publikasiebeheer in Suid-Afrika	19
2.3.2.1	Rolprente en video's	21
2.4	FAKTORE IN DIE BEOORDELINGSPROSES	24
2.4.1	Onbetaamlik, onwelvoeglik en aanstootlik, skadelik	24
2.4.2	Die faktor van die waarskynlike kyker/leser	27
2.5	VOORWAARDES	29
2.5.1	Ouderdomsbeperkings	32
2.5.1.1	Geweld	35
2.5.1.2	Seks en naaktheid	38
2.5.1.3	Kru en oneerbiedige taal	40
2.6	DIE TOEKOMS	42
2.7	GEVOLGTREKKING	43
2.8	SAMEVATTING	43

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

HOOFSTUK 3: DIE ADOLESSENT EN VIDEOGEBRUIK

3.1	INLEIDEND	45
3.2	TERSAAKLIKE BEGRIPSOMSKRYWINGS	46
3.2.1	Die wese van adolessensie	46
3.3	ADOLESSENTE EN MEDIAGEBRUIK	48
3.3.1	Sosiale verandering	50
3.3.1.1	Ouer- en portuurgroep-oriëntasie	52
3.3.2	Biografiese faktore	53
3.3.3	Motiveringsfaktore	54
3.4	VIDEOGEBRUIK	54
3.4.1	Gebruiksfrekwensie	55
3.4.1.1	Biografiese veranderlikes	57
3.4.1.1.1	Ouderdom	57
3.4.1.1.2	Geslag	57
3.4.1.1.3	Taal	58
3.4.1.1.4	Sosio-ekonomiese klas	58
3.4.1.2	Sosiale aktiwiteite en videogebruik	59
3.4.1.2.1	Saam met wie en plek waar gekyk word	59
3.4.1.2.2	Die huur van video's	60
3.4.1.2.3	Die kies van video's	61
3.4.1.2.4	Videopartytjies	61
3.4.1.2.5	Ouer- en portuurgroep-oriëntasie	61
3.4.1.3	Motiveringsfaktore ten opsigte van die kyk na video's en videovoorkeure	62
3.4.1.3.1	Motiveringsfaktore	62
3.4.1.3.2	Videovoorkeure	62

3.5	ONGEWENSTE VIDEO'S	63
3.5.1	Gebruiksfrekwensie	63
3.5.1.1	Ouderdom	65
3.5.1.2	Geslag	66
3.5.1.3	Sosio-ekonomiese klas	66
3.5.1.4	Ouer -en portuurgroep-oriëntasie	66
3.5.1.5	Plek waar na ongewenste video's gekyk is	67
3.6	OUERBEHEER	68
3.6.1	Direkte beheer	68
3.6.2	Bemiddeling ("mediation")	69
3.6.3	Veranderde gesinstruktuur	70
3.6.4	Nabootsing	71
3.6.5	Afname in volwasse gesag	72
3.7	GEVOLGTREKKING	74
3.8	SAMEVATTING	75

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

HOOFSTUK 4: MEDIAGEWELD EN -SEKS: 'N SOSIALE LEERTEORETIESE PERSPEKTIEF

4.1	INLEIDEND	76
4.2	KOMMER TEN OPSIGTE VAN GEWELD, SEKS, NAAKTHEID EN KRU TAALGEBRUIK IN VIDEO'S	77
4.3	DIE EFFEK VAN MEDIAGEWELD EN -SEKS: 'n OORSIG . . .	78
4.3.1	Desensitasiehipotese	80
4.3.2	Imitasie- of nabootshipotese	80
4.3.3	Disinhibisie	80
4.3.4	Opwekkingshipotese	81
4.3.5	Gerbner en Gross se hipotese	81
4.3.6	Identifikasiehipotese	81
4.3.7	Katarsishipotese	81
4.3.8	Versadigingshipotese	82
4.3.9	Geregverdigde geweld	82
4.3.10	Aggressie jeens vroue	82
4.3.11	Geen effek-hipotese	82
4.3.12	Die rol van individuele verskille	83
4.4	DIE SOSIALE LEERTEORIE EN DIE AANLEER VAN GEDRAG . .	83
4.4.1	Leidende subprosesse in die waarnemingsleer- proses met verwysing na die kognitiewe en affektiewe ontwikkelingsstadia van die adolessent	86
4.4.1.1	Aandag	89
4.4.1.1.1	Eienskappe van gemodelleerde aktiwiteite .	90
4.4.1.1.2	Waarnemereienskappe	91
4.4.1.1.3	Funksionele waarde van gedragpatrone . .	92
4.4.1.1.4	Die mag van aantrekking	92
4.4.1.1.5	Verhoogde nabootsing deur beklemtoning van betekenis	93

4.4.1.1.6	Strukturele rangskikking en waarneembaarheid van gedragspatrone	94
4.4.1.2	Retensie	95
4.4.1.3	Motoriese reproduksie	97
4.4.1.4	Motivering	98
4.4.2	Die effek van waarnemingsleer met betrekking tot mediageweld en erotika . .	101
4.4.2.1	Nabootsing	102
4.4.2.2	Inhibisie en disinhibisie	103
4.5	DIE GEBRUIK VAN KRU TAAL	106
4.6	GEVOLGTREKKING	107
4.7	SAMEVATTING	108

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

HOOFSTUK 5: EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1	INLEIDEND	109
5.2	VOORONDERSOEK	109
5.3	NAVORSINGSONTWERP	110
5.4	BESPREKING VAN DIE VRAELYS	111
5.4.1	Afdeling A: Biografiese vrae	112
5.4.2	Afdeling B: Ouer- en portuurgroep oriëntasie	112
5.4.3	Afdeling C: Sosiale aktiwiteite en algemene tendense ten opsigte van die kyk na gehuurde video's	114
5.4.4	Afdeling D: Kykgewoontes met betrekking tot ongewenste video's	114
5.4.5	Afdeling E: Ouerbewustheid en -beheer . . .	120
5.4.6	Afdeling F: Respondente se menings oor geweldstonele, sekstonele, kru taalgebruik en ouderdomsbeperkings	121
5.5	HIPOTESESTELLING EN -TOETSING	121

INHOUDSOPGAW (VERVOLG)

5.6	RESULTATE	125
5.6.1	EIENSKAPPE VAN DIE POPULASIE.	125
5.6.1.1	Biografiese gegewens	125
5.6.1.1.1	Geslag	125
5.6.1.1.2	Taal	125
5.6.1.1.3	Skoolstanderd	126
5.6.1.1.4	Ouderdom	126
5.6.1.1.5	Woonplek van respondent	127
5.6.1.1.6	Woonplek van respondente se ouers . . .	127
5.6.1.1.7	Watter ouers tuis woon	127
5.6.1.1.8	Rede hoekom beide ouers nie tuis woon nie	128
5.6.1.1.9	Beroep van vader	128
5.6.1.1.10	Beroep van moeder	129
5.6.1.1.11	Die rol van godsdiens	130
5.6.1.1.12	Besit van videokasset-opnemers	130
5.6.1.1.13	Huur van videokasset-opnemers	130
5.6.1.1.14	Lidmaatskap van videoklub	131
5.6.1.2	Ouer- en portuurgroep-oriëntasie	131
5.6.1.2.1	Wie dink jy verstaan jou die beste? . .	131
5.6.1.2.2	Wie stel aan jou 'n voorbeeld wat jy graag sal wil navolg?	132
5.6.1.2.3	Saam met wie is jy die gelukkigste? . .	133
5.6.1.2.4	Wie sal jy tevrede stel?	133
5.6.1.2.5	Met wie stem jy gewoonlik saam?	134
5.6.1.2.6	Saam met wie sal jy die graagste jou vrye tyd wil deurbring?	135
5.6.1.2.7	Ouer- en portuurgroep-oriëntasie	135
5.6.1.3	Sosiale aktiwiteite en algemene tendense ten opsigte van die kyk na gehuurde video's	136
5.6.1.3.1	Gebruik van die videokasset-opnemer . .	136
5.6.1.3.2	Algemene gebruiksfrekwensie van gehuurde video's	136

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

5.6.1.3.3	Wanneer na gehuurde video's gekyk is.	137
5.6.1.3.4	Redes vir die kyk na gehuurde video's	138
5.6.1.3.5	Videovoorkeure volgens klassifikasie . .	139
5.6.1.3.6	Plek waar na gehuurde video's gekyk is	140
5.6.1.3.7	Saam met wie na gehuurde video's gekyk is	140
5.6.1.3.8	Die kies van gehuurde video's	141
5.6.1.3.9	Die huur (betaal) van gehuurde video's	142
5.6.1.3.10	Bywoon van videopartytjies	142
5.6.1.4	Ouerbewustheid en -beheer.	143
5.6.1.4.1	Ouerbewustheid.	143
5.6.1.4.2	Word sekere gehuurde video's deur ouers verbied?	143
5.6.1.4.3	Is so 'n "verbode" video al gesien? . .	144
5.6.1.4.4	Op watter wyse so 'n "verbode" video gesien is	144
5.6.1.4.5	Respondente se persepsies ten opsigte van ouers se beheer oor kykgewoontes betreffende gehuurde video's	145
5.6.1.5	Respondente se menings oor geweld- en sekstonele, kru taalgebruik en ouder- domsbeperkings	146
5.6.1.5.1	Menings oor geweldstonele in gehuurde video's	146
5.6.1.5.2	Menings oor sekstonele in gehuurde video's	146
5.6.1.5.3	Menings oor kru taalgebruik in gehuurde video's	147
5.6.1.5.4	Menings oor ouderdomsbeperkings op gehuurde video's	147

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

5.6.2	KYKGEWOONTES BETREFFENDE ONGEWENSTE VIDEO'S	148
5.6.2.1	Gebruiksfrekwensie ten opsigte van ongewenste video's	148
5.6.2.2	Biografiese veranderlikes	149
5.6.2.2.1	Geslag	149
5.6.2.2.2	Huistaal	150
5.6.2.2.3	Skoolstanderd	151
5.6.2.2.4	Ouderdom	155
5.6.2.2.5	Woonplek van respondente	159
5.6.2.2.6	Ouers wat tuis woon	160
5.6.2.2.7	Rede hoekom beide ouers nie tuis woon nie	161
5.6.2.2.8	Beroep van moeder	162
5.6.2.2.9	Woonplek van ouers	164
5.6.2.2.10	Die rol van godsdiens	165
5.6.2.2.11	Besit van videokasset-opnemers	166
5.6.2.2.12	Huur van videokasset-opnemers	167
5.6.2.2.13	Lidmaatskap van videoklub	169
5.6.2.3	Ouer- en portuurgroep-oriëntasie en die kyk na ongewenste video's	170
5.6.2.3.1	Wie dink jy verstaan jou die beste?	170
5.6.2.3.2	Wie stel aan jou 'n voorbeeld wat jy graag sal wil navolg?	170
5.6.2.3.3	Saam met wie is jy die gelukkigste?	171
5.6.2.3.4	Wie sal jy tevrede stel?	172
5.6.2.3.5	Met wie stem jy gewoonlik saam?	173
5.6.2.3.6	Saam met wie sal jy die graagste jou vrye tyd wil deurbring?	174
5.6.2.3.7	Ouer- en portuurgroep-oriëntasie en die kyk na ongewenste video's	175
5.6.2.4	Sosiale aktiwiteite en algemene tendense ten opsigte van die kyk na ongewenste video's	176
5.6.2.4.1	Gebruiksfrekwensie	176

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

5.6.2.4.2	Plek waar na gehuurde video's gekyk is	178
5.6.2.4.3	Persone saam met wie na gehuurde video's gekyk is	179
5.6.2.4.4	Die kies van gehuurde video's	179
5.6.2.4.5	Die huur (betaal) van gehuurde video's	180
5.6.2.4.6	Videopartytjies	180
5.6.2.5	Lys van ongewenste video's wat gesien is en waar dit meestal gesien is	185
5.6.2.5.1	Lys van ongewenste video's wat gesien is	185
5.6.2.5.2	Plek waar ongewenste video's meestal gesien is	189
5.6.2.6	Ouerbewustheid en -beheer	191
5.6.2.6.1	Ouerbewustheid	191
5.6.2.6.2	Word sekere gehuurde video's deur ouers verbied?	192
5.6.2.6.3	Is so 'n "verbode" video al gesien?	192
5.6.2.6.4	Op watter wyse so 'n "verbode" video gesien is	193
5.6.2.6.5	Respondente se persepsies ten opsigte van ouers se beheer oor hulle kyk na gehuurde video's	196
5.6.2.7	Respondente se menings oor gewelds- en sekstonele, kru taalgebruik en ouderdomsbeperkings	198
5.6.2.7.1	Menings oor geweldstonele in gehuurde video's	198
5.6.2.7.2	Menings oor sekstonele in gehuurde video's	199
5.6.2.7.3	Menings oor kru taalgebruik in gehuurde video's	200
5.6.2.7.4	Menings oor ouderdomsbeperkings op video's	202
5.7	SAMEVATTING	203

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

HOOFSTUK 6: INTERPRETASIE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDEND	204
6.2	INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKINGS	204
6.3	SAMEVATTING.	218
6.4	AANBEVELINGS	222

BYLAE

BYLAE A:	BRIEF VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT (TOD) VIR GOEDKEURING VIR VERSPREIDING VAN VRAELYS IN POTCHEFSTROOMSE HOËRSKOLE.	225
BYLAE B:	VRAELYS.	228
	AFRIKAANS.	229
	ENGELS.	244
BYLAE C:	REDES VIR DIE OPLEGGING VAN OUDERDOMSBEPERKINGS VIR DIE DRIE ONGEWENSTE VIDEO'S WAT DIE MEESTE DEUR RESPONDENTE GESIEN IS.	259
	RED HEAT.	260
	DIE HARD.	266
	COCKTAIL.	269
	BIBLIOGRAFIE.	272

LYS VAN TABELLE

TABEL 4.1	SUBPROSESSE IN DIE WAARNEMINGS- LEERPROSES.....	87
TABEL 5.1	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS HOËRSKOOLO.....	111
TABEL 5.2	TOTALE VAN OUDERDOMSBEPERKINGS OP VIDEO'S.....	116
TABEL 5.3	LYS VAN ONGEWENSTE VIDEO'S VOLGENS OUDERDOMSBEPERKINGS EN KLASSIFIKASIE.....	117
TABEL 5.4	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS SKOOLSTANDERD.....	126
TABEL 5.5	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS OUDERDOM.....	127
TABEL 5.6	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS BEROEP VAN RESPONDENTE SE VADERS.....	128
TABEL 5.7	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS BEROEP VAN RESPONDENTE SE MOEDERS.....	129
TABEL 5.8	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS DIE ROL VAN GODSDIENS TUIS.....	130
TABEL 5.9	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS DIE HUUR VAN VIDEOKASSET-OPNEMERS.....	131
TABEL 5.10	WIE DINK JY VERSTAAN JOU DIE BESTE?.....	132
TABEL 5.11	WIE STEL AAN JOU 'N VOORBEELD WAT JY GRAAG SAL WIL NAVOLG?.....	132
TABEL 5.12	SAAM MET WIE IS JY DIE GELUKKIGSTE?.....	133
TABEL 5.13	WIE SAL JY TEVREDE STEL?.....	134
TABEL 5.14	MET WIE STEM JY GEWOONLIK SAAM?.....	134
TABEL 5.15	SAAM MET WIE SAL JY DIE GRAAGSTE JOU VRYE TYD WIL DEURBRING?.....	135
TABEL 5.16	POPULASIESAMESTELLING VOLGENS OUER- EN PORTUURGROEP-ORIËNTASIE.....	136
TABEL 5.17	ALGEMENE GEBRUIKSFREWENSIE VAN GEHUURDE VIDEO'S.....	137
TABEL 5.18	WANNEER NA GEHUURDE VIDEO'S GEKYK IS.....	138

LYS VAN TABELLE (VERVOLG)

TABEL 5.19	REDES VIR DIE KYK NA GEHUURDE VIDEO'S.....	139
TABEL 5.20	VIDEOVOORKEURE VOLGENS KLASSIFIKASIE.....	139
TABEL 5.21	PLEK WAAR NA GEHUURDE VIDEO'S GEKYK IS.....	140
TABEL 5.22	SAAM MET WIE NA GEHUURDE VIDEO'S GEKYK IS.....	141
TABEL 5.23	DIE KIES VAN GEHUURDE VIDEO'S.....	141
TABEL 5.24	DIE HUUR (BETAAL) VAN GEHUURDE VIDEO'S.....	142
TABEL 5.25	BYWOON VAN VIDEOPARTYTJIES.....	143
TABEL 5.26	HOE SO 'N "VERBODE" VIDEO GESIEN IS.....	145
TABEL 5.27	RESPONDENTE SE PERSEPSIES OOR OUERS SE BEHEER OOR HULLE KYK NA GEHUURDE VIDEO'S.....	146
TABEL 5.28	GEBRUIKSFREKWENSIE TEN OPSIGTE VAN ONGE- WENSTE VIDEO'S.....	148
TABEL 5.29	GEBRUIKSREKWENSIE TEN OPSIGTE VAN HOEVEEL- HEID ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN.....	149
TABEL 5.30	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS GESLAG.....	150
TABEL 5.31	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS HUISTAAL.....	152
TABEL 5.32	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS SKOOLSTANDERD.....	153
TABEL 5.33	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS OUDERDOM.....	156
TABEL 5.34	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN WOONPLEK VAN RESPONDENTE.....	159
TABEL 5.35	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OUERS WAT TUIS WOON.....	160
TABEL 5.36	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN REDE HOEKOM BEIDE OUERS VAN RESPONDENTE NIE TUIS WOON NIE.....	161
TABEL 5.37	MEER AS TIEN ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN RESPONDENTE WIE SE MOEDERS HUIS- VROUENS IS TEENOOR RESPONDENTE WIE SE MOEDERS WERKEND IS.....	162

LYS VAN TABELLE (VERVOLG)

TABEL 5.38	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE BEROEPSKATEGORIEË VAN RESPONDENTE SE MOEDERS...163
TABEL 5.39	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OUERS VAN RESPONDENTE SE WOONPLEK.....164
TABEL 5.40	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE ROL VAN GODSDIENS.....165
TABEL 5.41	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE BESIT VAN VIDEOKASSET-OPNEMERS.....166
TABEL 5.42	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE HUUR VAN VIDEOKASSET-OPNEMERS.....168
TABEL 5.43	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN LIDMAATSKAP VAN VIDEOKLUB.....169
TABEL 5.44	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN WIE RESPONDENTE DINK HULLE DIE BESTE VERSTAAN.....170
TABEL 5.45	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN WIE 'N VOORBEELD STEL WAT NAGEVOLG WIL WORD.....171
TABEL 5.46	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN SAAM MET WIE RESPONDENTE DIE GELUKKIGSTE IS.....172
TABEL 5.47	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN WIE RESPONDENTE SAL TEVREDE STEL.....173
TABEL 5.48	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN MET WIE RESPONDENTE GEWOONLIK SAAMSTEM.....174
TABEL 5.49	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN SAAM MET WIE RESPONDENTE DIE GRAAGSTE HUL VRYE TYD WIL DEURBRING.....175
TABEL 5.50	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OUER- EN PORTUURGROEP-ORIËNTASIE.....176
TABEL 5.51	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN GEBRUIKSFREKWENSIE VAN GEHUURDE VIDEO'S.....177
TABEL 5.52	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN PLEK WAAR NA GEHUURDE VIDEO'S GEKYK IS.....178
TABEL 5.53	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN PERSONE SAAM MET WIE NA GEHUURDE VIDEO'S GEKYK IS.....181

LYS VAN TABELLE (VERVOLG)

TABEL 5.54	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE KIES VAN GEHUURDE VIDEO'S.....	182
TABEL 5.55	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE HUUR (BETAAL) VAN GEHUURDE VIDEO'S.....	183
TABEL 5.56	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE BYWOON VAN VIDEOPARTYTJIES.....	184
TABEL 5.57	LYS VAN ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS FREKWENSIES.....	186
TABEL 5.58	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE PLEK WAAR ONGEWENSTE VIDEO'S MEESTAL GEKYK IS.....	190
TABEL 5.59	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OUER- BEWUSTHEID.....	191
TABEL 5.60	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE VERBOD OP GEHUURDE VIDEO'S.....	192
TABEL 5.61	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OF SO 'N "VERBODE" VIDEO AL GESIEN IS.....	193
TABEL 5.62	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE WYSES WAAROP RESPONDENTE VIDEO'S GESIEN HET WAT DEUR HUL OUERS VERBIED IS.....	194
TABEL 5.63	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN RESPONDENTE SE PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN OUERS SE BEHEER OOR HULLE KYK NA GEHUURDE VIDEO'S.....	197
TABEL 5.64	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN MENINGS VAN RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN GEWELDSTONELE IN VIDEO'S.....	199
TABEL 5.65	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN MENINGS VAN RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN SEKSTONELE IN VIDEO'S.....	200
TABEL 5.66	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN MENINGS VAN RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN KRU TAALGEBRUIK IN VIDEO'S.....	201
TABEL 5.67	AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN MENINGS VAN RESPONDENTE TEN OPSIGTE VAN OUDERDOMSBEPERKINGS OP VIDEO'S.....	202

GRAFIESE VOORSTELLINGS

FIGUUR 5.1	% RESPONDENTE WAT MEER AS TIEN ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN HET EN SKOOLSTANDERD.....	154
FIGUUR 5.2	% RESPONDENTE WAT MEER AS TIEN ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN HET EN OUDERDOM.....	158
FIGUUR 5.3	% RESPONDENTE WAT 'N "VERBODE" VIDEO GESIEN HET EN OP WATTER WYSE.....	195

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 AKTUALITEIT

Televisie was vir twee dekades die wêreld se dominante massamedium, maar die koms van die videokasset-opnemer was die begin van 'n nuwe era in hierdie bestel. Waar die videokasset-opnemer as verlengstuk van televisie gesien kan word (Heyneke, 1986:20), word ons in staat gestel om te eniger tyd na enigiets te kyk (Yang en Linz, 1990:1; Heyneke, 1986:1).

Volgens Zoglin (1984:56) het die videokasset-opnemer van alle huishoudelike elektroniese apparate - naas televisie - die grootste invloed op die vryetydsbesteding van die mens. Voorts het die verspreiding van die videokasset-opnemer wêreldwyd vinniger toegeneem as enige ander nuwe televisietegnologie (Levy, 1987:267; Klopfenstein, 1989:21).

Massey en Baran (1990:98) meen hierdie gewildheid is toe te skryf aan die "mag en outoriteit" wat die videokasset-opnemer aan die gebruiker gee. Die videokasset-opnemer gee die gebruiker groter vryheid ten opsigte van wat om te kyk en wanneer om te kyk. Behalwe die feit dat dit die gebruiker ten volle in beheer plaas, hou dit ook drie groot kommunikasiemoontlikhede in, naamlik die opneem van televisieprogramme om later te kyk (tydaanpassing); die skep van 'n videoteek en die kyk na video's (Klopfenstein, 1989:21; Levy, 1989:13).

In Suid-Afrika het verskeie opnames (Van Vuuren et al., 1984; De Waal, 1985; Heyneke, 1986, MRA, 1993:46-49) getoon dat die besit van die videokasset-opnemer in Suid-Afrika grootliks aan die toeneem is en dat dit, asook die kyk na video's, reeds 'n groot bron van huisvermaak is.

'n Groot aantal van hierdie video's wat in videowinkels beskikbaar is, is uitstekende gesinsvermaak. Baie ander video's

- ook beskikbaar in videowinkels - is uitsluitlik geskik vir volwassenes en nie vir kinders nie. Daarom word hierdie video's wat hoofsaaklik vir volwassenes bedoel is aan ouderdomsbeperkings onderwerp. Sodoende word aan ouers by die keuse van 'n video aangedui dat 'n betrokke video ongewens is vir 'n sekere ouderdomsgroep en dat sodanige video dus verkieslik nie aan 'n kind in daardie bepaalde ouderdomsgroep vertoon moet word nie. Die rede hiervoor is dat sulke video's gewoonlik te veel geweld, seks, naaktheid of kru taal bevat (Van Rooyen, 1987:119).

Hierdie video's met 'n ouderdomsbepanking soos opgelê deur die Publikasiekomitees of Appèlraad oor Publikasies, en wat nie bestem is vir 'n bepaalde ouderdomsgroep nie, word vervolgens ongewenste video's genoem.

Hierdie afleiding is gegrond op art. 21(3) van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974), wat onder meer bepaal:

" 'n Komitee in subartikel (1) bedoel, kan die betrokke rolprent onvoorwaardelik goed- of afkeur, of kan daardie rolprent goedkeur op voorwaarde dat daardie rolprent -

- (a) nie vertoon mag word nie aan -
 - (i) kinders in die ouderdomsgroep van twee tot tien jaar, tensy hulle vergesel word deur persone wat agtien jaar oud of ouer is;
 - (ii) kinders in die ouderdomsgroep van twee tot agtien jaar, en
 - (iii) persone in 'n ander ouderdomsgroep deur die komitee bepaal;
 - (iv) persone in 'n ander kategorie deur die komitee bepaal."

(Alhoewel die stelsel van ouderdomsbeperkings sedert Oktober 1992 verander is (vgl. 2.5), het die wet só daar uitgesien ten tye van hierdie studie. Daar is ook toe van 'n verskeidenheid ouderdomsbeperkings gebruik gemaak, soos 2-16, 2-19 en 2-21.)

Aangesien video's dus ouderdomsbeperkings opgelê word om kinders teen ongewenste materiaal te beskerm, kan die noodsaaklikheid van ouers se beheer oor kinders se kykpatrone nie onderbeklemtoon word nie. Staatsbeheer deur middel van ouderdomsbeperkings maak dit die ouers se taak om toe te sien dat kinders nie blootgestel word aan ongewenste video's nie. Volgens Hill (1985b:161) blyk dit egter 'n onbegonne taak te wees om ten volle beheer oor kinders se kykgewoontes uit te oefen, aangesien dit moeilik is om die kykmateriaal in miljoene huise te kontroleer. Dit is ook byna vanselfsprekend dat alles wat in die huis beskikbaar is, beskikbaar sal wees aan kinders. Selfs met die mees sorgsame ouers bestaan die moontlikheid steeds dat kinders - in hulle eie huise of in die huise van andere - aan ongewenste video's blootgestel kan word.

Uit die literatuur blyk dat kinders tog na video's kyk wat nie vir hulle geskik is nie. In dié verband het die volgende aan die lig gekom:

1. In Amerika het Greenberg en Heeter (1987) bevind dat kinders in 'n groot mate na video's kyk wat nie vir hulle geskik is nie. Hierdie bevinding is ook in Engeland (Nelson, 1985; Hill, 1985a; Hartshorn, 1983) en in Suid-Afrika (Botha et al., 1987:281; 1991:31) verkry.
2. Die kyk na video's wat nie vir kinders geskik is nie, is veral gewild onder adolessente (Nelson, 1985a:35; Hill, 1985a:61). Pitout et al. (1985:49) en De Waal (1985:20) se navorsing dui daarop dat adolessente oor die algemeen meer na video's kyk as jonger kinders. Navorsing dui ook op 'n verband tussen ander

biografiese faktore, soos geslag, taal, sosio-ekonomiese klas, en die kyk na video's en ongewenste video's (Pitout et al., 1985:49; De Waal, 1985:20; Heyneke, 1986:56; Roe, 1983:136; Levy en Gunter, 1988:20; Nelson, 1985:35; Hill, 1985a:61).

3. Die adolessente fase word gekenmerk as 'n fase waarin daar 'n verandering van sosiale bande plaasvind. Hierdie verandering behels enersyds die wegbeweeg van die familie en andersyds toenemende interaksie met die portuurgroep (Johnstone, 1974:37). In dié verband het Roe (1987:526; 1989:181) dan ook bevind dat die portuurgroep 'n prominente rol speel in die kyk na video's en ongewenste video's. Laasgenoemde skrywer het in Swede bevind dat portuurgroep-georiënteerde respondente meer na video's en ongewenste video's kyk as ouer-georiënteerde respondente.

4. Ouerbeheer ten opsigte van kinders se gebruik van die videokasset-opnemer begin afneem namate kinders ouer word (Lin en Atkin, 1989) en ouers is nie altyd in staat daartoe om kinders se kykgewoontes ten opsigte van video's te beheer nie (Hill, 1985b: 161).

Van Rooyen (1978:61) beklemtoon dat ouderdomsbeperkings opgelê word indien die betrokke persone nie die nie-ongewenstheid van die stof sal kan insien of verwerk nie, en wanneer die behandeling van 'n tema morele skade aan 'n substansiële aantal kinders jonger as die ingestelde beperking kan aanrig. Hoe meer seks, naaktheid, geweld, kru en oneerbiedige taalgebruik, hoe hoër is die ouderdomsbepanking. Alhoewel daar nie afdoende bewyslewering bestaan dat die media aanleiding gee tot anti-sosiale of kriminele gedrag nie, moet daar 'n mate van waarskynlikheid bestaan dat 'n redelike aantal normale mense oorgehaal kan word om ook immoreel op te tree (Van Rooyen, 1987:55).

Uit bogenoemde blyk dus dat ouderdomsbeperkings daargestel word om kinders teen die kyk van ongewenste video's te beskerm en dat kinders verkieslik nie aan sulke video's blootgestel moet word nie. Dit wil egter voorkom of kinders wel na ongewenste video's kyk en dat sekere faktore 'n rol speel in die kykproses.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Met dié studie wil vasgestel word of hoërskoolkinders in Potchefstroom wel aan die kyk van ongewenste video's blootgestel is. Sodoende kan empiries aangetoon word wat die kinders se kykgewoontes is in verhouding tot die gewenstheidsgraad van die video's, watter faktore 'n rol speel in die kykproses en of daar enige beheer oor kinders se kykgewoontes uitgeoefen word.

1.3 DOELSTELLINGS EN OOGMERKE

Dit is die algemene doelstelling van hierdie studie om die kykgewoontes van Potchefstroomse hoërskoolkinders met betrekking tot ongewenste video's vas te stel. Om hierdie doel te bereik, is die bepaling van die volgende faktore van belang:

1. Of die meeste Potchefstroomse hoërskoolkinders gedurende hulle skoolloopbaan na ongewenste video's kyk.
2. Watter biografiese veranderlikes (soos geslag, taal, ouderdom, skoolstanderd, godsdiens, werkende moeders, woonplek, watter ouers tuis woon, die besit en huur van videokasset-opnemers en lidmaatskap van 'n video-klub) belangrike voorspellers is in die kyk na ongewenste video's.
3. Of portuurgroep-georiënteerde respondente meer na ongewenste video's kyk as ouer-georiënteerde respondente.

4. Die kyk na ongewenste video's as 'n sosiale aktiwiteit. Hier is die plek waar na ongewenste video's gekyk word, saam met wie gekyk word, wie die video's kies en wie daarvoor betaal, van belang.
5. Respondente se menings oor ouerbewustheid en -beheer met betrekking tot die kyk na ongewenste video's.
6. Respondente se menings oor die voorkoms van geweld, seks en kru taalgebruik in video's, asook hulle mening oor ouderdomsbeperkings op video's.

In die loop van die studie word ook breedvoerig aandag geskenk aan die volgende:

- Owerheidsbeheer ten opsigte van rolprente en video's.
- Die adolessent en videogebruik.
- 'n Sosiale leerteoretiese perspektief op die proses van hoe adolessente geweld, seks en kru taalgebruik in die media ontvang, verwerk en interpreteer.

'n Literatuurstudie van laasgenoemde drie faktore behoort meer lig te werp op (1) die doel van ouderdomsbeperkings en die faktore wat in ag geneem word by die oplê van ouderdomsbeperkings op video's, (2) die ontwikkeling van die adolessent, sy behoeftes ten opsigte van mediagebruik, sy kykgewoontes betreffende video's en ongewenste video's en ouerbeheer en (3) die vermoë van die adolessent om van die media te leer en die noodsaaklikheid van beheer oor kinders se kykgewoontes wat ongewenste video's betref.

1.4 HIPOTEESES

Die volgende hoofhipoteses is geformuleer (die subhipoteses word uiteengesit in hoofstuk 5):

1. Die meeste Potchefstroomse hoërskoolkinders kyk gedurende hulle skoolloopbaan na ongewenste video's.
2. Biografiese veranderlikes speel 'n rol in die kyk na ongewenste video's.
3. Portuurgroep-georiënteerde respondente kyk meer na ongewenste video's as ouer-georiënteerde respondente.
4. Die kyk na ongewenste video's is hoofsaaklik 'n sosiale aktiwiteit wat in portuurgroepsverband plaasvind.
5. Dit is nie altyd moontlik dat ouers beheer oor kinders se kykgewoontes ten opsigte van ongewenste video's kan uitoefen nie.
6. Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, het 'n meer "liberale" siening van video's.

1.5 AFBAKENING

Die titel "Ongewenste video's: die kykgewoontes van Potchefstroomse hoërskoolkinders", kan as volg afgebaken word:

Ongewenste video's: Alhoewel heelwat navorsing al gedoen is oor die gebruik van die videokasset-opnemer, byvoorbeeld tydaanpassing (vgl. Levy, 1980, Levy, 1981, Levy 1983, Levy 1989), konsentreer dié studie hoofsaaklik op één van die drie gebruike van die videokasset-opnemer, naamlik die kyk van video's.

Ongewenste video's verwys spesifiek na video's met 'n spesifieke ouderdomsbepanking (wat dus nie geskik is vir kinders in 'n bepaalde ouderdomsgroep nie), wat in videowinkels gehuur kan word.

Die terreinverkenning sluit dan ook 'n gedeelte in oor die wyse waarop ouderdomsbepankings deur die Publikasiekomitees opgelê word, wat dan daarop dui dat die betrokke video "ongewens" is vir 'n bepaalde ouderdomsgroep.

Kykgewoontes: Die empiriese gedeelte het te doen met die kykgewoontes van hoërskoolkinders met betrekking tot ongewenste video's, met ander woorde of hoërskoolkinders na ongewenste video's kyk, ouerbeheer in dié verband en watter faktore 'n rol speel in die kykproses.

Potchefstroomse hoërskoolkinders: Die studie sluit die sewe blanke Potchefstroomse hoërskole in wat bestaan het ten tye van die ondersoek. Die terreinverkenning het dus hoofsaaklik te doen met die hoërskoolkind of die adolessent. Alhoewel daar in die literatuurstudie na ander ouderdomsgroepe verwys word, dien dit bloot as vergelyking tussen vroeëre ontwikkeling-stadiums van die kind en die adolessente fase, asook as beskrywing van die verskeie fases waardeur die kind gaan.

1.6 SOSIALE LEERTEORETIESE PERSPEKTIEF

Sensuur en ouderdomsbepankings ten opsigte van rolprente en video's het hoofsaaklik met die moraliteit van 'n bepaalde gemeenskap te doen. Dit gaan om die beskerming van bepaalde waardes en norme teen sogenaamde buite-invloede. Ouderdomsbepankings is dus ingestel om die kind te beskerm teen hoofsaaklik seks, naaktheid, geweld en kru taal in video's, aangesien hy nie self die betrokke materiaal in die regte perspektief sal kan plaas nie. Daar moet dus gekyk word na hoé die adolessent hierdie materiaal ontvang, verwerk en interpreteer indien hy daaraan blootgestel word en hoe hy uiteindelik uit die media

sekere gedragswyses kan aanleer.

Alhoewel daar verskeie standpunte gehuldig word ten opsigte van die effek van geweld en seks in die media op die gebruiker (vgl. hoofstuk 4), berus sommige van hierdie standpunte en hipoteses op die sosiale leerteorie van Bandura. Volgens Comstock et al. (1978:261) is die sosiale leerteorie die mins betwisbare veralgemening van die effek van die media op die mens. Volgens die sosiale leerteorie word gedrag hoofsaaklik aangeleer deur die waarneming van ander wat as modelle dien. Die sosiale leerteorie verklaar dan ook hoe die massamedia 'n rol speel in die aanleer van gedrag (Ribes-Inesta en Bandura, 1976:206).

Alhoewel die sosiale leerteorie die proses van leer beskryf, word daar binne die raamwerk van die sosiale leerteorie - met verwysing na die ontwikkelingsielkunde - ook aandag geskenk aan hoe kinders informasie verstaan en verwerk. Sodoende word meer lig gewerp op die leerproses, asook op hoe die adolessent seks, naaktheid, geweld en kru taal in video's verstaan en verwerk. Die beskrywing hiervan sal die noodsaaklikheid van ouderdomsbeperkings en die beheer oor video's beklemtoon.

1.7 BESKIKBAARHEID VAN BRONNE

Alhoewel Botha et al. (1987; 1991) se bevindinge 'n gedeelte insluit wat handel oor video's wat gesien is wat nie vir 'n betrokke ouderdomsgroep bedoel was nie (vgl. 3.5.1), is geen omvattende navorsing al in Suid-Afrika gedoen oor die spesifieke onderwerp nie. Ander bestaande navorsing handel oor die kykgewoontes met betrekking tot video's oor die algemeen (Van Vuuren et al., 1984; De Waal, 1985; Pitout et al., 1985; Heyneke, 1986).

Heelwat navorsing is in die buiteland gedoen oor die videokasset-opnemer, byvoorbeeld die gebruik van die videokasset-opnemer (Levy, 1980; Levy 1987), sosiale en kulturele aspekte van die gebruik van die videokasset-opnemer (Dobrow, 1990), die ekonomiese groei van die videokasset-opnemer en video's (Levy,

1989), die inhoud van volwasse video's (Yang en Linz, 1990) en die kykgewoontes betreffende ongewenste video's (Barlow en Hill, 1985; Greenberg en Heeter, 1987). Laasgenoemde aspek, waaroor hierdie studie handel, is egter glad nie omvattend deur navorsing gedek nie.

Daar is wel al baie navorsing gedoen oor televisie en rolprente, en waar navorsing ten opsigte van video's en die videokasset-opnemer totaal ontbreek, is van hierdie literatuur gebruik gemaak.

1.8 NAVORSINGSMETODE

Met betrekking tot die empiriese gedeelte, is gebruik gemaak van die veldstudiemetode. Vraelyste is aan die sewe Potchefstroomse hoërskole gegee om in te vul. Die vraelys het onder andere 'n lys van video's met ouderdomsbeperkings ingesluit, waar respondente moes aandui watter van hierdie video's hulle gesien het. Die resultate is eers gekruistabuleer met ouderdom, om vas te stel watter video's ongewens is vir 'n bepaalde ouderdomsgroep, aangesien gebruik gemaak is van die ouderdomsbeperkings 2-16, 2-18, 2-19 en 2-21. Alle video's sou dus nie ongewens wees vir alle respondente nie. ('n Video met 'n 2-16 ouderdomsbepanking is byvoorbeeld nie ongewens vir 'n sewentienjarige nie.) Hierdie resultate is op hulle beurt met die ander veranderlikes in die vraelys gekruistabuleer. Sodoende kon vasgestel word in watter mate hoërskoolkinders in Potchefstroom aan ongewenste video's blootgestel is en watter veranderlikes 'n rol speel in die kyk na ongewenste video's.

Die vraelys is in die volgende afdelings verdeel:

- Biografiese veranderlikes, soos geslag, taal, ouderdom, skoolstanderd en godsdienst.
- Ouer- en portuurgroep-oriëntasie.

- Sosiale aktiwiteite en algemene tendense ten opsigte van die kyk na video's, soos plek waar gekyk word, saam met wie gekyk word en wie video's huur en kies.
- Lys van ongewenste video's wat gesien is en waar dit meestal gesien is.
- Ouerbewustheid en -beheer ten opsigte van die kyk na video's.
- Menings van respondente oor die voorkoms van geweld, seks en kru taal in video's, asook ten opsigte van ouderdomsbeperkings op video's.

1.9 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukverdeling is as volg:

Hoofstuk 2 handel oor owerheidsbeheer oor video's en rolprente. Die noodsaaklikheid van beheer, die doel en werking van publikasiebeheer in Suid-Afrika en faktore wat by die oplê van ouderdomsbeperkings op video's in ag geneem word, word bespreek.

Hoofstuk 3 sentreer rondom die adolessent en videogebruik. In hierdie hoofstuk word verwys na die adolessent en mediagebruik in die algemeen, videogebruik in die algemeen en die kyk na ongewenste video's. Faktore soos biografiese veranderlikes wat 'n rol speel in die kyk na ongewenste video's, ouer- en portuurgroep-oriëntasie, saam met wie en waar na ongewenste video's gekyk is en ouerbewustheid en -beheer word bespreek.

Hoofstuk 4 sit die proses van leer na aanleiding van blootstelling aan seks, geweld en kru taalgebruik in die media uiteen, vanuit 'n sosiale leerteoretiese perspektief. Aandag word geskenk aan 'n oorsigtelike beskrywing van standpunte wat gehuldig word oor die moontlike effek van seks en geweld in die media op die kyker. Voorts word die aspekte wat die sosiale

leerteorie en die aanleer van gedrag ten grondslag lê, bespreek. Die kognitiewe vlak van ontwikkeling waarop die adolessent hom bevind en sy vermoë om mediainhoud te begryp, is hier van belang.

Die navorsingsmetode, prosedures wat gevolg is, die hipotesestelling en resultate word in hoofstuk 5 bespreek.

Die resultate van die ondersoek word as volg uiteengesit:

Eerstens word gekyk na die eienskappe van die populasie. Die volgende bevindinge ten opsigte van Potchefstroomse hoërskoolkinders word bespreek: biografiese gegewens, ouer- en portuurgroep-oriëntasie, sosiale aktiwiteite en algemene tendense betreffende die kyk na video's in die algemeen, ouerbewustheid en -beheer ten opsigte van video's, en respondente se menings oor geweld, seks en kru taalgebruik in video's, asook hulle menings oor ouderdomsbeperkings op video's.

Tweedens word die resultate ten opsigte van Potchefstroomse hoërskoolkinders se kykgewoontes met betrekking tot ongewenste video's uiteengesit. Die indeling geskied op dieselfde wyse as voorgenoemde uiteensetting.

Die studie word afgesluit met hoofstuk 6 waar die interpretasie van die gegewens, die gevolgtrekkings en aanbevelings uiteengesit word.

HOOFSTUK 2: OWERHEIDSBEHEER OOR VIDEO'S EN ROLPRENTE

2.1 INLEIDEND

In die voorafgaande hoofstuk is vermeld dat ouderdomsbeperkings daargestel is om kinders teen die kyk van ongewenste materiaal te beskerm en om as riglyn te dien by die keuse van 'n video. 'n Video met 'n sekere ouderdomsbepanking is dus nie geskik vir 'n bepaalde ouderdomsgroep om te sien nie.

Die belang van hierdie hoofstuk is daarom geleë in die kriteria wat gebruik word by die oplê van ouderdomsbeperkings sodat die doel en prosedures van ouderdomsbeperkings hieruit duidelik na vore kan kom. Die kykgewoontes van kinders wat betref video's met ouderdomsbeperkings is uiteraard die kern van hierdie studie.

Die eerste mikpunt sentreer rondom die algemene beheer oor publikasies. Die taak wat die Staat vervul met betrekking tot publikasiebeheer en die vraag of publikasiebeheer werklik noodsaaklik is, is hier van belang. Aandag word ook geskenk aan die doel en werking van publikasiebeheer in Suid-Afrika en die beheermaatreëls wat bestaan met betrekking tot rolprente en video's.

Die tweede oogmerk hou verband met die kriteria in die beoordelingsproses ten opsigte van wat in rolprente en video's toelaatbaar is en wat nie toelaatbaar is nie.

Die derde oogmerk is verwant aan die voorwaardes waaronder sekere materiaal vrygestel word. Klem word gelê op die doel wat gedien word met die oplegging van voorwaardes en die omstandighede waaronder ouderdomsbeperkings opgelê word.

2.2 TERSAAKLIKE BEGRIPSOMSKRYWINGS

2.2.1 Videokasset-opnemer

Mahony et al. (1980:153) beskryf die videokasset-opnemer as "electronic equipment that enables the consumer to record and/or play back sound images on a standard television set". Agrawal (1986:30) som die videokasset-opnemer op as "a 'television' that is available when one wants it." Volgens Agostino et al. (1980:28) maak die videokasset-opnemer van televisie 'n "user-controlled medium".

Alhoewel verskeie name vir die videokasset-opnemer bestaan, soos video-opnemer (Heyneke, 1986:13), videospeler (De Waal, 1985:20) en videomasjien (Van Vuuren et al., 1984:16), word die woord videokasset-opnemer in hierdie studie gebruik in direkte afleiding van die Engelse "video cassette recorder" (VCR). Dit word ook so in die Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek (1987:1282) aangedui.

2.2.2 Video's

Video's omvat 'n hele aantal genres. Hieronder tel genres soos pornografie, opleidingsvideo's, die sogenaamde "how-to" video's, kindervideo's, musiekvideo's en video's wat aanvanklik slegs in teaters vertoon is en later as speelfilms op televisie (rolprent of "theatrical movies") (vgl. Komiya en Litman, 1990:37). In hierdie studie word spesifiek gekyk na laasgenoemde kategorie, naamlik rolprente wat op video verkrygbaar is en in videowinkels gehuur kan word om tuis te kyk. Hierdie rolprentkategorie beslaan ook die oorgrote meerderheid van die totale videoverbuikersmark (Komiya en Litman, 1990:27).

Artikel 47(1) van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) omskryf video's, rolprente en speelfilms op televisie as volg (Van Rooyen, 1987:143):

"(a) enige reeks visuele beelde wat op enige stof, hetsy 'n film, magnetiese band of ander materiaal, opgeneem is op so

'n wyse dat daardie beelde deur gebruikmaking van daardie stof as 'n bewegende prent gesien kan word;

- (b) die klankbaan verbonde aan en 'n vertoonde illustrasie wat betrekking het op 'n rolprent/video soos in paragraaf (a) omskryf, en
- (c) 'n prent wat bestem is om deur middel van 'n meganiese, elektroniese of enige ander toestel vertoon te word, maar nie ook 'n rolprent/video soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c) wat deur die Staatsdepartement ingevoer of vervaardig word nie."

2.2.3 Moraliteit

Van Rooyen (1987:52) omskryf moraliteit as "the set of deep-rooted rules as to how man should act toward his fellow men and it is based on mutual respect for life, limb, dignity, privacy and property".

By nadere beskouing blyk moraliteit dus 'n stel reëls te wees wat as riglyn dien ten opsigte van die optrede van 'n mens teenoor sy naaste. Die Staat sien homself as outoritêre instansie om hierdie reëls te definieer en die gemeenskap te help met die nastreef daarvan.

2.2.4 Geweld

Volgens Baker en Ball (1969:236) behoort daar duidelik onderskeid getref te word tussen die terme "geweld" en "aggressie". Volgens genoemde skrywers verwys geweld na die manifestasie van 'n gewelddadige gedragsvorm, terwyl aggressie in 'n persoon die vorm van 'n gevoel, dryfkrag of motief kan aanneem. Alle dade van geweld kan dus aggressief genoem word, terwyl alle aggressie nie noodwendig gewelddadig genoem kan word nie.

Belson (1978:3,191) definieer rolprentgeweld as 'n "physical or verbal activity of a kind that produces or is likely to produce hurt

or harm of any kind for the object on the receiving end. This object could be animate or inanimate and the hurt or harm could be physical or psychological".

Madge (1973:118,119) klassifiseer aggressie in sewe subgroepe, naamlik

- Fisiese aggressie
- Direkte verbale aggressie
- Indirekte aggressie
- Aggressie-angs
- Instrumentele en vyandige aggressie
- Selfgerigte aggressie.

Dit is egter ook nodig om "grafiese geweldduitbeelding" te definieer, wat volgens Botha (1983:16) 'n intensiewe vorm van fisieke rolprent-geweld is. Oosthuizen (Botha, 1983:16) se definisie van geweld kan gebruik word om grafiese rolprentgeweld te omskryf, naamlik "openlike fisieke geweld gerig op karakters deur karakters wat die volgende eienskappe het: direkte fisieke aanvalle soos baklei, slaan, stoot en skop en die gooi met voorwerpe met die doel om liggaamlik te beseer, asook manipulerende liggaamlike aanraking wat druk, wurg en teëhou insluit."

Die definisie van geweld sluit dus in alle vorme van geweld met die doel om te beseer (fisies sowel as psigies), terwyl grafiese geweld gerig is op fisieke besering en dus 'n eksplisiete vorm van geweld is.

2.2.5 Seks

Om die term "seks" in 'n definisie saam te vat, blyk 'n uiters komplekse taak te wees. Volgens Eysenck en Nias (1978:13) gebruik skrywers woorde soos pornografie, erotika en perversie, sonder om 'n definitiewe betekenis aan die woorde te heg. Dieselfde woorde word ook deur verskillende skrywers met verskillende betekenisse gebruik.

Daar behoort egter duidelik onderskei te word tussen die terme "pornografie" en "seks" of "erotika". Pornografie beeld seks in eksplisiete besonderhede uit. Hierdie materiaal is nie wettiglik in Suid-Afrika beskikbaar nie en dit is dus 'n wetsoortreding om sulke materiaal te besit (Van Deventer, 1987:15). Hierdie studie handel hoofsaaklik oor video's wat wettiglik in videowinkels beskikbaar is. Van Deventer (1987:15) verwys na wettig bekombare seksuele inhoud as "erotiese realisme".

Ter definiëring van seks of erotika word aangesluit by Van Deventer (1987:14), waar hy erotika definieer as "enige oudiovisuele inspelning op, of voorstelling en uitbeelding van die geslagtelike lewe van die mens". Volgens Van Rooyen (1987:63) is erotika "neither violent nor degrading".

Woorde soos "erotika", "erotiek", "erotiese", "seksueel", "seksualiteit" en "seksuele" word sinoniem met die woord seks gebruik.

2.3 PUBLIKASIEBEHEER

Met betrekking tot publikasiebeheer word aandag geskenk aan watter beheermaatreëls toegepas word om te verhoed dat radikaal ongewenste stof in Suid-Afrika versprei word, watter stof deurgelaat word en watter maatreëls gevolg word om kinders te beskerm.

2.3.1 Sensuur: taak van die Staat en noodsaaklikheid van beheer

Sensuur kan omskryf word as "a policy of restricting the public expression of ideas, opinions, conceptions and impulses which have or are believed to have the capacity to undermine the governing authority or the social and moral order which that authority considers itself bound to protect" (Lasswell, 1930:290). Die beperking van wat mense mag sien of lees, het alreeds in die antieke tydperk bestaan. Daar is byvoorbeeld reeds in die Bybelse tydperk sekere vorme van sensuur toegepas (Abraham, 1968:356). Die toepassing van publikasie- en vermaaklikheidsbeheer was ook nog altyd 'n omstrede onderwerp, wat nie sonder meningsgeskil gepaard

gaan nie. Só is die libertyne van mening dat daar geen beperkings van staatskant moet wees nie, terwyl die filestyle aandring op meer beheer (Van Rooyen, 1978:1). Die meeste Westerse lande het egter die een of ander vorm van beheer - of dit nou beperk is tot direkte beheer of deur middel van strafregtelike beheer (Van Rooyen, 1987:2).

In die Westerse wêreld, asook in Suid-Afrika, word groot klem gelê op die vryheid van spraak en publikasie (Kommissie van Onderzoek insake die Wysigingswetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede, 1974:5). Veral by diegene in die vermaaklikheidswêreld is vryheid van groot waarde. Vryheid moet egter vergesel word van 'n redelike hoeveelheid selfbeheersing en sosiale verantwoordelikheid. Min tekens van hierdie selfbeheersing en verantwoordelikheid is egter in die kommunikasiemedie te bespeur (Christenson, 1974:315). Die owerheid is daarom geroepe om na die geestelike en sedelike welsyn van die gemeenskap om te sien deur die handhawing van 'n ewewig tussen die vryheid van die individu en die belang van die gemeenskap (Kommissie van Onderzoek insake die Wysigingswetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede, 1974:6). Volgens Van Rooyen (1984:2) moet die Staat nie as vervolger namens die sedes, godsdiens of staatsveiligheid beskou word nie, maar wel as arbiter tussen die afbakening van belange en vryheid van spraak, godsdiensvryheid, kuns, tegniek, wetenskap, letterkunde en die belange van die waarskynlike kyker/leser en volwasse kyker/leser. Die Staat se funksie is ook nie evangeliserend, opvoedend, keurend of prysend nie. Sy funksie is alleenlik om daardie belange te beskerm wat redelikerwys onder spesifieke omstandighede aanspraak maak op beskerming soos in die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) omskryf word. Die bevordering van hierdie belange lê in die hande van die kerk, skool en huisgesin om op sedelike en godsdienstige vlak die gemeenskap se weerbaarheid te bevorder.

Dit is daarom die taak van die Staat om orde en stabiliteit te handhaaf en om publieke moraliteit te ondersteun. Volgens Clor (1969:194) voorsien die uitoefening van sensuur hierin deur (1) die voorkoming of vermindering van die mees korrupte invloede en (2) die handhawing van 'n outoritêre standaard vir die leiding van opinies en

oordele.

Die toepassing van beheer is voorts ook noodsaaklik ter wille van die beskerming van kinders. Christelike morele standarde vereis byvoorbeeld dat geslagsgemeenskap in huweliksverband moet plaasvind, en kinders behoort dus nie aan seksuele stimulant blootgestel te word nie (Longford Committee, 1972:147). Die Christelike lewensbeskouing word ook pertinent erken in die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974). Die Kommissie van Onderzoek insake die Wysigingswetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede (1974:6) is van mening dat baie jeugdiges en selfs volwasse persone nie oor die geestelike volwasenheid, rypheid en estetiese vermoë beskik om te onderskei en te waak teen dit wat moontlik hulle sedes en gewoontes kan beïnvloed nie. In aansluiting hiermee meen Botha (1982:163) dat blootstelling aan sekere media 'n betekenisvolle bydrae lewer tot kinders se waarde-oordele en lewens- en wêreldbeskouing. Daarom is dit belangrik dat die inhoud van die media bo alle verdenking moet wees, veral aangesien die jeug in hulle ontvanklike ontwikkelingsjare aan intense sedelike versoekinge blootgestel word.

Uit die voorgaande kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat beheer deur die Staat noodsaaklik is (1) vir die handhawing van stabiliteit en orde en die beskerming van die moraliteit van 'n gemeenskap en (2) ter beskerming van kinders. Voorgenoemde dien as riglyn ten opsigte van die redes waarom beheer noodsaaklik is. Wat verban, gesny of voorwaardelik of onvoorwaardelik toegelaat word, word elders bespreek.

2.3.2 Doel en werking van publikasiebeheer in Suid-Afrika

Die doel van publikasiebeheer in Suid-Afrika is uiteindelik om die onbetaamlike of onwelvoeglike, die aanstootlike en skadelike vir die sedes af te weer, om godsdiensvrede te behou, om skade tussen bevolkingsverhoudinge te voorkom en om die orde en welsyn van die Staat te behou (Van Rooyen, 1987:20; Van Rooyen, 1984:1). Om hierdie doelstelling te bereik, lui artikel 47(2) van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) soos volg:

"(2) By die toepassing van hierdie Wet word 'n publikasie of voorwerp, rolprent, openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid geag ongewens te wees indien dit of 'n deel daarvan -

- (a) onbetaamlik of onwelvoeglik vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;
- (b) godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens vir enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is;
- (c) enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak;
- (d) vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdele van die Republiek skadelik is;
- (e) vir die veiligheid van die Staat, algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is;
- (f) met betrekking tot geregtelike verrigtinge -
 - (i) enigiets openbaar maak wat onbetaamlik of onwelvoeglik is of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;
 - (ii) onbetaamlike of onwelvoeglike mediese, chirurgiese of fisiologiese besonderhede openbaar maak waarvan die openbaarmaking waarskynlik vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik sal wees."

Die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) het op 1 April 1975 in werking getree en herroep die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede (Wet No. 26 van 1963) (Van Rooyen, 1987:14).

Die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) het verder drie selfstandige liggame in die lewe geroep wat publikasiebeheer uitoefen, naamlik die Direktoraat van Publikasies, Publikasiekomitees en die Appèlraad oor Publikasies. Die funksies van die drie liggame kom kortliks op die volgende neer: die Direktoraat van Publikasies beheer die administratiewe gedeelte en besluit nie self oor die ongewenstheid van publikasies, rolprente en video's nie. Hierdie aangeleentheid word na die Publikasiekomitees verwys. Die Publikasiekomitees ondersoek 'n publikasie, rolprent of video sonder dat getuienis aangehoor word en besluit of dit kragtens die Wet ongewens is of nie. Die rolprent, video of publikasie kan óf voorwaardelik (vgl. 2.5) óf onvoorwaardelik goedgekeur of verwerp word en is onderhewig aan appèl na die Appèlraad oor Publikasies. Die Appèlraad oor Publikasies hoor sake aan waar appèl aangeteken word oor sekere besluite van die Publikasiekomitees. 'n Verslag van elke saak word opgestel, waarin die redes vir 'n beslissing uiteengesit word. Indien appèl teen die besluit van die Appèlraad oor Publikasies aangeteken word, word die saak aangehoor deur drie regters van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Van Rooyen, 1987:6; Buro vir Inligting, 1986:758; vgl. ook Van Rooyen, 1987, hoofstuk 2).

Alle rolprente en video's wat bestem is om in die openbaar of privaat vertoon te word, moet vooraf toestemming by die Direktoraat verkry. Geen rolprent of video mag versprei word of in die openbaar of privaat vertoon word sonder 'n sertifikaat van goedkeuring van die Direktoraat nie (Van Rooyen, 1987:6; vgl. ook artikel 19(1) en artikel 22 van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974)).

Die werking van publikasiebeheer spesifiek ten opsigte van rolprente en video's is as volg:

2.3.2.1 Rolprente en video's

Met betrekking tot rolprente en video's is Publikasiekomitees gemagtig tot die volgende (Van Rooyen, 1987:32-35):

(1) 'n Bevinding wat daartoe lei dat 'n rolprent of video nie

ongewens is nie. Die benadering van die Appèlraad oor Publikasies is dat 'n poging aangewend moet word om 'n rolprent of video nie-ongewens te bevind - al moet 'n paar snitte aangebring word.

- (2) 'n Bevinding wat daartoe lei dat 'n rolprent of video ongewens is. As alle alternatiewe op die proef gestel is en nie geslaag het nie, is hierdie bevinding die laaste uitweg, en moet geneem word alleenlik wanneer dit absoluut noodsaaklik is. Indien daar byvoorbeeld gevind word dat snitte 'n totale wysiging van 'n rolprent of video teweeg sal bring, kan aanvaar word dat so 'n rolprent of video as blote tuig vir die uitbeelding van sinnelose geweld of seks is, en moet dit dus in die geheel afgekeur word (p.117).
- (3) Die oplê van 'n ouderdomsbepërking om kinders te beskerm.
- (4) Bepërking van die vertoon van sekere rolprente of video's tot sekere persone, byvoorbeeld slegs mans. (Hierdie bepërking dra vandag egter nie meer veel gewig nie.)
- (5) Die oplê van snitte ooreenkomstig die ouderdomsgroep op wie die rolprent of video gerig is. Indien 'n rolprent of video byvoorbeeld hoofsaaklik gerig is op 'n volwasse gehoor, moet dit gesny word ooreenkomstig volwasse standarde. Gedeeltes van rolprente en video's kan gesny word alleenlik as dit ongewens bevind word ingevolge artikel 47(2) van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) en moet toegepas word indien dit absoluut noodsaaklik is in die lig van alle besondere omstandighede van 'n rolprent of video. Tenele moet dus in geheel gesien word in die lig van ouderdomsbepërkings, meriete en die gehoor.
- (6) Die oplê van plekbepërkings. Hierdie bepaling word gevolg slegs indien 'n rolprent gerig is op beperkte gehore.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die Appèlraad oor Publikasies duidelik onderskeid tref tussen televisie, video's en rol-

prente. Voor die Wysigingswet op Publikasies (Wet No. 60 van 1986), was differensiasie nie moontlik nie, maar met die instelling van televisie in 1976, video's in 1980 en subskripsietelevisie in 1986, het die kyk na materiaal tuis so toegeneem dat differensiasie 'n noodsaaklikheid geword het.

Voor die instelling van differensiasie het die Appèlraad oor Publikasies soms die kyk na materiaal tuis, wat vir gesofistikeerde gehore alleenlik bedoel is, verbied. Hierdie maatreël is gevolg aangesien wye verspreiding deur middel van video's aanleiding daartoe kan gee dat dit deur persone gesien word vir wie dit nie bedoel is nie. Ook is gemeen dat baie van die artistieke meriete verlore gaan op die klein skerm. Aan die ander kant is geargumenteer dat "a man's home is his castle" en dat hy daarom in staat gestel moet word om wel video's van sy eie keuse te kan kyk. Alhoewel die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) die reg om te kan kies in ag neem, is ouers skuldig aan 'n oortreding indien hulle 'n video met 'n 2-18-ouderdomsbepanking aan enigeen van hulle kinders wys wat onder die ouderdom van agtien jaar is.

As gevolg van die groter kykersgetal en alomteenwoordigheid van televisie, word dus strenger sensuurmaatreëls op televisie toegepas as op rolprente en video's. Op video's word strenger sensuurmaatreëls toegepas as op rolprente en sal meer snitte gemaak word in gevalle van seksuele intimiteit, geweld en kru en oneerbiedige taalgebruik. Indien 'n video-uitgewer 'n laer of selfs geen ouderdomsbepanking eis, word meer snitte aangebring. Die rede vir die onderskeid tussen die verskeie media is dus hoofsaaklik toe te skryf aan artistieke en dramatiese meriete wat verlore gaan, asook die wyer gehoor wat televisie en video's bereik (Van Rooyen, 1987:35, 118-119).

Uit voorgaande is dit duidelik dat streng maatreëls toegepas word alvorens 'n video of rolprent vrygestel word. 'n Rolprent of video kan onvoorwaardelik, voorwaardelik of glad nie toegelaat word nie. Alhoewel die wye gehoor wat televisie en video's bereik, 'n rol speel in die proses van sensuur, is ouers steeds verplig om beheer oor

kinders se kykgewoontes uit te oefen.

Dit is voorts van belang om aandag te gee aan die faktore wat 'n rol speel in die beoordelingsproses ten opsigte van wat toegelaat word en wat nie toegelaat word nie. Hierdie faktore behoort meer lig te werp op materiaal wat voorwaardelik vrygestel word, soos bespreek in 2.5.

2.4 FAKTORE IN DIE BEOORDELINGSPROSES

Die norme waarvolgens bepaal moet word of stof ongewens is of nie, is volgens Van Rooyen (1978:59) die grootste probleem van publikasiebeheer. Hierdie probleem word dwarsoor die wêreld ondervind: soms word aangevoer dat dit onmoontlik is om hierdie norme te omskryf, en soms word daarna verwys as "I know it when I see it". Die raamwerk vir totaal ongewenste materiaal ten opsigte van moraliteit word egter in Suid-Afrika gevind in die bewoording van artikel 47(2)(a) van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974), wat bepaal dat materiaal ongewens is as dit "onbetaamlik of onwelvoeglik vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is".

In terme van dit wat toelaatbaar en nie toelaatbaar is nie, behoort aandag geskenk te word aan die vereistes waaraan onbetaamlik, onwelvoeglik, aanstootlik, skadelik, die waarskynlike leser/kyker, geweld, seks en naaktheid en kru taalgebruik moet voldoen. Wat van belang is, is wat wél toelaatbaar is, sodat dit in verband gebring kan word met die redes waarom ouderdomsbeperkings as 'n voorwaarde opgelê word.

2.4.1 Onbetaamlik, onwelvoeglik en aanstootlik, skadelik

Volgens Van Rooyen (1978:67) is "'n publikasie, rolprent of video onbetaamlik of onwelvoeglik indien dit óf die strekking het om wellus uit te lok óf 'n oneerbiedige of sieklike behandeling van seks en naaktheid inhou, óf die strekking het om seksuele prikkeling (in teenstelling met wellus) op te wek in verband met tonele of beskrywings van geweld, wreedheid of brutaliteit." By onbetaamlik val die klem grootliks op "on what is grossly offensive" en by onwelvoeglik

op "that which has the tendency to deprave or corrupt" (Van Rooyen, 1987:53). Alhoewel die welluskriterium nie maklik omskryfbaar is nie, geld kortliks die volgende wat wellus kan uitlok: indien een of meer van die geslagsdele redelik geaksentueer word, die teenwoordigheid van naaktheid, geslagtelike verkeer en gedetailleerde seksbeskrywings (Van Rooyen, 1978:85).

"Aanstootlik vir die openbare sedes" het betrekking op stof wat "walglik, afskuwekkend of pynigend" is. Voorbeelde hiervan is die oormatige en onfunksionele gebruik van ongure taal en geweld (Van Rooyen, 1978:67). Vulgariteit of swak smaak gee egter nie noodwendig aanleiding tot aanstootlikheid nie en hoef ook nie noodwendig 'n bydrae tot moraliteit te lewer nie (Van Rooyen, 1987:54). Dit lei dus daartoe dat geen onderwerp verbode is nie en dat dit grootliks afhang van die wyse en plek van behandeling van die onderwerp (Van Rooyen, 1984:8).

Volgens Wilson et al. (1990:44) bestaan daar in die VSA toenemende kommer aangaande die skadelike effek wat die inhoud van rolprente en video's op kinders kan hê, eerder as die aanstootlikheid van rolprent- of videoinhoud. Aannames wat gebaseer is op aanstootlikheid is dikwels nie in verhouding tot navorsingsbevindinge ten opsigte van die tipe inhoud wat skadelik is vir kinders nie. Min aandag word deur die Motion Picture Association of America (MPAA, wat verantwoordelik is vir die klassifikasie van rolprente en video's in bepaalde ouderdomskategorieë) geskenk aan kontekstuele eienskappe van geweld soos hoe realisties dit uitgebeeld word, die beloning en straf wat gepaardgaan met die geweldsdaad en die graad van regverdiging van die geweldsdaad. Met betrekking tot die uitbeelding van seks in rolprente en video's word min aandag geskenk aan die situasie waarin seksuele kontak plaasvind. Rolprente en video's waar verkragtings- en gewelddadige sekstonele voorkom, word in dieselfde kategorie geklassifiseer as liefderyke sekstonele. Beheerliggame behoort aandag te skenk aan die kognitiewe ontwikkelings stadium van kinders en adolessente en die impak wat die media op kinders en adolessente het.

In Suid-Afrika word "skadelikheid" behandel onder "skadelik vir die openbare sedes" wat betrekking het op die "weergawe van die onsedelike as normaal, natuurlik, bevredigend en reg" (Van Rooyen, 1978:67). Dit moet egter ook so weergegee word dat die moontlikheid bestaan dat 'n aantal normale lesers of kykers oorgehaal sal word om ook immoreel op te tree (Van Rooyen, 1987:55). Van Rooyen (1978:6, 62) wys daarop dat verderwing en ontaarding nie 'n rol speel in die besluitnemingsproses nie, aangesien daar nog nooit regtig afdoende bewys gelewer is dat pornografie, erotika of geweld tot antisosiale of kriminele gedrag lei nie. Die vraag ontstaan of dit nie die taak van sensors bemoeilik nie? Brody (1977:129) is van mening dat in soverre dit in Engeland die British Board of Film Censors (BBFC) aangaan, daar inderdaad weinig bewys bestaan wat sensors kan help in praktiese besluite wat geneem moet word. Dit is egter nie alleenlik toe te skryf aan die feit dat studies nie afdoende bewys kan lewer nie, maar ook omdat navorsers nie geïnteresseerd is in die gespesialiseerde vrae waarmee sensors gemoeid is nie. Die sensors is minder akademies - hulle is hoofsaaklik gemoeid met die beskerming van die vatbaarheid van gehore en om te waak teen enige moontlike, negatiewe effekte - spesifiek op kinders. Voorts verklaar Van Rooyen (1978:6) dat die Staat dus alle reg het om in te meng, al is die benadeling van ander nie bewys nie. Dit is die waardigheid en privaatheid van 'n lid van die samelewing wat beskerm moet word en nadeel hoef dus nie noodwendig met benadeling as gevolg van anti-sosiale of misdadige gedrag geassosieer te word nie. Van Rooyen (1987:3) meen die basis van kontrole moet gesoek word in die beskerming van belange onderliggend aan moraliteit. Die beskerming van kinders, respek vir die privaatheid van die seksuele daad en naakte liggaam, vir die waardigheid van die individu, vir godsdienstvrede en gevoelens, lê aan die basis van kontrole oor die kunste in soverre dit moraliteit raak.

Hoewel "skadelikheid" dus nie ten volle kan geld nie, is artikel 47(2)(a) van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) wyd genoeg om dit onder die term "aanstootlikheid" te behandel (Van Rooyen, 1987:3).

Dit gaan dus in hoofsaak nie daarom of materiaal 'n negatiewe effek op die kyker/leser het nie, maar wel om die beskerming van die waardigheid en privaatheid van die individu. Die moontlikheid moet egter bestaan dat die waarskynlike kyker ook oorgehaal kan word om immoreel op te tree. Die insig wat 'n kyker toon met betrekking tot die interpretasie en verwerking van mediainhoud is ook van belang in die beoordelingsproses, soos blyk uit die volgende afdeling.

2.4.2 Die faktor van die waarskynlike kyker/leser

Alhoewel die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) - in teenstelling met die ou Wet op Publikasies en Vermaaklikhede (Wet No. 26 van 1963) - geen verwysing na die waarskynlike kyker/leser maak nie, speel dit tog 'n belangrike rol in die beoordelingsproses van materiaal.

Volgens Van Rooyen (1987:55) was, met betrekking tot die ou wet, eerstens die toets van die substansiële aantal waarskynlike lesers van 'n boek ter sprake. Dit het bepaal dat die "effek of invloed op die reaksies van die gewone leser wat nie 'n preutse persoon óf 'n vrydenker is nie", van belang is. Volgens Van Rooyen (1987:55) is hierdie toets egter deur Rumpff gekritiseer. Laasgenoemde was van mening dat daar eerder aandag gegee moet word aan die "effek op die gemiddelde moderne leser met 'n gesonde verstand". Hiervolgens word gepoog om die psige van 'n man of vrou wat beskou word as die gemiddelde leser van 'n boek, insluitende die tiener met 'n gesonde verstand, te bepaal. Die toets vir die waarskynlike leser/kyker was uiteindelik dié van die "gemiddelde betaamlike ('decent-minded'), wetsgehoorsame, moderne en verligte burger met Christelike beginsels; nie van die vrydenker of die ultra-moderne persoon nie, ook nie van die preutse of ultra-konserwatiewe persoon nie, maar dié van 'n man met balans, met 'n verdraagsame beskouing ten opsigte van die beskouinge van ander. Hy is nie die hoogs opgevoede persoon nie, ook nie die regspraktisyn, letterkundige, teoloog, professionele persoon of die filosoof nie; ook nie die lae opgevoede, die preutse, die kleingeestige of die ontaarde persoon nie... so 'n persoon sal alle relevante faktore in ag neem..."

Vanaf 1980 word egter daarna gestreef om na verskeie belange om te sien. Algemene of gedeeltelike belange word opgeweeg teen minderheidsbelange, soos dramatiese, artistieke en literêre belange, asook die belange van die waarskynlike kyker/leser. Soms weeg hierdie belange en die gesofistikeerde waarskynlike gehore swaarder as die algemene belange (vgl. 2.5 en 2.5.1.).

Eersgenoemde toets is dus vanselfsprekend ietwat beperk om al hierdie belange te beskerm. Die nuwe toets vir die waarskynlike kyker/leser in soverre dit moraliteit aangaan, is een van die "redelike leser/kyker wat nie hiper-krities of oor-sensitief is nie en wat alle relevante faktore, insluitend die standarde van die waarskynlike leser en die meriete van die werk in ag neem". Soms word die Rumpff-toets van die "gemiddelde moderne leser met 'n gesonde verstand" asook die toets van die substansiële aantal waarskynlike lesers toegepas. Uiteindelik blyk die toets te wees "die redelike moderne leser/kyker met 'n gesonde verstand wat alle relevante faktore in ag neem". Die aanwending van hierdie nuwe toets het daartoe gelei dat die ban op vele boeke en rolprente opgehef is. (Sien 2.5 vir meer volledige bespreking hiervan.)

Oor die algemeen is die riglyne by die beoordeling van 'n rolprent, video of boek die volgende: enige onderwerp mag behandel word; dit hoef nie noodwendig 'n bydrae tot moraliteit te maak nie; vulgariëit of swak smaak is nie genoegsame rede om 'n boek, rolprent of video ongewens te bevind nie; die waarskynlike kyker kan verswarend of verliggend wees; die verdraagsaamheid en insig van die waarskynlike kyker is 'n faktor; werke moet in die geheel beoordeel word; die afwesigheid van meriete is nie verswarend nie, maar as dit moreel riskant is, moet dit meriete hê om nie verban te word nie (Van Rooyen, 1987:55-57,3).

Die ander faktore wat in ag geneem word wat bepaal of sekere stof goed- of afgekeur word, is geweld, seks, naaktheid, kru taal en ander onderwerpe soos dwelmmisbruik en hekserij. Die wyse van behandeling en die konteks waarin dit voorkom, is bepalend vir goed- of afkeuring of die aanbring van snitte (Van Rooyen, 1987:63-86). Die riglyne wat

gevolg word ten opsigte van geweld, seks, naaktheid en kru taal met betrekking tot die oplegging van ouderdomsbeperkings word in 2.5.1 bespreek.

Die klemverskuiwing vanaf "the avarage reader" tot "the reasonable reader" blyk dus belangrike implikasies in te hou vir wat in Suid-Afrika toegelaat word al dan nie. "The reasonable reader" impliseer 'n breër visie op materiaal wat voorheen afgekeur sou gewees het - mits dit meriete het, aangesien "the reasonable reader/viewer" meriete in 'n video of rolprent sal kan begryp. Dit het aanleiding daartoe gegee dat materiaal wat voorheen nie in Suid-Afrika toegelaat is nie, nou wel toegelaat word. Dit beteken egter dat hierdie materiaal goedgekeur word onderworpe aan sekere voorwaardes, sodat kinders nie aan ongewenste materiaal blootgestel word nie.

2.5 VOORWAARDES

Die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) maak ook voorsiening vir die voorwaardelike goedkeuring van 'n rolprent of video. Artikel 21(3) van die Wet op Publikasies (Wet No. 42 van 1974) bepaal soos volg:

"(3) 'n Komitee in subartikel (1) bedoel, kan die betrokke rolprent onvoorwaardelik goed- of afkeur, of kan daardie rolprent goedkeur op voorwaarde dat daardie rolprent -

(a) nie vertoon mag word nie aan -

- (i) kinders in die ouderdomsgroep van twee tot tien jaar; tensy hulle vergesel word deur persone wat agtien jaar oud of ouer is;
- (ii) kinders in die ouderdomsgroep van twee tot agtien jaar;
- (iii) persone in 'n ander ouderdomsgroep deur die komitee bepaal.

- (iv) persone in 'n ander kategorie deur die komitee bepaal;
- (b) slegs met weglating van 'n bepaalde deel of dele vertoon mag word; of
- (c) slegs op bepaalde plekke vertoon mag word, byvoorbeeld spesiale teaters of kunsteters."

Alhoewel daar veranderinge deur die Direktoraat van Publikasies (1993) aan bogenoemde bepalinge aangebring is, is die empiriese ondersoek van dié studie gedoen toe bogenoemde ouderdomsbepelings nog gegeld het. Dit is egter van belang om aandag te gee aan hoé die veranderings lyk:

- (1) Die "2" voor al die ouderdomsbepelings val weg.
- (2) Die 2-21 en 2-19 ouderdomsbepelings verval en is vervang met die simbool R18 (geen persone onder agtien jaar). Hierdie simbool gaan gepaard met 'n waarskuwing ten opsigte van die rede hoekom dit nie gewens is vir persone onder agtien nie. Saam met R18 kan daar een van die volgende of meer verskyn: 'n S ("Sex"), 'n V ("Violence"), 'n L ("Language") of 'n N ("Nudity"), met ander woorde byvoorbeeld R18 SV vir te veel seks en geweld.
- (3) Die voorwaarde van "slegs spesiale teaters" of "slegs kunsteters" verval.

Die "nuwe" ouderdomsbepelings sal dus soos volg daar uitsien: "A" ("all ages"), PG10 ("parental guidance for persons under ten years"), PG13 ("parental guidance for persons under thirteen years"), "10" ("no persons under ten years"), "13" ("no persons under thirteen years"), "16" ("no persons under sixteen years"), "18" ("no persons under eighteen years"), "R18" SVLN ("no persons under eighteen years, a film for adults with explicit sex, violence, crude language and nudity").

Hierdie stelsel het op 1 Oktober 1992 in werking getree. Volgens die Direktoraat van Publikasies (1993:3) sal hierdie stelsel enersyds verseker dat kinders en adolessente genoegsaam beskerm word en andersyds aan volwassenes die geleentheid gee om vrye keuses te maak ten opsigte van waarna hulle wil kyk.

Gepaardgaande met bogenoemde moet alle video-omslae aan die Direktoraat van Publikasies voorgelê word, alvorens dit na video-handelaars versprei word. Hierdeur kan vasgestel word of alle relevante inligting, soos die ouderdomsbepערking en sertifikaat van goedkeuring, wel op die omslag verskyn. Voorheen moes net 'n kopie van die video voorgelê word (Anon, 1992:12).

Deur middel van die voorwaardelike goedkeuring van 'n rolprent of video word voorsien in die belange van verskeie waarskynlike gehore, wat 'n wye reeks belange insluit, soos dramatiese en artistieke meriete en die reaksies van die waarskynlike kyker.

Voor die instelling van hierdie voorwaardes is 'n byna absolute benadering gevolg, wat nie in hierdie belange voorsien het nie. Dit het gelei tot hewige botsings tussen die regering en literêre bewegings - veral na die ongewenstheidsbevinding van Etienne Leroux se "Magersfontein O Magersfontein" (vgl. Brink, 1983:53). Na verskeie ontmoetings met verskeie literêre spesialiste, het die destydse Minister van Binnelandse Sake, meneer Alwyn Schlebusch, in 1978 gewysigde wetgewing (Die Wysigingswet op Publikasies (Wet No. 109 van 1978)) ingestel wat die probleem sou oplos, naamlik die instel van sekere voorwaardes, asook 'n komitee van deskundiges om die Appèlraad oor Publikasies te adviseer oor die literêre en artistieke meriete van 'n werk. Nadat die Wet in 1980 in werking getree het, het dit daartoe aanleiding gegee dat werke wat voorheen verban is, wel plaaslik vrygestel is, onder andere "Lady Chatterley's Lover" van D.H. Lawrence, en "Magersfontein".

Die Appèlraad oor Publikasies het gemeen dat die beperkte gesofistikeerde leserskring van "Magersfontein" die kru en oneerbiedige taalgebruik in die regte perspektief sou sien. In 1982 het ouderdoms-

beperkings op boeke, rolprente en video's 'n vaste instelling geword en in 1983 is plekbeperkings ingestel op rolprente met meriete. In 1987 is die hele kwessie opgelos met die instelling van verskeie voorwaardes op rolprente ten opsigte van tyd, datum en plek (Van Rooyen, 1987:14-16).

Hierdie moontlikhede lei dus daartoe dat die belange van die minderheid en ook dié van die waarskynlike kyker beskerm word, wat deur Brink (1983:44) beskou word as een van die faktore wat daartoe bydra dat sensuur in Suid-Afrika minder rigied toegepas word. Dit is dan ook gedurende 1980, toe hierdie wetgewing momentum verkry het, dat die waarskynlike kyker/leser 'n belangrike faktor in die besluit-nemingsproses begin speel het. Indien 'n rolprent of video byvoorbeeld 'n beperkte aantal kykers sal hê as gevolg van artistieke meriete, is dit onwaarskynlik dat dit verban sal word (Van Rooyen, 1987:10). Die gesofistikeerde waarskynlike kyker/leser word dus nie die reg ontnem om sekere rolprente of video's te sien wat direk op hulle gerig is nie. Hierdie voorwaardes mag egter nie gebruik word om aanstootlike of onwelvoeglike materiaal deur te laat nie. Indien 'n rolprent of video direk op tieners gerig is, mag 'n ouderdomsbepanking van 2-18 nie gebruik word om dit te red van 'n verbod of snitte nie (Van Rooyen, 1984:27).

Alhoewel die wet dus voorsiening maak vir verskeie voorwaardes, waarvan ouderdomsbeperkings een is, is dit vanselfsprekend van belang om dit volledig te bespreek. Dit dien ook as aanvulling van die omskrywing van ongewenste video's, soos omskryf in hoofstuk 1, sodat dit in 'n geheel gesien kan word.

2.5.1 Ouderdomsbeperkings

Alhoewel die instelling van ouderdomsbeperkings in Suid-Afrika wye lof toegeswaai is, aangesien volwasse standarde hierdeur in ag geneem word (Van Rooyen, 1987:15), is dit wêreldwyd een van die warmste geskilpunte in die beheerdebat (Schumach, 1974:257). Sô byvoorbeeld het die ontstaan van die "Video Recordings Act" in Engeland, wat voorsiening maak vir die klassifikasie van video's in

sekere ouderdomsgroepe, en die gepaardgaande verbanning van sekere materiaal wat nie klassifiseerbaar is nie, wye negatiewe reaksie uitgelok (vgl. Barker, 1984:1-38). Alle beskaafde lande in die wêreld, behalwe die V.S.A., het egter die een of ander vorm van verpligte klassifikasiesisteen ten opsigte van publikasies, rolprente en video's (Schumach, 1974:267; Randall, 1970:70).

In Amerika is die Movie Picture Association of America (MPAA) verantwoordelik vir die klassifikasie van rolprente en video's in bepaalde ouderdomskategorieë. Hierdie ouderdomskategorieë is die volgende: "G" ("general audiences, all ages admitted"), "PG" ("parental guidance as some of the material may not be suited for children"), "PG-13" ("parental guidance of children under the age of thirteen"), "R" ("restricted to children under the age of seventeen, unless accompanied by a parent") en "NC-17" ("adult film - no one under seventeen"). Voorheen is die laasgenoemde kategorie met 'n "X" aangedui, maar is vervang met "NC-17" (Anon, 1991:9).

Die algemene benadering in Suid-Afrika ten opsigte van die oplê van ouderdomsbeperkings, is volgens Van Rooyen (1978:141) die volgende:

- (1) Ouderdomsbeperkings moet die uitsondering wees.
- (2) Kinders se insig, kennis en weerstandvermoë moet nie onderskat word nie en daar moet dus nie oorbeskermend teenoor hulle opgetree word nie.
- (3) Begeleiding deur ouers behoort slegs aanbeveel te word indien volwassenes 'n kalmerende invloed op kinders sou hê of die behandeling van die tema in die regte perspektief sou kon plaas.

Van Rooyen (1984:26) beklemtoon die feit dat rolprente en video's volgens volwasse standarde beoordeel moet word, tensy dit direk op kinders gerig is of 'n familierolprent is. Dit is van groot belang om die artistieke en dramatiese meriete in ag te neem, om sodoende die reg van die gesofistikeerde waarskynlike kyker op wie die rolprent of video gerig is, te beskerm. Daar moet dus altyd gewerk word

met die beginsel dat 'n rolprent of video onderhewig aan 'n ouderdomsbeperking van 2-18 goedgekeur kan word. Indien dit na beoordeling en aanbring van snitte volgens volwasse standarde voorkom dat kinders die rolprent of video tog in die regte perspektief sal sien, moet dit met 'n laer of sonder ouderdomsbeperking deurgelaat word.

Dit is dus duidelik dat ouderdomsbeperkings ingestel is om kinders te beskerm. Van Rooyen (1978:61) beklemtoon dat ouderdomsbeperkings alleenlik opgelê word indien betrokke persone nie die nie-ongewenstheid van die stof sal kan insien of verwerk nie en wanneer die behandeling van 'n tema morele skade aan 'n substansiële aantal kinders jonger as die ingestelde beperking kan aanrig. Hoe meer seks, geweld, kru en oneerbiedige taalgebruik, hoe hoër is die ouderdomsbeperking (Van Rooyen, 1987:119).

Alhoewel die wet voorsiening gemaak het vir slegs twee moontlikhede (2-18 en 2-10 vergesel deur persone ouer as agtien jaar), was daar van 'n verskeidenheid van perke gebruik gemaak wat varieer van 2-6 tot 2-21, naamlik ouerlike begeleiding van kinders onder die ouderdom van 6, 8 of 10 en verder 2-6, 2-8, 2-10, 2-12, 2-14, 2-16, 2-18, en 2-21. Die 2-21-ouderdomsbeperking is opgelê op rolprente en video's met buitengewone meriete wat gerig is op 'n beperkte, gesofistikeerde gehoor en wat riskante materiaal bevat. Ook het dié ouderdomsbeperking vir buitengewone gruwelprente gegeld. Dit het ook as waarskuwing gedien aan die sensitiewe volwassene dat 'n rolprent of video stof bevat wat aanstootlik kan wees. Hierdie ouderdomsbeperking kon egter nie gebruik word om onwelvoeglikheid deur te laat nie (Van Rooyen, 1987:33,119). Aangesien 2-21 'n buitengewoon hoë ouderdomsbeperking is, is dié beperking in sommige gevalle verlaag na 2-19. Sensors het gevoel dat 'n groot groep mense wat reeds in staat is om hulle eie lewensbesluite te neem, die reg ontnem word om sommige rolprente en video's te sien (vgl. Strydom, 1987:3).

Jordaan en Du Toit (1985:73) is van mening dat persone ouer as agtien jaar beskou moet word as jong volwassenes in soverre dit die blootstelling aan geweld betref. In Engeland was daar selfs kritiek teen

die agtienjarige perk, aangesien tieners meer gesofistikeerd is en emosioneel en fisies oor meer rypheid beskik as vroeër (Brody, 1977: 140). Laasgenoemde skrywer meen egter dat so 'n besluit daartoe sal lei dat vele ongewenste materiaal dan aan adolessente beskikbaar sal wees in 'n moeilike stadium van emosionele ontwikkeling en in 'n stadium waar hulle vatbaar is vir onkonvensionele lewenstyle. Dit is daarom belangrik om die agtienjarige ouderdomsbepërking te behou.

Dit blyk dus dat ouderdomsbepërkings ter beskerming van kinders opgelê word en dat dit as waarskuwing dien om kinders nie aan materiaal met 'n ouderdomsbepërking bloot te stel nie. Ter verdere illustrering van die werkswyse wat gevolg word in die proses van publikasiebeheer, moet kortliks aandag gegee word aan die maatstawwe vir die oplê van ouderdomsbepërkings, naamklik geweld, seks en naaktheid, kru en oneerbiedige taalgebruik.

2.5.1.1 Geweld

Jordaan en Du Toit (1985:65), twee sielkundiges wat deur die voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies in 1984 aangewys is om navorsing te doen oor publikasiebeheer deur ouderdomsbepërkings en ouerlike toesig, beveel aan dat blootstelling van die ontwikkelende kind aan mediageweld geminimaliseer behoort te word. In soverre dit die adolessent raak, beveel hulle aan dat die adolessent nie aan die volgende blootgestel moet word nie:

- (1) Rolprente waarin geweld uitgebeeld word as geregverdig deur die doel wat daarmee gedien word (vgl. 4.5.1.4);
- (2) Rolprente waarin geweld in die konteks van intieme persoonlike verhoudings voorkom;
- (3) Rolprente waarin fiktiewe geweld as hoogs realisties uitgebeeld word (vgl. 4.5.1.4);
- (4) Rolprente waarin mediageweld van 'n grootskaalse aard is, byvoorbeeld massa-uitwissing;

- (5) Rolprente waarin geïstitutionaliseerde geweld (byvoorbeeld polisie) wreder en venyniger is as die geweldpleging van die oortreders;
- (6) Rolprente was as blote tuig vir geweld dien, wat geen werklike bydrae tot die verhaal maak nie;
- (7) Rolprente waarin seksuele geweld voorkom - veral rolprente wat impliseer dat vrouens dit geniet om verkrag te word (vgl. 4.5.2.2);
- (8) Rolprente met 'n geweldstema waarin spesiale effekte aanleiding kan gee tot intense neurale opwekking en sensoriese oorbelading.

(Die eerste ses van hierdie riglyne is gebaseer op Belson (1978:18) se navorsing met 'n groep adolessente seuns. Alhoewel die Appèlraad oor Publikasies nie hierdie riglyne as beleid kan aanvaar nie, as gevolg van die feit dat die Appèlraad oor Publikasies 'n statutêre liggaam is, is die verslag wel beskikbaar aan appellante ter argumentering van sekere aangeleenthede. Die verslag is egter ook in ooreenstemming met sekere bevindinge van die Appèlraad oor Publikasies ten opsigte van die sinnelose uitbeelding van geweld wat tot ongewenstheid lei (Van Rooyen, 1987:125).

Volgens Van Rooyen (1987:82) mag die uitbeelding van immorele en geregverdigde geweld, wraak en die neem van die reg in eie hande, deel uitmaak van 'n rolprent of video. Die uitbeelding van geweldsgeregverdiging behoort net met groot versigtigheid gehanteer te word. Al vind daar geregverdiging van geweld plaas, moet in gedagte gehou word dat die demonstrasie van geweld en die konsekwensies daarvan aanstootlik kan wees. Nabyskote van die verwoesting van mense of die skending van hulle waardigheid kan ook verswarende omstandighede wees. Daarom is geweldsrolprente en video's soos die "Death Wish"-reeks, met Charles Bronson in die hoofrol, aan ouderdomsbeperkings van 2-18 onderwerp, asook "Missing in Action" waarin Chuck Norris die hoofrol speel. Die benadering van die Appèlraad oor Publikasies is dat die probleem rondom die neem van die

reg in eie hande, soos deur die hoofkarakters in die genoemde rolprente, opgelos word deur die oplegging van ouderdomsbeperkings en gepaste snitte.

Die gruwelprent wat gebruik maak van intense grafiese gewelds-uitbeelding, maar volgens Van Rooyen (1987:83) onrealisties voorkom en dus nie aanstootlik is nie, is wel hoogs spannend, en die aanslag op kinders dus groter. Hierdie intense uitbeelding van geweld kan aanleiding gee tot nagmerries, onaangename herinneringe en vrese (Van Rooyen, 1978:145). (Vgl. ook Mellville-Thomas en Sims, 1985:108-114; Mathai, 1983; Preston, 1941.) Oor die algemeen word gruwelprente dus gewoonlik onderwerp aan ouderdomsbeperkings van 2-18 of selfs 2-21, aangesien redelike volwassenheid nodig is om daarna te kyk (Van Rooyen, 1987:127). Só byvoorbeeld is die rolprent en video "The Omen", wat handel oor die antichris, of die voorloper van die antichris, saam met die bonatuurlike, 'n hoë ouderdomsbepanking van 2-21 opgelê. Die Appèlraad oor Publikasies was van mening dat dié rolprent by die meerderheid persone onder 21 jaar vrees sou veroorsaak. Die boodskap dat daar probleme gaan wees indien 'n mens hom nie bekeer nie, sou ook nie deur persone onder 21 jaar ingesien kon word nie (Van Rooyen, 1978:145).

Dit blyk ook dat rolprente en video's met die bonatuurlike as tema, asook spanningsrillers, hoë ouderdomsbeperkings opgelê word, byvoorbeeld "Dressed to Kill" (spanningsriller, 2-21), waar 'n vrou deur 'n skisofreniese maniak deur middel van 'n lemmetjie om die lewe gebring word. Misdaadrillers waar die held die reg in eie hande neem, word gewoonlik 'n ouderdomsbepanking van 2-14, 2-16 en 2-18 opgelê - afhangende van die intensiteit van die geweld. Waar gedetailleerde uitbeeldings van geweld ontbreek, word geen ouderdomsbepanking opgelê nie (Van Rooyen, 1987:127).

2.5.1.2 Seks en naaktheid

Jordaan en Du Toit (1989:21-32) beveel aan dat die volgende aannames in ag geneem behoort te word met betrekking tot publikasiebeheer en erotiese uitbeeldings in die oudiovisuele media:

- (1) Die seksuele revolusie ('n swaai na groter permissiwiteit ná die Eerste Wêreldoorlog) van die afgelope veertig jaar het gepaard gegaan met kommerwekkende verskynsels, soos 'n toename in seks en die styging in die voorkoms van geslagssiektes soos gonorree, sifilis, herpes en verworwe immuniteits-gebreksindroom (VIGS).
- (2) Die wêreldwye oproep om meer beheer en beter voorligting om kinders voor te berei vir 'n meer verantwoordelike seksuele lewe, is geregverdig in die lig van die negatiewe effekte van die seksuele revolusie.
- (3) 'n Oudiovisuele medium verskaf belangrike leerinsette (soos bespreek in hoofstuk 4).
- (4) Kinders se houdings, waardes, verwagtings en interpersoonlike gedrag ten opsigte van seks kan gevorm en verander word deur blootstelling aan die oudiovisuele media.
- (5) Die uitbeelding van erotiek *per se* is nie problematies nie, maar wel die boodskap (implisiet en eksplisiet) wat gedra word deur die inhoud (atmosfeer, konteks, beelde, verhaallyn, karakterisering, hoof- en subtemas) van die televisieprogram, video of rolprent. Dit is juis die boodskap wat geëvalueer moet word vir moontlike negatiewe invloede op die kind se ontwikkeling van 'n verantwoordelike seksuele bewussyn.

Die aantal seksuele aktiwiteit wat toegelaat word, hang af van faktore soos meriete, waarskynlike kykers en plek- en ouderdomsbeperkings. Deur die oplegging van ouderdomsbeperkings is al baie toegelaat. Kontroversiële seksonderwerpe kom in menige rolprent en video voor, soos byvoorbeeld prostitusie, impotensie, transves-

tisisme, voorhuwelike seks, homoseksualiteit, lesbiese liefde, verkragting en seksuele perversie. Daarom is ouderdomsbeperkings ingestel om rolprente en video's te beperk tot meer volwasse gehore. S6 byvoorbeeld het "About Last Night" (voorhuwelike seks), en "Nine-and-a-half Weeks" (seksuele perversie) 'n ouderdomsbeperkings van 2-18 en "The Berlin Affair" (lesbiese liefde) 'n ouderdomsbeperkings van 2-21 (Van Rooyen, 1987:73,76).

Wat vandag in Suid-Afrika toegelaat word, kan gesien word in rolprente en video's soos "Nine-and-a-half Weeks", "In Praise of Older Women", "To Live and Die in L.A." en "Plenty" (Van Rooyen, 1987:76). Ander rolprente en video's wat hi6r as voorbeeld kan dien, is "Basic Instinct", "The Lover", "Betty Blue" en "Bitter Moon", wat bekend staan vir die riskante sekstonele en naaktheid wat daarin voorkom. Suid-Afrika was ook een van die min lande waar "Basic Instinct", "The Lover" en "Betty Blue" feitlik sonder enige snitte vertoon is (vgl. Breytenbach, 1992). (Die vergelyking tussen eersgenoemde groep rolprente ("Nine-and-a-half-weeks") en laasgenoemde groep ("Basic Instinct") dui daarop dat daar vandag inderdaad meer toegelaat word as voorheen.)

Alhoewel die moderne kind vandag meer ingelig is en materiaal beter kan ontleed as 'n dekade of twee gelede (Van Rooyen, 1987:120), is daar tog gevalle waar kinders sekere aspekte nie in die regte perspektief sal kan plaas nie. S6 byvoorbeeld word 'n rolprent of video geen ouderdomsbeperkings opgel6 indien die mening gehuldig word dat 'n kind byvoorbeeld 'n buite-egtelike verhouding in die regte perspektief sal plaas en sal besef dat so 'n verhouding nie normaal en natuurlik uitgebeeld word nie. Die probleem is egter dat hierdie leidrade dikwels nie duidelik na vore kom nie en kinders dit dus nie in die regte perspektief sal kan plaas nie. S6 byvoorbeeld kom homoseksualiteit in die rolprent "Entertaining Mr. Sloane" voor en die satire in die rolprent is nie duidelik sigbaar vir persone onder die ouderdom van agtien nie. Daarom is 'n ouderdomsbeperkings van 2-18 opgel6 (Van Rooyen, 1978:142). So ook is ouderdomsbeperkings van 2-16 en 2-18 op Amerikaanse kollegefilms soos "St. Elmo's Fire", "About Last Night", "The Breakfast Club", "Porky's" en "Nerd's

Vacation", wat voorhuwelikse seks as alledaagse verskynsel uitbeeld, opgelê. Die algemene gevoel was dat die ouderdomsbeperkings van sestien en agtien die gehoor sal beperk tot volwassenes en tieners wie se standpunte oor moraliteit alreeds gevorm is en dat hulle nie op hierdie aspekte sal konsentreer nie, maar eerder die vrolikhede van die studente sal geniet en met hulle probleme sal identifiseer (Van Rooyen, 1987:55).

Rolprente en video's met hoë meriete en wat riskante seksuele tonele bevat, word gewoonlik onderwerp aan 'n ouderdomsbepanking van 2-21. Sodoende word aangedui dat so 'n rolprent of video gerig is op beperkte, gesofistikeerde kykers. Die verskil tussen die 2-18- en 2-21-ouderdomsbepanking lê dan ook in die graad van intimiteit en pubiese naaktheid wat gewoonlik nie in rolprente en video's met 'n 2-18-ouderdomsbepanking toegelaat word nie. Naaktheid van die vroulike borste word wel in rolprente en video's met 'n ouderdomsbepanking van 2-18 toegelaat. Kort flitse van die naakte vroulike borste en die toevallige behandeling van voorhuwelikse seks as alledaagse verskynsel, word in rolprente en video's van 2-16 toegelaat. Oor die algemeen word vandag meer detail toegelaat in rolprente en video's met 'n ouderdomsbepanking van 2-14 en 2-16 (Van Rooyen, 1987:120-123).

2.5.1.3 Kru en oneerbiedige taal

Volgens Van Rooyen (1987:123) beïnvloed die gebruiksfrekwensie van woorde soos "fuck" die ouderdomsbepanking. Behalwe in uitsonderlike gevalle word die woord nie toegelaat in rolprente en video's met 'n ouderdomsbepanking laer as 2-14 nie. Dit kom egter soms voor in rolprente en video's met 'n perk laer as 2-14 en selfs in rolprente en video's met geen perk nie, maar dan is dit egter skaars hoorbaar.

Die aantal woorde wat toegelaat word, vermeerder in 'n rolprent of video met 'n ouderdomsbepanking van 2-16, en word in baie min gevalle gesny in rolprente en video's met 'n ouderdomsbepanking van 2-18. 'n Strenger benadering word gevolg indien 'n woord op 'n neerhalende wyse gebruik word, soos "motherfucker", of waar dit gekombineer word

met die ydelike gebruik van die Here se Naam. In rolprente en video's met hoë meriete word minder snitte aangebring. Dieselfde tipe woorde, soos "cunt", "pussy", "cock", "prick" en "clit", vereis hoë ouderdomsbepenkings indien nie gesny nie. Woorde soos "shit", "arse", "poepol", "bliksem", "stront" en "gat" vereis geen ouderdomsbepanking nie, tensy dit blatant gebruik word.

Aangaande die ydelike gebruik van die Here se Naam, maak artikel 47(2)(b) nie voorsiening vir aangeleenthede wat skadelik is vir godsdienstige oortuigings om as ongewens bevind te word nie. Ouderdomsbepenkings mag dus in dié verband nie op grond van skadelikheid gebaseer word nie. Die vraag is of die gemiddelde Christen die ydelike gebruik van die Here se Naam as aanstootlik sal ag indien dit gebruik word in rolprente en video's wat toeganklik is vir kinders, alhoewel ook kinders dit aanstootlik kan vind. Oor die algemeen gee die gebruik van uitdrukkings soos "Oh my God" en "For God's sake" nie aanleiding tot die oplê van ouderdomsbepenkings nie.

Strenger maatreëls word gevolg met uitdrukkings soos "Jesus", "Jesus Christ" en "For Christ's sake". Baie van hierdie uitdrukkings is al gesny, maar daar is ook gevalle waar dit voorkom in rolprente en video's sonder 'n ouderdomsbepanking, byvoorbeeld "Back to the Future" en "Spies Like Us". In soverre dit die verskil tussen hoë en lae ouderdomsbepenkings aangaan, word aanvaar dat die onaanstootlike natuur van 'n uitdrukking verlore gaan by die jong kyker (Van Rooyen, 1987:123-124).

Uit die voorafgaande kan tot die slotsom gekom word dat video's met ouderdomsbepenkings nie geskik is vir kinders om te sien nie. Enersyds is die voordeel van ouderdomsbepenkings dat dit die volwassene 'n redelike mate van vryheid gee ten opsigte van dit waarna hy wil kyk. Andersyds gee ouderdomsbepenkings aanleiding tot die noodsaaklikheid van groter beheer oor kinders se kykpatrone, aangesien video's met ouderdomsbepenkings riskante materiaal bevat wat waarskynlik nie deur kinders in bepaalde ouderdomsgroepe in die regte perspektief geplaas sal word nie.

2.6 DIE TOEKOMS

Alhoewel opinies met betrekking tot die toekoms van die elektroniese media en publikasiebeheer in Suid-Afrika bloot spekulatief is, word verwag dat heelwat veranderinge sal plaasvind indien 'n ANC-regering die huidige regering vervang. Hieronder kan voorbeelde genoem word van 'n vrye en onafhanklike mediaïndustrie en 'n handves van mense-regte waar die uitbeelding van spraak en uitbeelding beskerm sal word (vgl. Woods, 1992; Anderson, 1992:32; Kruger, 1994:2). Met betrekking tot die uitsaaiwese is konsepwetgewing reeds goedgekeur vir 'n onafhanklike uitsaaibestuur. Hierdie konsepwetgewing maak ook voorsiening vir 'n gedragskode met riglyne van wat wenslik en onwenslik is vir televisie en radio (Greyling en Prinsloo, 1993:2). Wat die beheer oor publikasies, rolprente en video's betref, bestaan daar nog geen sekerheid nie. Nel (1993:2) het prof. Kobus van Rooyen, voormalige voorsitter van die Appèlraad oor Publikasies, op die "Limits of Liberty"-konferensie (deur die Weekly Mail/Guardian en Anti-Censorship Action Group) aangehaal waar hy sê dat hy na sy mening graag sou wou sien dat sensors in 'n nuwe Suid-Afrika hulle sal besig hou met net rolprent- en videoklassifikasie en ouderdomsbeperkings om kinders te beskerm. In 'n onderhoud deur Dugmore (1993:42) met dr. Braam Coetzee, die Direkteur van Publikasies, voorsien dr. Coetzee 'n stelsel in Suid-Afrika wat met dié van Australië ooreenstem. Volgens dié stelsel word rolprente en video's net in gewenste en ongewenste materiaal geklassifiseer, sodat die gemeenskap nie beperk word ten opsigte van wat hulle wil sien nie. Onder dié stelsel in Australië word ook harde pornografie toegelaat.

Wat die toedrag van sake ook al gaan wees, behoort die proses van klassifikasie met groot omsigtigheid geskied, ooreenkomstig die ontwikkelingsvlak van die kind, waarna in hierdie hoofstuk verwys is. Laasgenoemde aspek word breedvoering in hoofstuk 4 bespreek.

2.7 GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande blyk dat beheer oor publikasies noodsaaklik is, enersyds vir die handhawing van stabiliteit en orde in die gemeenskap en andersyds ter beskerming van kinders.

Die voorkoms van geweld, seks en naaktheid, kru en oneerbiedige taalgebruik word beoordeel deur die wyse van behandeling en die konteks waarin dit voorkom. Funksionaliteit speel 'n groot rol in die beoordelingsproses van 'n rolprent en video. Hieruit is dit duidelik dat daar vandag heelwat meer toegelaat word as tevore.

Alhoewel die wet dus daarvoor voorsiening maak dat geen materiaal deurgelaat word wat daarop uit is om as tuig te dien vir geweld of seks nie, bestaan daar tog sekere voorwaardes waarop sekere riskante materiaal wel deurgelaat kan word. Hierdie voorwaardes sluit ouderdomsbeperkings in, met die doel om beskerming te verleen aan minderheidsbelange, om sekere meriete te bewaar en om as riglyn te dien by die keuse van 'n video sodat kinders nie aan sodanige video blootgestel word nie.

Dit is duidelik dat ouderdomsbeperkings opgelê word na aanleiding van te veel geweld, seks, naaktheid en kru taal. Hoe meer dikwels hierdie faktore voorkom, hoe hoër is die ouderdomsbepkering. Die insig van die kind speel hier 'n rol, aangesien die mening gehuldig word dat kinders sekere tonele nie in die regte perspektief sal sien nie.

2.8 SAMEVATTING

Samevattend kan gesê word dat die uiteindelijke doel van ouderdomsbeperkings is om mense te waarsku dat 'n rolprent of video riskante tonele bevat en dat kinders in 'n bepaalde ouderdomsgroep nie daaraan blootgestel moet word nie. Sodoende word die reg van die gesofistikeerde waarskynlike kyker in ag geneem, en hierdie toegif mag dus nie misbruik word nie.

Die vraag ontstaan of 'n groot aantal kinders tog na ongewenste video's kyk en watter faktore 'n rol speel in die kyk na ongewenste video's. In hoofstuk 3 word hierdie aspek ondersoek, met spesifieke verwysing na die adolessent, aangesien dit, soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, blyk dat die adolessent meer geneig is om na video's en ongewenste video's te kyk as jonger kinders.

HOOFSTUK 3: DIE ADOLESSENT EN VIDEOGEBRUIK

3.1 INLEIDEND

In die voorafgaande hoofstukke is aangetoon dat die koms van die videokasset-opnemer video's wat nie vir kinders bedoel is nie beskikbaar maak, en dat video's ouderdomsbeperkings opgelê word om as waarskuwing te dien dat kinders nie aan sulke video's blootgestel moet word nie. Uit navorsing, wat vervolgens bespreek word, blyk dat veral ouer kinders (die adolessent) meer geneig is om na video's te kyk wat nie geskik is vir dié ouderdomsgroep nie. Vrae wat in dié verband ontstaan, is hoekom die adolessent daarvan sou hou om na ongewenste video's te kyk, wat die mediabehoefte van die adolessent is, of 'n groot aantal kinders wel na ongewenste video's kyk, en watter faktore 'n rol speel in die kykproses.

Die doel van hierdie hoofstuk is daarin geleë om adolessente se algemene videogebruik en hulle blootstelling aan ongewenste video's aan te toon deur middel van bestaande navorsing wat op dié terrein gedoen is. Die behoeftes van die adolessent ten opsigte van media-gebruik en die faktore wat 'n rol kan speel in die kyk na video's en ongewenste video's is van wesentlike belang. Daar word ook aandag geskenk aan die plek van blootstelling en ouerlike beheer.

Die eerste oogmerk sentreer rondom die algemene mediagebruik van adolessente. In hierdie afdeling word gefokus op die behoeftes van die adolessent en die daaruit voortspruitende faktore wat moontlik 'n rol speel in die gebruik van die media en video's.

Die tweede oogmerk het te make met die algemene videogebruik van adolessente. Hier word aandag geskenk aan die algemene gebruiksfrekwensie van video's en die veranderlikes wat 'n rol speel ten opsigte van die kyk na video's.

Die derde oogmerk hou verband met die kyk van adolessente na ongewenste video's. Hier word gefokus op die algemene gebruiksfrekwensie

van adolessente ten opsigte van ongewenste video's en die veranderlikes wat 'n rol speel ten opsigte van die kyk na ongewenste video's. Ook word aandag geskenk aan die plek waar na ongewenste video's gekyk word.

Die vierde oogmerk het ten doel om die beheer van ouers oor hulle kinders se kykgewoontes betreffende video's aan te dui. Onderskeid word getref tussen faktore wat ouerbeheer kan beïnvloed.

3.2 TERSAAKLIKE BEGRIPSOMSKRYWINGS

3.2.1 Die wese van adolessensie

Louw et al. (1985:339) omskryf adolessensie as "die ontwikkelings stadium tussen die kinderjare en volwassenheid". Die term is afkomstig van die Latynse werkwoord "adolescere" wat om "op te groei" of "te groei tot volwassenheid" beteken.

Alhoewel die aanvangsouderdom van adolessensie 'n arbitrêre aangeleentheid is, is dit rofweg tussen elf en dertien jaar, terwyl die einde van adolessensie tussen sewentien en een-en-twintig jaar is. Anders as ouderdom, kan die begin en einde van adolessensie deur die volgende veranderinge gekenmerk word:

Fisies begin adolessensie wanneer die sekondêre en primêre geslagskenmerke verskyn. Met betrekking tot die sekondêre geslagskenmerke begin die kind se liggaam fisiologies verander en ooreenkomste toon met die volwasse liggaam. Vir meisies beteken dit die ontwikkeling van borste, gewigs- en lengtetoename, verbreding van die heupe, ontwikkeling van hare op die geslagsdele asook die ontwikkeling van die geslagsdele self. Vir seuns beteken dit die versnelling in groei-tempo van die geslagsorgaan en die liggaam. Die seun se stem begin breek, hy kry baard en ontwikkel hare op die skaamdele.

Die primêre geslagseienskappe hou verband met die ontwikkeling van geslagsrypheid. Laasgenoemde impliseer hormoonafskeidings, ontwikkeling van die menstruasiesiklus by meisies en spermproduksie by

seuns.

Beide die primêre en sekondêre geslagskenmerke het 'n belangrike invloed op die selfbeeld van die adolessent. Afgesien van die fisiologiese veranderinge wat plaasvind, voel hy steeds kind - veral aan die begin. Daarom spandeer hy soms lang tye voor 'n spieël om gewoon te raak aan sy nuwe voorkoms (Van der Westhújzen en Schoeman, 1982:215).

Sosiaal gesproke eindig adolessensie wanneer die persoon onafhanklik en selfonderhoudend is en ook volwasse rolle begin vervul, soos byvoorbeeld in die huwelik tree.

Wetlik eindig adolessensie op verskillende ouderdomme, naamlik wanneer die persoon stemreg verkry (agtien jaar), hy militêre diens begin doen (vanaf sestien jaar), wanneer die noodsaaklikheid van ouerlike toestemming verval (een-en-twintig jaar) of wanneer die individu vir wetlike kontrakte verantwoordelik gehou kan word (een-en-twintig jaar).

Psigies gesien, eindig adolessensie wanneer die persoon redelike identiteitsekerheid het, emosioneel onafhanklik van sy ouers is, 'n eie waardestelsel ontwikkel het en in staat is om 'n volwasse liefdes- of vriendskapsverhouding aan te knoop (Louw et al., 1985:339). Gedurende hierdie fase speel die ontwikkeling van seksualiteit 'n baie belangrike rol. Laasgenoemde gaan gepaard met seksuele rypwording, die strewe na heteroseksuele kontak en die ontwikkeling van 'n fisieke drang tot seksuele uitlewing (Van der Westhújzen en Schoeman, 1982:218).

Op die uiterste twee grense is adolessensie ouderdomsgewys dus tussen elf en een-en-twintig jaar, waartydens die adolessent verskeie fisiese, sosiale en psigiese veranderinge ondergaan.

3.3 ADOLESSENTE EN MEDIAGEBRUIK

Gedurende die tagtigerjare het tegnologiese ontwikkeling dit moontlik gemaak dat daar huidiglik 'n wye verskeidenheid van media bestaan om van te kies - afgesien van gewone televisie-uitsendings. Hierdie ontwikkeling het daartoe bygedra dat daar na die huidige generasie as die "videogeneration" verwys word. Betaalkanale, kabeltelevisie, rekenaars, videospelletjies en videokasset-opnemers dra by tot 'n vergrote mediakeuse (Lin en Atkin, 1989:53).

Alhoewel dit blyk dat die videokasset-opnemer nie noodwendig daartoe aanleiding gee dat kinders meer tyd voor die televisie bestee nie, dra die gebruik daarvan wel by tot 'n vergrote keuse waarna kinders kan kyk, naamlik die opneem van televisieprogramme om later te kyk, video's en die opbou van 'n videoteek ('n Videoteek is die samestelling van opnames van televisieprogramme en/of gekoopte, vooraf-opgeneemde kassette wat in die huis bewaar word.) (Greenberg en Lin, 1989:88; Wartella et al., 1990:59; Brown et al., 1990:66). Met die koms van die videokasset-opnemer het televisie dus 'n nuwe vermaaklikheidsdimensie verkry (Pitout et al., 1985:45). Waar televisie gehelp het om vrye tyd te vul, plaas die videokasset-opnemer die gebruiker in volle beheer van die kwaliteit en kwantiteit van vryetydsbesteding (Massey en Baran, 1990:104).

Die gebruik van die videokasset-opnemer is 'n baie gewilde tydverdryf. Navorsing dui dan ook daarop dat veral die kyk na video's baie prominent voorkom by adolessente (Levy en Gunter, 1988:20; Smithers, 1993; Pitout et al., 1985:49; De Waal, 1985:20).

Die vraag ontstaan of daar enige faktore is wat 'n rol speel in die gebruik van sekere media? Hoekom sou die adolessent daarvan hou om na video's te kyk?

Volgens die gebruike- en bevredigingsbenadering speel die ontvanger van die media 'n baie belangrike rol in die kommunikasieproses en die gebruiker kies die media na aanleiding van sy behoeftes (Katz et al., 1973:165). Die massamedia en die gebruiker funksioneer nie in

'n sosiale en kulturele vakuum nie (Roe, 1983:26), en die media en die gebruiker is dus gedurig in interaksie met mekaar en met ander sisteme van die samelewing (Botha, 1983:29). Mediagebruik deur die individu kan dus beskou word as gedrag wat sekere behoeftes bevredig (of nie bevredig nie) deur interaksie van die individu se psigologiese vatbaarheid en ervarings van sy sosiale situasie (McQuail en Gurevitch, 1974:288). Om mediagebruik dus te verstaan, moet daar gekyk word na die eienskappe van die persoon en die gemeenskap (Rosengren, 1974:272).

Volgens Rubin en Bantz (1989:182) berus die gebruike- en bevredigingsbenadering op sekere basiese veronderstellings: Eerstens is mense gemotiveerd en doelgerig in hulle kommunikasiegedrag. Tweedens neem mense die inisiatief om sekere kommunikasiemedie te selekteer en te gebruik ooreenkomstig sekere behoeftes. Derdens word mense beïnvloed deur sosiale en psigologiese behoeftes wanneer 'n kommunikasiemedium gekies word. Vierdens kompeteer die media met ander vorme van kommunikasie vir aandag, seleksie en gebruik. Vyfdens is mense in staat daartoe om hulle redes te gee vir die gebruik van sekere media.

Die gebruike- en bevredigingsbenadering is daarom 'n toepaslike teorie om navorsing aangaande die videokasset-opnemer te doen, aangesien die videokasset-opnemer hom leen tot die gebruiker se aktiewe mediaseleksie en groter kontrole as ander tradisionele media. Deur die verklaring van die motiewe aangaande die gebruik van media, kan die effek wat die media op die gebruiker het, ook beter verstaan word (Rubin en Rubin, 1989:92).

Met betrekking tot die adolessent is die volgende faktore geïdentifiseer wat 'n rol kan speel in die gebruik van video's ter bevrediging van sekere behoeftes:

3.3.1 Sosiale verandering

Erikson (1968:128) is van mening dat adolessensie een van die agt kritieke tydperke van verandering in menslike ontwikkeling is waarin gestrewe en gesoek word na 'n eie identiteit. Gedurende adolessensie vind die grootste mate van identiteitsontwikkeling plaas as gevolg van fisiese, morele, kognitiewe, emosionele en sosiale veranderinge. Kognitief vorder die adolessent na die formeel-operasionele denkstadium, een van die vier denkvlakke wat Piaget (1947:123) onderskei. Hierdeur ontwikkel hy vermoëns soos om abstrak te kan dink, te dink oor verwantskappe tussen abstrakte begrippe soos liefde en haat en om bestaande politieke, sosiale en godsdienstige stelsels te ondersoek (Louw et al., 1985:360). Emosionele veranderinge gaan, tesame met fisiese veranderinge, gepaard met die uitnuansering van sy gevoelslewe, wat wisselende, ontstuimige, uiteenlopende en teenstellende emosies en gemoedskommeling teweegbring (Boshoff, 1976:48). Moreel vorder die adolessent na die konvensionele vlak, waarvolgens die individu konformeer met persoonlike verwagtinge en die verwagtinge van sosiale orde en outoriteit (Kohlberg, 1976:33).

Hierdie veranderinge en soeke na 'n eie identiteit hou belangrike implikasies in vir die sosiale ontwikkeling van die adolessent, wat volgens Johnstone (1974:37) seker die mees relevante sosiologiese aspek van adolessensie is. Adolessensie is 'n periode in die ontwikkeling van die kind wat gekenmerk word deur verandering in sosiale bande. Hierdie veranderinge behels enersyds die wegbeweeg van die familie en andersyds toenemende interaksie met die portuurgroep en lede van die teenoorgestelde geslag (Johnstone, 1974:37). Die verandering en ondersteuning van die portuurgroep is belangrike faktore gedurende die adolessente jare, aangesien dit die adolessent in staat stel om nuwe waardes uit te toets en sy eie identiteit te ontwikkel (Dacey, 1979:163).

Hierdie toenemende behoefte en uiteindelijke verandering het egter ook 'n invloed op die mediagebruik van die adolessent (Johnstone, 1974:37). So neem televisiekyk af gedurende adolessensie (Brown et al., 1974:110; vgl. ook Lyle en Hoffman, 1972:131; McLeod et al., 1972a:

184; Chaffee en McLeod, 1972:158; Heyneke, 1986:10; Pitout et al., 1985:47; Brown et al., 1990:65), terwyl die gebruik van onder meer plate en tydskrifte toeneem (Brown et al., 1974:110; Brown et al., 1990:65). Hierdie verandering is duidelik toe te skryf aan die sosiale verandering van die adolessent: aangesien televisie hoofsaaklik 'n gesinsmedium is en dus teenstrydig is met die adolessent se sosiale behoeftes, neem televisiekyk af (Johnstone, 1974:39). Groepsdruk, interne veranderinge en 'n nuuskierigheid aangaande wyer aspekte van sy omgewing, moedig die adolessent aan om ander media te gebruik om sy behoeftes te bevredig. Ook speel toenemende gemoedskommeling, wat deur die vele veranderinge veroorsaak word, 'n rol. As gevolg van hierdie gemoedskommeling ontstaan 'n behoefte aan beheer en keuse oor die seleksie van media-inhoud. Deurdat hy die media kan beheer, is hy in staat om die media by sy gemoed aan te pas en dien dit dus as 'n gemoedskontrole. Aangesien televisie hoofsaaklik in die hande van die uitsaaiwese is, voldoen dit nie langer aan sy behoeftes nie en begin ander media 'n belangriker rol te vervul (Brown, et al., 1974:109). Video's kan dus goed in hierdie behoefte voorsien, aangesien video's die element van keuse in die kind se kykpatroon inbring.

Die uitwerking van die portuurgroep op mediagebruik word goed geïllustreer deur Johnstone (1974) se navorsing:

Johnstone (1974:46) het bevind dat adolessente wat nie deel was van 'n portuurgroep nie, meer televisie gekyk het. Ander mediagebruikspatrone, soos besoek aan die rolprentteater, is meerendeels geopenbaar deur adolessente wat wel in 'n portuurgroep geïntegreer was.

Roe (1983:137; 1987) se navorsing, wat vanuit strukturele-kulturele standpunt gedoen is, dui op 'n verband tussen skoolprestasie en die kyk na video's asook tussen ouer- en portuurgroep-oriëntasie en die kyk na video's. Laasgenoemde word beskou as 'n produk van die sosiale verandering van die adolessent, waar hy toenemend betrokke raak by die portuurgroep. Die kyk na video's bied dan ook 'n ideale geleentheid om in sosiale verband te geskied.

3.3.1.1 Ouer- en portuurgroep-oriëntasie

In die vroeë adolessente jare begin die portuurgroep - en veral maats van dieselfde geslag - 'n baie belangrike rol speel. Aanvaarding in 'n portuurgroep is vir die adolessent van uiterste belang. Oor die algemeen dien hierdie betrokkenheid by 'n portuurgroep as betekenisvolle, subjektiewe omgewing, wat sy wêreld van oriëntasie word. Daarom beïnvloed adolessente verhoudings binne die portuurgroep belangrike aspekte van die adolessent se lewe, byvoorbeeld die skep van waardes wat teenstrydig of ooreenkomstig dié van 'n wyer gemeenskap is (Roe, 1983:62).

Saam met toenemende interaksie met die portuurgroep neem ook oriëntasie tot die portuurgroep toe, terwyl oriëntasie tot die ouerhuis verminder. Ongeveer op vyftienjarige ouderdom verkies die minderheid adolessente om met hulle ouers geassosieer te word (Bowerman en Kinch, 1959:207). Die adolessent se soeke na identiteit, kognitiewe ontwikkeling, fisiese veranderinge en sy behoefte om in die portuurgroep aanvaar te word, dra by tot toenemende konflik in die ouerhuis. Die adolessent verlang vryheid van ouerlike beperkings, keuse van vriende, vryetydsbesteding, ensomeer. Hy wil dus ouerlike invloed ontsnap en in 'n mindere mate met hulle geassosieer word (Avery, 1979:55). Daar moet egter ook daarop gelet word dat portuurgroep-oriëntasie 'n produk van 'n ongelukkige gesinslewe kan wees (Roe, 1983:62).

Uit die voorafgaande kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die sosiale verandering van die adolessent 'n belangrike invloed op die mediagebruik en die kyk na video's kan uitoefen. Deur die stelselmatige wegbeweeg van die ouerhuis en groter interaksie met en integrasie in die portuurgroep, soek die adolessent na media wat hom groter beheer bied. Dit blyk asof die kyk van video's goed in hierdie behoefte kan voorsien. Daar kan dus verwag word dat die kyk na video's en die algemene tendense rondom die kyk na video's - en ongewenste video's - soos die kies van video's en saam met wie gekyk word, meerendeels in groepsverband sal plaasvind.

3.3.2 Biografiese faktore

Biografiese faktore speel ook 'n rol in die keuse van media en inhoud.

Ouderdomsgewys het Lyle en Hoffman (1972:147) bevind dat kinders wat ongeveer in middel-adolessensie is, meer "volwasse" vermaak verkies. Catton (1969:293) is van mening dat die adolessent op soek is na kontak met die volwasse wêreld van televisie en het 'n begeerte om meer daaroor te wete te kom. Adolessente het onder andere die belangrike ontwikkelingstaak om nuwe en meer volwasse verhoudings met die teenoorgestelde geslag aan te kweek en om 'n goedgekeurde geslagsrol te vervul. Hiervoor het hulle die regte inligting nodig om sodoende perspektief op hierdie ontwikkelingstaak te verkry (Hurlock, 1980:244). Die media speel dan ook 'n belangrike rol in hierdie ontwikkelingstaak (vgl. Faber et al., 1979:223-227; Johnson et al., 1972:362).

Ten opsigte van ander sosiale invloede dui Himmelweit en Swift (1976:145) se ondersoek daarop dat kinders uit die werkersklas 'n hoë voorkeur vir geweldsrolprente gehad het. Choi (1974:59) het bevind dat geslag die beste voorspeller vir geweldsinhoud is: mans verkies geweld en aksie terwyl vrouens nie-gewelddadige materiaal verkies (vgl. ook Roe, 1989:179).

Himmelweit en Swift (1976:153) en Lyle en Hoffman (1972:237) se ondersoek het aan die lig gebring dat die kyk na geweld toeneem gedurende die adolessente fase, veral onder seuns, terwyl liefdes-temas toeneem onder adolessente meisies (Lynness, 1951:466). Hierdie verskil in voorkeure is toe te skryf aan die toenemende bewuswording van verskeie geslagsrolle gedurende adolessensie (Avery, 1979:64).

Navorsing met betrekking tot die kyk na video's dui ook op 'n verband tussen die kyk na video's en geslag, taal, ouderdom, en sosio-ekonomiese klas (Pitout et al., 1985:49; De Waal, 1985:20; Heyneke, 1986:56; Roe, 1983:136; Levy en Gunter, 1988:20). Bogenoemde speel ook 'n rol in die kyk na ongewenste video's (Nelson, 1985:35; Hill,

1985a:61; Roe, 1989:179).

3.3.3 Motiveringsfaktore

Afgesien van voorgenoemde faktore bestaan daar ook sekere motiveringsfaktore wat aanleiding gee tot die gebruik van media. In 'n studie gedoen deur Greenberg (1974:77) is aangetoon dat kinders verskeie redes het waarom hulle televisie kyk. Sommiges het gekyk om te leer (vir inligting) en vir opwinding. Ander het gekyk vir geselskap, om daaglikse probleme te ontvlug, om te ontspan, om die tyd te verdryf of uit blote gewoonte. Choi (1974:89) se studie van 'n veel wyer ouderdomsgroep dui daarop dat vermaak die hoofrede vir die kyk na geweldsprogramme was, gevolg deur tydverdrying, ontspanning en ontvlugting. (Alhoewel laasgenoemde twee faktore elemente van vermaak is, word dit in die literatuur as selfstandige elemente onderskei.)

Na aanleiding van reeds genoemde faktore (sosiale verandering, biografiese faktore en motiveringsfaktore) is dit van belang om vas te stel watter rol hierdie faktore speel in die kyk na video's en ongewenste video's. Klem word gelê op die gebruiksfrekwensie, geslag, taal, ouderdom, sosio-ekonomiese klas, ouer- en portuurgroep-oriëntasie, die sosiale konteks waarin daar na video's gekyk word en die plek waar na video's gekyk word. Laastens word aandag geskenk aan ouerbeheer.

3.4 VIDEOGEBRUIK

Volgens Teitelbaum (Greenberg en Lin, 1989:74) is in 'n ondersoek in die VSA bevind dat kinders onder die ouderdom van agtien jaar 3,4 ure per week die videokasset-opnemer gebruik om voorafopgeneemde televisieprogramme of video's te kyk. Dit was dubbel so lank wat hulle ouers die videokasset-opnemer gebruik.

Roe en Johnsson-Smaragdi (1987:363) het in Swede bevind dat adollesente wat tuis 'n videokasset-opnemer besit het, 7,5 ure per week die videokasset-opnemer gebruik het, teenoor 2,5 ure van respondente wat

nie 'n videokasset-opnemer besit het nie.

Die gebruik van die videokasset-opnemer vir die kyk na video's blyk uit bogenoemde twee ondersoeke die gewildste onder adolessente te wees. Hierdie gevolgtrekking word ook gemaak deur Morgan et al. (1990b:116).

Ten opsigte van die kyk na video's word gefokus op die volgende:

3.4.1 Gebruiksfrekwensie

Min wetenskaplike gegewens oor die kyk na video's kon opgespoor word - plaaslik én buitelandse. Navorsing wat in Suid-Afrika gedoen is, is dié van Pitout et al. (1985), De Waal (1985), Heyneke (1986) en Botha et al. (1987). Pitout et al. (1985) se ondersoek word ook saamgevat in Van Vuuren et al. (1984).

In die VSA is daar volgens Teitelbaum (Greenberg en Lin, 1989:74) bevind dat kinders onder die ouderdom van agtien jaar 61% meer tyd bestee aan die kyk van video's as wat volwassenes daaraan bestee. Morgan et al. (1990a:92) het bevind dat die kyk van gehuurde video's die mees algemene gebruik van die videokasset-opnemer onder adolessente was. Die ondersoek is in 1985 in New England, VSA, gedoen en in 1988 herhaal. Die navorsers het in beide ondersoeke tot die gevolgtrekking gekom dat die mees algemene gebruik van die videokasset-opnemer onder adolessente was om na gehuurde video's te kyk. In 1985 het 87,5% van die respondente aangedui dat hulle die videokasset-opnemer meestal gebruik vir die kyk van video's. In 1988 het 84,5% gesê hulle gebruik die videokasset-opnemer vir die kyk na video's, waarvan 45% een keer per week video's gehuur het.

Roe en Johnsson-Smaragdi (1987:363) het ook in Swede bevind dat adolessente die videokasset-opnemer hoofsaaklik gebruik vir die kyk van video's.

Volgens 'n mededeling van mnr. John Smithers (1993), gebruik Suid-Afrikaners tans die videokasset-opnemer hoofsaaklik vir tydaanpassing (die opneem van televisieprogramme om op 'n meer geskikte tyd gekyk

te word). Dit kan toegeskryf word aan die verskeidenheid van speelfilms op CCV en die betaalkanaal M-Net wat opgeneem word en later (weer) gekyk word. Wat die presiese gebruik van die videokasset-opnemer in Suid-Afrika onder adolessente is, is egter nie seker nie.

In 'n ondersoek in Suid-Afrika gedurende Mei 1983 (Pitout et al., 1985:48), met leerlinge in standerd drie tot tien, het geblyk dat 78,6% al na video's gekyk het, terwyl 54,7% een keer per maand of meer na video's kyk. Nagenoeg een kwart (23%) kyk ten minste een keer per week.

De Waal (1985:20) se ondersoek in Oktober 1983 met leerlinge in standerd drie tot tien het aan die lig gebring dat ongeveer 85,67% al na video's gekyk het, terwyl 47,27% van die leerlinge een keer per maand of meer na video's kyk. Ongeveer 17,4% kyk een tot twee keer per week.

Heyneke (1986:56) se ondersoek met leerlinge in dieselfde ouderdomsgroep toon aan dat sowat 71% van die leerlinge al na video's gekyk het, terwyl ongeveer 50% van die adolessente leerlinge een keer per week of meer kere na video's kyk. Van die totale ondersoekgroep het 20% een keer per week na video's gekyk.

Botha et al. (1987:280) het bevind dat 23% van die standerd vier respondente twee of meer kere per week, 12% een keer elke twee weke en 27% een keer per maand na video's kyk. Van die standerd agt-respondente het 11% twee of meer kere per week, 40% een keer elke twee weke en 18% een keer elke maand na video's gekyk.

Hieruit blyk dat die kyk na video's 'n gewilde tydverdryf is. Ouer respondente kyk ook meer dikwels na video's as jonger respondente.

Uit die literatuur blyk dat die volgende veranderlikes 'n belangrike rol speel in die kyk na video's:

3.4.1.1 Biografiese veranderlikes

3.4.1.1.1 Ouderdom

Dit wil voorkom of die kyk na video's toeneem namate die kind ouer word. Pitout et al. (1985:49) en De Waal (1985:20) se ondersoek dui daarop dat leerlinge in standerd agt tot tien meer na video's kyk as dié van enige ander ouderdomsgroep. Standerd ses tot sewe het tweede meeste na video's gekyk. Heyneke (1986:56) se ondersoek het aan die lig gebring dat standerd ses tot sewe leerlinge meer na video's kyk as ander standerds. Leerlinge in standerd drie tot vyf het egter meer gekyk as leerlinge in standerd agt tot tien.

Oor die algemeen kom dit dus voor dat leerlinge in standerds agt tot tien die meeste na video's kyk, terwyl leerlinge in standerds ses tot sewe en drie tot vyf onderskeidelik tweede en derde meeste kyk.

Levy en Gunter (1988:20) het in Brittanje bevind dat die meeste respondente wat video's gehuur het, tussen die ouderdom van sestien en vier-en-twintig jaar was en dat die huur van video's afneem namate verbruikers ouer word. Van die respondente tussen sestien en vier-en-twintig jaar oud en tussen vyf-en-twintig en vier-en-dertig jaar oud het onderskeidelik 69,2% en 47,7% ten minste een video die afgelope maand gehuur. Van die respondente tussen die ouderdom van vyf-en-vyftig en vier-en-sestig jaar oud het 22,2% die afgelope maand ten minste een video gehuur.

Volgens 'n mededeling van mnr. John Smithers (1993) is die meeste huurders van video's in Suid-Afrika ook tussen die ouderdom van sestien en vier-en-twintig jaar oud.

3.4.1.1.2 Geslag

Volgens die ondersoek van Pitout et al. (1985:49) kom dit voor of adolessente seuns meer na video's gekyk het as adolessente meisies. Hierdie bevinding is ook deur Heyneke (1986:13) verkry. Roe (1983:136) het egter geen verband tussen geslag en die kyk na

video's deur Sweedse adolessente verkry nie.

3.4.1.1.3 Taal

Taal blyk ook 'n belangrike veranderlike te wees. Pitout et al. (1985:49) en Heyneke (1986:13) het bevind dat Engelssprekende leerlinge meer as Afrikaanssprekende leerlinge na video's gekyk.

3.4.1.1.4 Sosio-ekonomiese klas

Die gebruiker van die videokasset-opnemer is 'n selektiewe kyker wat hoofsaaklik in hoër sosio-ekonomiese klasse voorkom en ook oor hoëvlakopleiding beskik (Aribtron 1979:10; Baboulin et al., 1982:334; Lindstrom, 1989:44; Lin 1990:80). Gedurende 1987 het 88% van die huishoudings met 'n videokasset-opnemer in Amerika 'n inkomste van meer as 20 000 dollar of meer gehad en 57% meer as 35 000 dollar (Lindstrom, 1989:44). Lin (1990:80) het ook bevind dat die meeste huishoudings met videokasset-opnemers getroude pare was met kinders.

Alhoewel Nelson (1985:47) ook 'n hoë gebruikspatroon in die werkersklas en laer sosio-ekonomiese klasse in Engeland gevind het, is videokasset-opnemers nogtans meer aangetref in hoër sosio-ekonomiese klasse (Hill, 1985a:56). Laasgenoemde skrywer is van mening dat dit moontlik toe te skryf is aan die hoë koste van die videokasset-opnemer. Dit was weer eens die bevinding in Engeland van 'n ondersoek deur Levy en Gunter (1988:6).

Ook in Suid-Afrika is die voorkoms van die videokasset-opnemer hoër in die hoë inkomstegroep. Die gebruiker is hoofsaaklik tussen die ouderdom van 35 tot 49 jaar, het opleiding aan 'n universiteit of kollege ondergaan en bly in metropolitaanse gebiede (MRA, 1992:41-58). Volgens 'n mededeling van mnr. John Smithers (1993) begin die besit van videokasset-opnemers egter nou ook toenemend in die C- en D-inkomstegroepe voorkom.

Roe (1983:136; 1989:178) het 'n beduidende verband tussen lae sosio-ekonomiese klas en die kyk na video's deur Sweedse adolessente

verkry. Laer klasse het geredelik meer na video's gekyk as hoër klasse.

Alhoewel die gebruiker van die videokasset-opnemer dus hoofsaaklik in die hoër sosiale klasse voorkom, blyk dit ietwat teenstrydig te wees met die bevinding dat laer klasse meer gekyk het as hoër klasse. Waarskynlik word daar meer by vriende gekyk of moontlik is ouerbeheer strenger in hoër klasse. (Daar kan ook alternatiewelik na sosio-ekonomiese klas verwys word as graad van inkomste, ekonomiese groep, sosiale status en sosiale klas (Moser, 1958:102).)

Hiervolgens kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat ouer kinders, seuns en Engelssprekende respondente die meeste na video's kyk. Ook sosio-ekonomiese klas speel 'n rol.

3.4.1.2 Sosiale aktiwiteite en videogebruik

Met betrekking tot sosiale aktiwiteite word aandag geskenk aan faktore soos saam met wie video's gekyk word, die plek waar gekyk word, wie die video's kies en huur, die bywoon van videopartytjies en ouer- en portuurgroep-oriëntasie.

3.4.1.2.1 Saam met wie en plek waar gekyk word

Die kyk na video's word oor die algemeen geassosieer met 'n sosiale aktiwiteit. Volgens Sims (1989:16) is daar oor die algemeen meer mense in 'n vertrek as daar na 'n video gekyk word as na 'n gewone televisieprogram of voorafopgeneemde televisieprogram. Daar is bevind dat daar 'n gemiddeld van 1,69 persone in 'n vertrek is as daar na 'n televisieprogram gekyk word, 2,15 persone as daar na 'n voorafopgeneemde televisieprogram gekyk word en 2,96 persone as daar na 'n video gekyk word.

Morgan et al. (1990a:93) het in die VSA (New England) bevind dat die algemene gebruik van die videokasset-opnemer ook vir die adolessent 'n sosiale ondervinding is - in teenstelling met televisie. Laasgenoemde navorsers het bevind dat byna die helfte van die respon-

dente (34,6%) dikwels alleen na televisie gekyk het, terwyl 23% van die respondente alleen die videokasset-opnemer gebruik het. Ook Kubey en Larson (1990:118) het bevind dat die gebruik van die videokasset-opnemer deur adolessente meestal by 'n vriend se huis plaasvind.

Met betrekking tot die kyk na video's het Van Vuuren et al. (1984:52), De Waal (1985:21) en Heyneke (1986:13) in Suid-Afrika bevind dat laerskoolkinders merendeels in gesinsverband na video's kyk, terwyl hoërskoolkinders meer saam met vriende na video's kyk. Respondente in standerd agt tot tien het ook meer saam met vriende gekyk as standerd ses- en sewe-leerlinge. Weinig leerlinge het alleen na video's gekyk.

Botha et al. (1987:280) het bevind dat 44% van die standerd vier-respondente die afgelope maand (Julie 1987) by maats of familieleden se huise video's gekyk het, terwyl 60% van die standerd agt-respondente die afgelope maand een tot twee keer by maats of familieleden se huise video's gesien het.

Die kyk na video's blyk dus grootliks 'n sosiale aktiwiteit te wees. Daar blyk ook 'n verskil te wees in die plek waar na video's gekyk word, na gelang van die ouderdom van die respondent. Ouer respondente het meer as jonger respondente weg van die huis af video's gekyk.

3.4.1.2.2 Die huur van video's

Wat die huur van video's betref, het Heyneke (1986:58) vasgestel dat video's meestal deur ouers gehuur word (61%). Namate kinders egter ouer begin word, word dit aan hulself en aan hulle vriende oorgelaat om video's te huur. Veral die standerd agt tot tiens beskik oor hierdie vryheid.

3.4.1.2.3 Die kies van video's

Volgens Heyneke (1986:14) is 33% van die video's deur ouers gekies, terwyl 31% gesamentlik deur die gesin gekies is. Ook uit De Waal (1985:22) se ondersoek is dit duidelik dat video's hoofsaaklik deur 'n gesinslid gekies is. Albei navorsers het bevind dat hoërskoolkinders - en veral standerd agt tot tien - merendeels self video's gehuur het in vergelyking met laerskoolkinders. Ouers van laerskoolkinders het meestal die video's gekies.

3.4.1.2.4 Videopartytjies

Alhoewel daar weinig literatuur beskikbaar is aangaande die bywoning van videopartytjies (waar 'n groep mense uitgenooi word na iemand se huis om na video's te kyk), het De Waal (1985:23) bevind dat meer as 13% van die leerlinge minstens een maal per maand 'n videopartytjie bygewoon het.

3.4.1.2.5 Ouer- en portuurgroep-oriëntasie

Roe (1987:526) het in Swede bevind dat die gebruik van die videokasset-opnemer hoofsaaklik 'n portuurgroepaangeleentheid onder adolessente is. Die videokasset-opnemer is hoofsaaklik in die geselskap van vriende gebruik - in 'n groep van ongeveer drie of vier persone.

Met spesifieke verwysing na die kyk van video's het Roe (1983:137) bevind dat adolessente wat meer portuurgroep-georiënteerd was, meer na video's gekyk het as ouer-georiënteerde adolessente. Die rol van die portuurgroep gedurende adolessensie word dus ook deur die gebruik van video's beklemtoon.

Uit voorgenoemde wil dit voorkom dat die kyk na video's grootliks 'n sosiale aktiwiteit is in die adolessente jare - veral onder ouer adolessente vanaf standerd agt tot tien. Ouer adolessente het meestal saam met vriende video's gekies, gehuur en gekyk. Adolessente wat portuurgroep-georiënteerd was, het ook meer na video's gekyk.

3.4.1.3 Motiveringsfaktore ten opsigte van die kyk na video's en videovoorkeure

3.4.1.3.1 Motiveringsfaktore

Levy en Gunter (1988:22) het in Brittanje bevind dat gereelde huurders van video's meestal video's gekyk het omdat dit die moeite en onkoste spaar om uit te gaan na 'n teater. Die tweede grootste meerderheid het aangedui dat dit 'n genotvolle wyse is vir die gesin om tyd bymekaar deur te bring, terwyl die derde grootste meerderheid gesê het dat, in vergelyking met televisie, video's die gebruiker 'n groter verskeidenheid gee om van te kies.

3.4.1.3.2 Videovoorkeure

Video's met aksie of avontuur as hooftema was oor die algemeen die gewildste videovoorkeur van leerlinge in standerd drie tot tien (De Waal, 1985:25; Heyneke, 1986:61). De Waal (1985:25) het bevind dat komedies en rillers onderskeidelik tweede en derde gewildste was, terwyl rillers naas aksie, in Heyneke (1986:61) se ondersoek as tweede gewildste aangedui is. Die kyk na aksie en rillers neem veral toe van standerd ses tot tien (Heyneke, 1986:61; De Waal, 1985:25). Video's met liefde as hooftema neem veral toe onder adolensente meisies (standerd ses tot tien) en Wilde Weste-video's is gewilder onder Afrikaanssprekende as Engelssprekende leerlinge (Heyneke, 1986:13).

Aksie, rillers en komedies blyk dus oor die algemeen die gewildste videovoorkeur te wees.

3.5 ONGEWENSTE VIDEO'S

Navorsing in die VSA dui daarop dat kinders in huishoudings met 'n videokasset-opnemer meer na televisieprogramme gekyk het met 'n seksuele inhoud, en meer na R-geklassifiseerde ("Restricted", geen kinders onder die ouderdom van sewentien jaar nie, tensy vergesel deur 'n ouer) rolprente en video's gekyk het as huishoudings sonder 'n videokasset-opnemer (Greenberg en Heeter, 1987:518; Greenberg en Lin, 1989:88). Roe (1987:529) het in Swede bevind dat adolessente wat dikwels 'n videokasset-opnemer gebruik het (om watter rede ook al) misdaad, gruwelprente, avontuurprente en pornografie die meeste gekyk het.

Waar in hierdie kategorie verwys word na navorsing wat in die buiteland gedoen is, geld die Suid-Afrikaanse wetstoepassing met betrekking tot die klassifikasie van video's nie, maar verwys dit na video's wat nie vir kinders geskik is nie, volgens die betrokke land se beheerstelsel (byvoorbeeld in die VSA word "Restricted" as "R" op 'n video aangedui).

3.5.1 Gebruiksfrekwensie

In die VSA het Greenberg en Heeter (1987:518) bevind dat adolessente met 'n videokasset-opnemer tuis 'n gemiddeld van vyf of ses R-geklassifiseerde video's van die dertig video's op die vraelys gesien het. Respondente wat nie 'n videokasset-opnemer tuis besit het nie, het 'n gemiddeld van een of twee R-geklassifiseerde video's by iemand anders se huis gesien. Uit die agt video's wat die meeste gesien is, was sewe R-geklassifiseerd. Dieselfde resultate is verkry ten opsigte van PG-geklassifiseerde ("Parental Guidance") video's. Nege PG-geklassifiseerde video's uit die vyftien gelyste video's is deur respondente met 'n videokasset-opnemer tuis gesien, terwyl 7 PG-geklassifiseerde video's deur respondente sonder 'n videokasset-opnemer tuis gesien is.

Bryant (Baron en Byrne, 1987:538) het in 'n ondersoek in die VSA tussen respondente van dertien tot nege-en-dertig jaar oud bevind dat

junior hoërskoolleerlinge 6,3 R-geklassifiseerde erotiese video's gesien het. Die gemiddelde ouderdom van blootstelling was 12,5 jaar. Eksplisiete, X-geklassifiseerde video's (ongewens vir kinders onder die ouderdom van sewentien jaar) is deur die meerderheid respondente gesien. Volwassenes het die eerste keer X-geklassifiseerde video's gesien op die ouderdom van agtien, hoërskoolkinders op die ouderdom van sewentien en junior hoërskoolkinders op die ouderdom van vyftien.

Na aanleiding van navorsing in Engeland ten opsigte van die kykgewoontes van kinders in die ouderdomsgroep sewe tot sestien na sekere "video nasties" (sien onderstaande definisie), word beweer dat tot 45,5% van die kinders in genoemde ouderdomsgroep aan een of meer "video nasty" blootgestel is, terwyl 21,8% aan vier of meer blootgestel is (Nelson, 1985:36). Hill (1985a:60) se ondersoek het aan die lig gebring dat 36,7% van kinders in dieselfde ouderdomsgroep aan een of meer "video nasty" blootgestel is, terwyl 15,5% vier of meer gesien het. Ook Hartshorn (1983:147) het bevind dat 38% van kinders in die ouderdomsgroep nege tot dertien al een of meer "video nasty" gesien het. "Video nasties" is 'n term wat gebruik word in die Britse ondersoek (Barlow en Hill, 1985) en word omskryf as "those feature films that contain scenes of such violence and sadism involving either human beings or animals that they would not be granted a certificate by the British Board of Film Censors/BBFC for general release for public exhibition in Brittain" (p.171).

Alhoewel daar nog geen ouderdomsbeperkings ten tye van die navorsing in Engeland ingestel was nie, het genoemde navorsers ook ondersoek ingestel na die blootstelling van kinders aan video's wat nie geskik is vir kinders onder die ouderdom van agtien jaar nie (voortaan ook na verwys as ongewenste video's). Hierdie video's word as ongeskik vir kinders beskou as gevolg van te veel geweld, seks, okkultisme of 'n kombinasie daarvan (Nelson, 1985:40).

Nelson (1985:40) het bevind dat 57,3% van kinders in die ouderdomsgroep sewe tot sestien aan ten minste een ongewenste video blootgestel is, terwyl 29,5% vier of meer gesien het. Hill (1985a:66) se ondersoek dui daarop dat 50,1% van die kinders in

dieselfde ouderdomsgroep ten minste een ongewenste video gesien het, terwyl 24% ten minste vier gesien het. Hierbenewens het ook Cupit (1986:13) bevind dat ongeveer een derde van kinders in die ouderdomsgroep nege tot twaalf in Australië aan video's met ouderdomsklassifikasies blootgestel is. Nelson (1985:34) het ook bevind dat kinders in stede meer na ongewenste video's kyk as kinders op die platteland.

In Swede is bevind dat 67% van die video's wat gesien is deur respondente in die ouderdomsgroep twaalf tot sestien jaar, geklassifiseer was as geskik vir ouer as vyftienjariges. Altesaam 7% van die video's was verban. Gruwelprente en video's wat gekenmerk word deur die eksplisiete uitbeelding van geweld, het 39% van die video's beslaan wat gesien is (Roe, 1989:169).

In Suid-Afrika het Botha et al. (1987:281; 1991:31) bevind dat 'n redelike aantal respondente video's gesien het wat vir persone bo agtien jaar bedoel is. Hierdie video's het geweld bevat wat meer eksplisiet is as wat oor die algemeen op televisie vertoon word, byvoorbeeld "Cobra", "Nightmare On Elm Street", "Friday the 13th", "Halloween" en "The Silence of the Lambs".

Hieruit kan tot die gevolgtrekking gekom word dat 'n groot aantal adolessente aan die kyk van video's blootgestel is wat nie vir hulle geskik is nie.

Die volgende veranderlikes speel 'n rol ten opsigte van die kyk na ongewenste video's:

3.5.1.1 Ouderdom

Dit is duidelik dat ouer kinders meer geneig is om na ongewenste video's en "video nasties" te kyk as jonger kinders. Nelson (1985:35) en Hill (1985a:61) het bevind dat dertien tot sestienjariges meer na "video nasties" en ongewenste video's gekyk het as sewe tot twaalfjariges.

Hill (1985a:61) het bevind dat minder as 20% van sewe tot agtjariges ten minste een ongewenste video gesien het, terwyl meer as 70% van vyftien tot sestienjariges ten minste een gesien het.

3.5.1.2 Geslag

Daar bestaan ook 'n verband tussen die geslag van die kyker en die kyk na ongewenste video's. Nelson (1985:35) en Hill (1985a:61, 67) het bevind dat seuns meer geneig is om na "video nasties" en ongewenste video's te kyk as meisies.

Roe (1989:179) het in Swede bevind dat adolessente seuns meer geneig is as meisies om die videokasset-opnemer te gebruik en oor die algemeen ook meer geweld, karate en pornografie kyk.

3.5.1.3 Sosio-ekonomiese klas

Nelson (1985:48) se ondersoek dui daarop dat kinders van 'n laer sosio-ekonomiese klas meer na "video nasties" kyk as kinders uit hoër klasse.

Roe (1989:179) het in Swede bevind dat laer sosio-ekonomiese adolessente meer geneig is om die videokasset-opnemer te gebruik en oor die algemeen ook meer geweld, misdaad en pornografie kyk.

3.5.1.4 Ouer- en portuurgroep-oriëntasie

Roe (1989:181) het in Swede bevind dat adolessente wat merendeels portuurgroep-georiënteerd was, die videokasset-opnemer die meeste gebruik het en oor die algemeen ook meer na geweld, karate, gruwelprente en pornografie gekyk het. Genoemde navorser het dieselfde bevinding verkry met betrekking tot die gebruik van die videokasset-opnemer en lae skoolprestasie.

Hieruit blyk dus dat ouer kinders, seuns, kinders van 'n laer sosio-ekonomiese klas en portuurgroep-georiënteerde respondente die meeste na ongewenste video's kyk. Die vraag ontstaan waar die meeste

video's gekyk word en in watter mate ouers enige beheer oor kinders se kykgewoontes betreffende video's uitoefen.

3.5.1.5 Plek waar na ongewenste video's gekyk is

Nelson (1985:49) se ondersoek dui daarop dat 60% van kinders in die ouderdomsgroep sewe tot sestien wat saam met vriende na video's gekyk het, ten minste een ongewenste video gesien het. Hierteenoor het ongeveer 51% van die kinders wat meesal by die huis video's gekyk het, een of meer ongewenste video gesien. Cupit (1986:12-13) het in Australië bevind dat 'n groot aantal kinders by die huis aan ongewenste video's blootgestel is, maar dat die meeste ongewenste video's by vriende of ander plekke gesien is. Na berekening is 14,3% van die ongewenste video's by die huis gesien, terwyl 36,3% elders gekyk is.

Hill (1985a:69) het egter bevind dat ongeveer 61% van die sewe- tot sestienjarige kinders wat by vriende video's gesien het, een of meer ongewenste video gesien het, terwyl 72% wat 'n videokasset-opnemer by die huis het, een of meer ongewenste video gesien het. Hartshorn (1983:147) se ondersoek het aan die lig gebring dat 40% van kinders in die ouderdomsgroep nege tot dertien ten minste een video gesien het wat hulle nie veronderstel was om te sien nie. Hierdie video's is gesien terwyl ouers nie daar was nie of terwyl ouers geslaap het.

Kinders wat 'n videokasset-opnemer by die huis het én by vriende na video's kyk, se kans om aan 'n ongewenste video blootgestel te word, is groter. Nelson (1985:38) het bevind dat ongeveer 65% van kinders in hierdie kategorie aan ten minste een ongewenste video blootgestel is. Hill (1985a:69) se ondersoek dui daarop dat 80% van die sewe- tot sestienjarige kinders wat by vriende en by die huis na video's kyk, een of meer ongewenste video gesien het.

Uit die gegewens blyk dit dat baie ongewenste video's by die huis gekyk word en dat daar wel 'n probleem van ouerlike beheer bestaan. Dit wil egter voorkom of die meeste ongewenste video's op ander plekke soos by vriende gekyk word, waar geen beheer toegepas word

nie. Die meerderheid ongewenste video's is egter gesien as daar by die huis én by vriende gekyk is. Dit is ook duidelik dat die ouer kind, veral standerd agt tot tien, groter vryheid het as ander kinders.

Met betrekking tot ouerbeheer word vervolgens gekyk na tipes ouerbeheer en faktore wat 'n rol speel wat ouerbeheer kan beïnvloed.

3.6 OUERBEHEER

Soos reeds vermeld (vgl. 1.2), word ouderdomsbeperkings op video's gestel om aan ouers as riglyn te dien om kinders nie aan ongewenste videomateriaal bloot te stel nie. Die probleem is egter tweërlei van aard, naamlik: óf ouers pas nie genoegsame beheer toe oor kinders se kykpatrone nie, óf ouers is nie bewus van die feit dat hulle kinders aan ongewenste video's blootgestel word nie. Laasgenoemde beteken hoofsaaklik dat ouers nie by die huis is terwyl gekyk word nie (byvoorbeeld by die werk is) of dat daar by vriende of ander plekke gekyk word.

Die noodsaaklikheid van ouerbeheer is volgens Lin en Atkin (1989:53) verhoog met die koms van tegnologieë soos kabeltelevisie en videokasset-opnemers, aangesien die keuse van 'n verskeidenheid van programinhoud nou ook aan kinders beskikbaar is.

Volgens Nelson (1985:48) speel die ouer 'n baie belangrike rol in kinders se kykpatrone na video's. Waar beheer oor die kind se kykpatrone die ouer toekom, blyk die volgende faktore 'n invloed uit te oefen:

3.6.1 Direkte beheer

Direkte beheer of reëls het te make met die neerlê van spesifieke riglyne deur ouers ten opsigte van kinders se kykgewoontes (Lin en Atkin, 1989:57; Jordan, 1990:176).

In 'n ondersoek gedoen deur Kim et al. (1988) onder ouers en kinders

(kinders tussen die ouderdom van ses en sestien jaar) is bevind dat die meerderheid ouers saam met hulle kinders besluit watter video om te huur. Die minderheid ouers (14,8%) was van mening dat hulle kinders alleen besluit watter video's om te huur. Ouers het aangedui dat hulle wel video's spesifiek vir kinders vooraf kyk, maar dat dit afneem namate kinders ouer word. Ouers het ook ouer kinders toegelaat om die video's te kyk wat hulle vir hulself gehuur het - wat in 'n mindere mate vooraf gekyk is. Ouers en kinders het egter verskil ten opsigte van direkte beheer - ouers was van mening dat hulle kinders se kykgewoontes beheer, terwyl kinders in 'n mindere mate so gedink het.

In 'n ondersoek onder adolessente deur Lin en Atkin (1989) is bevind dat ouers meer geneig is om jonger kinders (elf tot dertien jaar) se gebruik van die videokasset-opnemer te beheer as in die geval van ouer kinders (vyftien tot sewentien jaar). Ouers het ook meer seuns as meisies se gebruik beheer. Adolessente met 'n multimedia-omgewing (meer as een televisiestel, kabeltelevisie, videokasset-opnemers, rekenaars, ensovoorts) se ouers is ook minder geneig om beheer oor kinders se mediagebruik uit te oefen, aangesien die beskikbaarheid daarvan in die huis dit bemoeilik.

Bogenoemde bevindinge kom ooreen met studies wat aandui dat ouerlike beheer ten opsigte van televisiekykgewoontes afneem namate die kind ouer word (Greenberg en Dominick, 1969; Lyle en Hoffman, 1972; Brown et al., 1990).

3.6.2 Bemiddeling ("mediation")

Bemiddeling het te make met die bespreking, aanmoediging of ontmoediging van program- of videoinhoud (Lin en Atkin, 1989:57).

Navorsing dui daarop dat televisie se impak op kinders verhoog, gekanaliseer of teëgewerk kan word deur ouerleiding gedurende die kyk na 'n televisieprogram. Evaluerende en verduidelikende kommentaar deur ouers kan byvoorbeeld ongewenste programinhoud teëwerk, byvoorbeeld geweld (vgl. Leyens et al., 1982) en spanning (vgl. Cantor en

Wilson, 1984).

Lin en Atkin (1989:61) het bevind dat ouers bemiddeling ten opsigte van die gebruik van die videokasset-opnemer meer toepas op jonger kinders as op ouer kinders, aangesien bemiddeling 'n mate van konfrontasie tussen 'n ouer en adolessent kan skep. Die neerlê van reëls is meer doeltreffend met betrekking tot die beheer van adolessente.

Kim et al. (1988:357) en Greenberg en Heeter (1987:518) se ondersoek het aan die lig gebring dat daar geen verskil is tussen bemiddeling van televisie, die gebruik van die videokasset-opnemer en die kyk van video's nie, met ander woorde ouers het nie meer gepraat of verduidelik as daar na 'n video gekyk is nie.

3.6.3 Veranderde gesinstruktuur

Verstedeliking en groter mobiliteit het die uitgebreide gesinstruktuur, wat uit vele ander familieledede bestaan het, in die Westerse beskawing laat krimp tot die kerngesin, wat slegs uit die vader, moeder en kinders bestaan. Ouers van die kerngesin is soms geografies geïsoleer van familie, aangesien hulle ver van mekaar af in dorpe of stede woon. Daarom moet ouers hulle kinders sonder enige ander leiding opvoed. As gevolg van onsekerheid van die ouers en dikwels teenstrydige raad uit byvoorbeeld tydskrifte, moet die adolessent sy ontwikkelingstake sonder 'n duidelike raamwerk van sy ouers bemeester (Louw et al., 1985:374).

Tesame hiermee het al hoe meer moeders 'n loopbaan buite die huis aanvaar, terwyl menige ouers ook geskei is. Hierdie faktore gee daartoe aanleiding dat ouers al hoe minder in staat is om beheer oor kinders se doen en late uit te oefen. Dit gee ook aanleiding tot verminderde familie-interaksie en kinders ontvang minder fisiese en psigiese ondersteuning. Die media vervul hier 'n belangrike rol: televisie kan byvoorbeeld gebruik word om hierdie leemtes te vul. Menige ouer gebruik die televisie en ook video's as 'n kinderbewaker (Committee on social issues group for the advancement of psychiatry,

1982:20; Gross, 1985:56). Met die ouers wat afwesig is, kan dit dien as "waardevolle" plaasvervanger.

Brown et al. (1990:79) het bevind dat adolessente met werkende moeders meer tyd aan televisie en radio bestee, aangesien die moeder nie mediagewoontes kan monitor terwyl sy werk nie. Genoemde navorsers het ook bevind dat adolessente met geen vaders nie minder neergelegde mediareëls het en ook meer tyd aan die media bestee as adolessente met vaders.

Greenberg en Heeter (1987:516) het bevind dat ouers van adolessente waar net een ouer werk, minder geneig is om 'n videokasset-opnemer te besit. Lin en Atkin (1989:64) en Jordan (1990:173) het bevind dat ouers van adolessente wat beide werk, minder geneig is om kinders se gebruik van die videokasset-opnemer te beheer. Lin en Atkin (1989:64) het egter ook bevind dat huishoudings met enkelouers meer geneig was om reëls vir kinders neer te lê ten opsigte van die gebruik van die videokasset-opnemer.

3.6.4 Nabootsing

In aansluiting met die nabootshipotese, wat bepaal dat baie van kinders se kykgedrag beïnvloed word deur die voorbeeld wat deur ouers gestel word (Comstock et al., 1978:191), het Hill (1985a:81) bevind dat die kykgewoontes van ouers inderdaad 'n baie belangrike rol speel in die kyk na ongewenste video's. Laasgenoemde navorsers se ondersoek het aan die lig gebring dat slegs 24% van die kinders wie se ouers geen "video nasty" (vgl. omskrywing in par. 3.5.1) gesien het nie, een of meer "video nasty" gesien het. Hierteenoor het 54% van die kinders wie se ouers ten minste een "video nasty" gesien het, ook ten minste een gesien. Van kinders wie se ouers ten minste vier "video nasties" gesien het, het 57% een of meer gesien.

Hierdie toename is ook duidelik uit die volgende persentasies ten opsigte van ongewenste video's: 33% en 12% van die kinders wie se ouers geen ongewenste video gesien het nie, het onderskeidelik een of meer of vier of meer gesien. Ongeveer 56% van die kinders wie se

ouers een ongewenste video gesien het, het een of meer gesien, terwyl 72% een of meer gesien het as hulle ouers vier gesien het.

Dit kom dus voor of kinders wie se ouers baie na ongewenste video's kyk, meer daarna kyk as kinders wie se ouers glad nie daarna kyk nie.

3.6.5 Afname in volwasse gesag

Volgens Jordaan en Du Toit (1985:68) word ouerhuisse vandag deur verskillende wyses van gesagsbeoefening gekenmerk. Enkele geslagte gelede het volwassenes 'n redelik homogene groep gevorm weens 'n redelike mate van ooreenstemming in hulle waardes en houdings.

Indien die adolessent hom teen hierdie waardes en houdings verset het, het hy te staan gekom voor 'n verenigde volwasse front. Ouers is dus beskou as gesagsfigure wat oor baie wysheid beskik het en was dus effektiewe rolmodelle.

Verskeie sosiale veranderinge het egter meegebring dat volwassenes vandag gekenmerk word deur heterogeniteit ten opsigte van status, politieke menings, persoonlike standaarde en moraliteit. Hierdie heterogeniteit dra by tot 'n afname in die gesag van die volwasse kultuur. Die feit dat 'n ouer 'n ouer is, dien nie meer as effektiewe model vir die adolessent nie. Hy kan dit slegs wees indien die adolessent hom as sodanig aanvaar op grond van sy krag en waarde as individu (Jordaan en Du Toit, 1985:68).

Alhoewel gesinstrukture in die verlede dus 'n homogene groep gevorm het, sou ouerhuisse dus 'n sekere mate van ooreenstemmende beheer oor kinders se kykpatrone kon uitoefen. Ouerhuisse bestaan egter vandag uit verskeie beheerstrukture. Waar een ouerhuis beheer toepas, kan die kind in 'n ander huis waar minder beheer toegepas word, aan 'n ongewenste video blootgestel word. Jordaan en Du Toit (1985:72) is van mening dat daar selfs in 'n relatief homogene groep nie totale ooreenstemming sal wees nie. Enersyds voel ouers trots oor die ontwikkeling van die kind, en voel soms verplig om hulle kinders te onthef van sekere take en om hulle groter vryheid te gee. Andersyds

is hulle bekommerd oor die welsyn van hulle kinders, aangesien groter onafhanklikheid blootstelling aan gevaar kan beteken.

Nelson (1985:49) het bevind dat kinders van beskermende ouers minder aan ongewenste video's en "video nasties" blootgestel is as kinders van meer toegeeflike ouers. Hill (1985a:77) se ondersoek dui daarop dat 61% van die kinders wie se ouers niks daaraan sou doen indien hulle kinders aan ongewenste video's blootgestel sou word, een of meer ongewenste video gesien het. Hierteenoor het ongeveer 45% van die kinders wie se ouers beskermend is, een of meer ongewenste video gesien. Hierdie ouers het aangedui dat hulle die ouers wat 'n ongewenste video aan hulle kinders sou wys, oor die voorval sou gaan spreek.

Nelson (1985:49) het bevind dat die meeste ouers dit as hulle plig beskou om kinders teen die kyk van ongewenste video's te beskerm en sou graag meer beheer oor hulle kykpatrone wou uitoefen. Baie ouers was ook van mening dat die gemeenskap 'n plig het om ouers te help om hulle kinders teen die kyk van ongewenste video's te beskerm. Baie ouers is egter totaal onbewus daarvan dat kinders wel aan sulke materiaal blootgestel word.

Uit die voorgaande kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat ouerbeheer afneem namate die kind ouer word en dat hy groter vryhede geniet as jonger kinders. Al is ouers egter beskermend teenoor kinders, word hulle nogtans blootgestel aan ongewenste video's deur die kyk daarvan elders waar kykgewoontes nie gemonitor kan word nie.

Daar kan by Jordaan en Du Toit (1985:72) aangesluit word waar hulle aanbeveel dat, in die lig van die afname van die volwasse gesag en die menige veranderinge van die adolessent, beheer nie by die ouers as gesaghebbendes in die adolessent se lewe moet berus nie. Die adolessent behoort veel eerder verteenwoordiging te kry in die strukture van publikasiebeheer wanneer dit gaan oor ouderdomsbeperkings as 'n beheermaatreël.

3.7 GEVOLGTREKKING

Uit die afgelope bespreking kom dit voor dat die kyk na video's 'n baie gewilde tydverdryf onder kinders is. Dit is ook duidelik dat kinders wel aan ongewenste materiaal blootgestel word.

Voorts blyk dit dat die sosiale verandering van die adolessent en sekere biografiese faktore as voorspellers vir die kyk na video's en ongewenste video's dien. Die wegbeweeg van die ouerhuis, toenemende interaksie met die portuurgroep, die adolessent se toenemende behoefte ten opsigte van die beheer oor die media, biografiese faktore soos ouderdom, geslag, taal, en sosio-ekonomiese klas speel 'n belangrike rol in mediagebruik, terwyl sekere motiveringsfaktore soos ontspanning en vermaak ook bepalend is van mediagedrag.

Kortliks kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die volgende groepe respondente die meeste na video's en ongewenste video's kyk: ouer kinders (veral standerd agt tot tien), seuns, Engelssprekendes en respondente uit laer sosio-ekonomiese klasse. Die kyk na video's blyk ook grootliks 'n sosiale aangeleentheid te wees.

Uit die gegewens blyk dat baie kinders in hulle eie huise na ongewenste video's kyk, maar dat die oorgrote meerderheid op ander plekke (byvoorbeeld vriende) aan ongewenste video's blootgestel word, waar moontlik geen beheer toegepas word nie. Dit wil dus voorkom of daar grootliks 'n probleem van toesig en kontrole bestaan, aangesien ouers in die eerste plek nie genoegsame beheer toepas nie en tweedens waarskynlik nie bewus daarvan is as hulle kinders na ongewenste video's kyk nie. Wat die blyke betref dat videokyk gedurende die adolessente jare hoofsaaklik 'n sosiale aangeleentheid is, kan van die veronderstelling uitgegaan word dat dit sonder ouerlike beheer gepaardgaan.

3.8 SAMEVATTING

Samevattend blyk dit dat daar al minder beheer oor kinders se kykpatrone uitgoefen word namate die kind ouer word. Veral leerlinge in standerd agt tot tien beskik oor groot vryhede. Na aanleiding van die sosiale behoeftes van die adolessent is die ouer ook minder in staat om na sy doen en late om te sien. Die feit dat video's merendeels saam met maats gesien word, bewys dat video's gedurende adolessensie as portuurgroep-akiwiteit beskou moet word, waar moontlik geen ouerlike beheer toegepas word nie, en wat dus 'n uitstekende geleentheid skep om na ongewenste video's te kyk. Om die kykpatrone van kinders dus ten volle te beheer, blyk 'n onmoontlike saak te wees.

Soos vermeld in hoofstuk 2 (vgl. par. 2.5.1), speel die vermoë van die kind om materiaal in die regte perspektief te plaas, 'n belangrike rol in die oplê van ouderdomsbeperkings. Aspekte wat in ag geneem word met die oplê van ouderdomsbeperkings is hoe geweld, seks, naaktheid en kru taalgebruik uitgebeeld word. Die vraag wat nou gevra kan word, is hoe adolessente hierdie aspekte ontvang, verwerk en interpreteer indien hulle daaraan blootgestel word, wat hulle uit die media kan leer en hoekom dit noodsaaklik sou wees om kinders se kykgewoontes betreffende ongewenste video's te beheer. Hierdie aspekte word volledig bespreek in hoofstuk 4, wat handel oor 'n sosiale leerteoretiese perspektief ten opsigte van mediageweld en -seks.

HOOFSTUK 4: MEDIAGEWELD EN -SEKS: 'N SOSIALE LEERTEORETIESE PERSPEKTIEF

4.1 INLEIDEND

In die voorafgaande hoofstukke het geblyk dat ouderdomsbeperkings daargestel is om kinders teen ongewenste video's te beskerm en dat die insig van die kind 'n betekenisvolle rol speel in die oplê van ouderdomsbeperkings. Voorts het dit aan die lig gekom dat kinders wel aan ongewenste video's blootgestel word. Die doel van hierdie hoofstuk is daarom om 'n teoretiese raamwerk daar te stel, om te verklaar hoe adolessente mediainhoud ontvang, verwerk en interpreteer en wat sodoende uit die media geleer kan word na aanleiding van blootstelling aan erotiese en geweldsmateriaal. Klem word ook gelê op die ontwikkeling van die adolessent.

Die eerste doelstelling van hierdie hoofstuk sentreer rondom 'n oorsig van die moontlike effek van geweld en erotika op die kyker. Standpunte, hipoteses en gevolgtrekkings rakende die effek van geweld en erotika word bespreek.

Die tweede oogmerk het ten doel om 'n teoretiese raamwerk daar te stel aan die hand van die sosiale leerteorie van Albert Bandura. Die hoofdeterminante van dié teorie, die prosesse wat 'n rol speel in die aanleer van gedrag en die rol wat die ontwikkeling van die adolessent in die aanleer van gedrag speel, is hier van belang.

Die vierde oogmerk hou verband met die resultate van die sosiale leerteorie met betrekking tot mediageweld en -seks. Die uiteindelijke gevolg wat blootstelling aan gewelddadige en erotiese materiaal op die kyker kan hê, word hier bespreek.

Die vyfde oogmerk het betrekking op die gebruik van kru taal in die oudiovisuele media. Die vraag wat hier beantwoord moet word,

is of dit enige effek op die adolessent se taalgebruik kan hê.

Na aanleiding van hierdie aspekte behoort 'n raamwerk daargestel te wees wat kan verklaar hoe die media 'n impak op die kyker kan hê. Dit sal dan as fondament van hierdie studie dien, wat fokus op die blootstelling van adolessente aan ongewenste video's.

4.2 KOMMER TEN OPSIGTE VAN GEWELD, SEKS, NAAKTHEID EN KRU TAALGEBRUIK IN VIDEO'S

Kommer rondom die effek wat rolprente op kinders kan hê, het reeds so vroeg as in die dertigerjare bestaan (vgl. Blumer, 1933; Peters, 1933; Charters, 1933). Die koms van televisie het hierdie kommer verhoog, met die eerste navorsing in die vyftiger- en sestigerjare (vgl. Himmelweit et al., 1958; Schramm et al., 1961; Baker en Ball, 1969). Video's het hierdie kommer verder verhoog (vgl. Barlow en Hill, 1985; Hartshorn, 1983; Rogoff, 1985:266; Lauton, 1984; Roe, 1989:168; Yang en Linz, 1990:28; Wilson et al., 1990:459). Kommer word in verskeie lande uitgespreek oor die voorkoms van seks en geweld in video's, soos Amerika (Yang en Linz, 1990), Engeland (Barlow en Hill, 1984), Duitsland (Lauton, 1984) en Swede (Roe, 1989). In verskeie gevalle is video's ook daarvoor blameer dat dit aanleiding gegee het tot kriminele gedrag (vgl. Lande, 1993:348; Anon, 1993:5).

Volgens Yang en Linz (1990:28) gee die videokasset-opnemer die gebruiker toegang tot 'n groot verskeidenheid video's wat voorheen net in 'n rolprentteater gesien kon word. Kinders het nou die geleentheid om na video's te kyk wat geweld, seks en gewelddadige seks bevat, wat nie vir kinders bedoel is om te sien nie. Die videokasset-opnemer stel kinders ook in staat om nie alleen 'n video in die geheel te kyk nie, maar ook om problematiese tonele terug te speel en weer te kyk. Hill (1985b:163) spreek sy kommer uit oor die voorkoms van geweld, wreedheid en sadomasochisme wat in sommige video's voorkom. Dié toenemende kommer het aanleiding daartoe gegee dat 'n studie in Engeland gedoen is om aan te dui dat meer beheer oor video's uitgeoefen

moet word (Barlow en Hill, 1985).

Ook in Suid-Afrika blyk daar kommer te wees, waar video's en rolprente daarvoor blameer word vir die "groeierende vlag van permissiwiteit" (vgl. Anon, 1988:1; Waldner, 1988a:4; Waldner, 1988b:29). Ook is bevind dat kinders geweld op televisie as "mak" beskou teenoor geweld wat op video's te siene is (Botha et al., 1987:287). Botha en Van Vuuren (1993:78) is ook van mening dat daar veral in die huidige situasie in Suid-Afrika, waar geweld aan die orde van die dag is, van spesifieke riglyne gebruik gemaak moet word ten opsigte van geweld in die media. Gedurende 'n tydperk van sosio-politiese veranderinge behoort ernstig aandag geskenk te word aan die uitbeelding van geweld in die media (vgl. Van Vuuren, 1990, Botha en Van Vuuren, 1993 en Van Vuuren, in druk, vir 'n Suid-Afrikaanse oorsig ten opsigte van die effek van geweld in die media).

Die vraag ontstaan wat die kind kan leer na aanleiding van blootstelling aan ongewenste materiaal soos geweld, seks, naaktheid en kru taal? Deur die bespreking hiervan behoort meer lig gewerp te word op die noodsaaklikheid van beheer oor kinders se kykgewoontes betreffende ongewenste video's.

4.3 DIE EFFEK VAN MEDIAGEWELD EN -SEKS: 'n OORSIG

Die vraag of blootstelling aan geweld en erotika in die oudio-visuele media enige effek op die kyker het, blyk 'n uiters wye en komplekse aangeleentheid te wees. McLeod en Reeves (1980:17) is van mening dat daar 'n algemene idee ten opsigte van massamedia-effekte bestaan, naamlik dat enige aspek van inhoud 'n direkte en onmiddellike impak op die gehoor het. Jordaan en Du Toit (1985:19) beklemtoon egter die feit dat 'n hele komplekse stel kontekstuele faktore, wat in interaksie is met die persoon, die media en ander sosialiseringsagente, 'n rol speel in enige effek op die mens.

Alhoewel daar heelwat afleidings voorkom ten opsigte van die effek van die media op die mens, onderskei Harris (1989:14) tussen vier media-effekte, naamlik:

- **Gedragseffek**

Ten opsigte van die gedragseffek word 'n mens beïnvloed deur waargenome gedrag, met ander woorde die gedrag wat waargeneem word, word in een of ander stadium nageboots, byvoorbeeld geweld.

- **Houdingseffek**

Hiervolgens het die media 'n effek op die houdings en waardes van die mens, byvoorbeeld waar vroue in pornografie uitgebeeld word asof hulle seksueel opgewek word in 'n gewelddadige sekstoneel. Dit kan daartoe lei dat kykers tot die gevolgtrekking kom dat vrouens dit geniet om seksueel aangerand te word.

- **Kognitiewe effek**

Hierdeur kan 'n mens se denkwysse beïnvloed word, deurdat nuwe informasie van die media geleer word. Om die effek van die media op die mens dus te verstaan, behoort aandag geskenk te word aan hoe kinders informasie ontvang en verwerk.

- **Fisiologiese effek**

Hiervolgens ondergaan die mens fisiologiese veranderinge as gevolg van blootstelling aan die media, byvoorbeeld opwekking by die kyk van erotiese of spanningsmateriaal, wat onder meer 'n verandering in hartfrekwensie tot gevolg kan hê.

Volgens Eysenck en Nias (1978:11) en Stipp en Milavsky (1988:76) bestaan daar 'n groot tekort aan teorieë in terme van die ontwerpe, eksperimente en interpretasies van empiriese data oor die invloed van die media. Resultate van ondersoek is ook groten-deels teenstellend, sodat daar nie afdoende bewys bestaan van 'n

negatiewe effek op die kyker nie. Daar bestaan ook byna geen navorsing ten opsigte van die direkte effek van video's en kabeltelevisie nie. Daar bestaan wel sekere hipoteses wat deur navorsers gebruik word in die soeke na die effek van mediageweld en erotika, wat vervolgens bespreek sal word (Eysenck en Nias, 1978:48-63; Botha, 1987:20):

4.3.1 Desensitasiehipotese

Volgens hierdie hipotese raak kykers emosioneel ongevoelig na aanhoudende blootstelling aan gewelddadige of erotiese materiaal. Die mens word opgevoed met sekere inhibisies ten opsigte van die uitdrukking van geweld en seks. Deur herhaaldelike blootstelling word hierdie inhibisies afgebreek (vgl. Cline, Croft en Courier, 1974; Stein en Friedrich, 1972; Drabman en Thomas, 1972).

4.3.2 Imitasie- of nabootshipotese

Bandura (1973; 1977) is die voorstaander van hierdie hipotese, wat dan ook as grondslag van die sosiale leerteorie dien. Hiervolgens word gedrag aangeleer deur die nabootsing van 'n waargenome model (vgl. Bandura et al., 1963a).

4.3.3 Disinhibisie

Gedurende die sosialiseringproses van die kind verkry hy/sy bepaalde inhibisies ten opsigte van gewelddadige of seksuele gedrag, byvoorbeeld van ouers en onderwysers. Deur aanhoudende blootstelling aan gewelddadige of seksuele materiaal word hierdie inhibisies verswak, en kan dit uiteindelik daartoe lei dat die kyker oorreed word om ook byvoorbeeld aggressief op te tree, veral as geweld as geregverdig uitgebeeld word. Belson (1978) se ondersoek onder adolessente seuns ondersteun hierdie standpunt.

4.3.4 Opwekkingshipotese

Hierdie benadering fokus hoofsaaklik op die emosionele opwekking wat veroorsaak word deur hoogs dramatiese aanbiedinge in geweldsprogramme of video's, seksueel-georiënteerde media of seksuele geweld in die media. Hierdie opwekkingseffek kan die kyker dan aanspoor tot aksie, wat as uitlewing van 'n fantasie dien (vgl. Doob en Climie, 1972).

4.3.5 Gerbner en Gross se hipotese

Gerbner en Gross (1976:193) is van mening dat die oordrewe uitbeelding van geweld in die oudiovisuele media kykers laat glo dat hulle in 'n gevaarlike wêreld lewe. Dit kan veroorsaak dat kykers 'n angsvolle, paranoïese en wantrouige houding teenoor ander het.

4.3.6 Identifikasiehipotese

Hiervolgens identifiseer 'n mens met iemand wat respek en bewondering afdwing. Hierdie hipotese lê baie na aan die nabootshipotese van Bandura, byvoorbeeld die nabootsing van 'n haarstyl of gewelddadige gedrag van iemand waarmee geïdentifiseer word.

4.3.7 Katarsishipotese

Volgens hierdie hipotese veroorsaak die blootstelling aan geweld 'n ontlasting van geweldsgevoelens by die kyker. Volgens Feshbach en Singer (1971), wat sterk voorstanders is van hierdie teorie, word aggressie dus by die kyker verminder, aangesien hy deur blootstelling van sy aggressie ontslae kan raak.

Baie na aan die katarsishipotese is die plaasvervangende teorie ("safety-valve/substitution"), wat gewoonlik van toepassing gemaak word in pornografienavorsing. Hiervolgens word opgekropte seksuele gevoelens ontlai deur die kyk na pornografiese of

erotiese materiaal (Eysenck en Nias, 1978:63).

4.3.8 Versadigingshipotese

Volgens die versadigingshipotese sal pornografie baie van sy waarde en gewildheid verloor as dit vrylik verkrygbaar is. Dit sal dus sy aantrekkingskrag as "verbode vrug" verloor (Eysenck en Nias, 1978:63).

4.3.9 Geregverdigde geweld

Indien die geweld in 'n video of rolprent as geregverdig waargeneem word, byvoorbeeld as die skurk die verdiende loon vir sy daad ontvang, kan die kyker in die werklike lewe ook aggressief teenoor sy vyand optree, en dit dus as geregverdig beskou. Indien gewelddadige uitbeelding as ongeregtig waargeneem word, byvoorbeeld as die slagoffer ongeregtig deur gewelddadige metodes gestraf word, sal die kyker minder aggressief reageer teenoor diegene wat hom in die werklike lewe kwaad gemaak het (vgl. Berkowitz, 1965; Berkowitz en Geen, 1966; Berkowitz et al., 1963; Turner en Berkowitz, 1972).

4.3.10 Aggressie jeens vroue

Hiervolgens gee die uitbeelding van geweld of seksuele geweld teen vroue aanleiding tot die gewelddadige optrede en uitbuiting van mans teenoor vroue, byvoorbeeld die uitbeelding van die vrou wat seksuele genot ervaar tydens verkragting (vgl. Malamuth en Check, 1983).

4.3.11 Geen effek-hipotese

Hierdie hipotese dui op navorsing gedoen oor die effek van geweld, waar geen beduidende verband tussen blootstelling en kykergedrag verkry is nie (vgl. Milavsky et al., 1982:488).

4.3.12 Die rol van individuele verskille

Individuele verskille, soos geslag, ouderdom, die agtergrond van die ontvanger, sosio-ekonomiese strukture, opvoedingspeil en religieuse betrokkenheid, speel 'n rol in die effek wat die media op die ontvanger het (Comstock et al., 1978:232; Van Deventer, 1987:82). Liebert en Baron (1972) en Leifer en Roberts (1972) het byvoorbeeld bevind dat seuns meer aggressief as meisies optree na blootstelling aan 'n geweldsprogram.

Uit die voorgaande kom dit dus voor asof die media verskeie soorte effekte op die kyker kan hê. Alhoewel baie van hierdie hipoteses teenstellend is, berus sommige daarvan op die sosiale leerteorie van Bandura, waar die effek van die media grootliks 'n funksie van leer is. Dit is dan ook volgens Comstock et al. (1978:261) die minste betwisbare veralgemening oor die effek van die media op die mens - dat idees, informasie en gedrag van die media geleer word. In 'n poging om dus die moontlike effek van geweld en erotika in video's op kinders te verstaan, is dit noodsaaklik om te kyk na hoé hierdie leerproses plaasvind. Binne die sosiale leerteoretiese raamwerk is dit ook nodig om te kyk na die verskeie ontwikkelingsfases van die kind en hoe hy media-inhoud ontvang, verwerk en interpreteer - met spesifieke verwysing na die adolessent.

Adolessensie kan beskou word as 'n spesiale ontwikkelingsperiode (vgl. hoofstuk 3), met unieke behoeftes en gebeure. Dit sal dus redelik wees om aan te neem dat perspektiewe en take wat met die fundamentele aangeleenthede van adolessensie geassosieer word, 'n invloed sal hê op die adolessent se reaksie.

4.4 DIE SOSIALE LEERTEORIE EN DIE AANLEER VAN GEDRAG

Verskeie teorieë bestaan om menslike gedrag te verklaar. Die hele kwessie van hoe die mens leer, het tot uiteenlopende standpunte aanleiding gegee. Só byvoorbeeld bestaan daar die behavio-risme, wat meen dat menslike gedrag hoofsaaklik 'n funksie is van

die menslike omgewing waarin hy lewe. Andere, die sogenaamde kognitiewe humaniste, meen weer dat menslike gedrag die gevolg is van die vrye keuse van die mens, en is dus hoofsaaklik kognitief gerig (vgl. Swenson, 1980). Die sosiale leerteorie van Albert Bandura beklemtoon die behavioristiese benadering, met ook kognitiewe elemente wat 'n rol speel in die aanleer van gedrag.

Volgens die sosiale leerteorie (Bandura, 1977:10) word gedrag gevorm na aanleiding van interaksie van persone en die omgewing met mekaar. Gedrag, persoonlike faktore en omgewingsfaktore opereer dus as onderlinge determinante van mekaar. Die invloed wat deur die interafhanklike faktore uitgeoefen word, verskil in verskeie omstandighede en vir verskillende gedragswyses. Soms bepaal omgewingsfaktore gedrag en soms bepaal persoonlikheidsfaktore gedrag. Vanuit hierdie standpunt is die volgende hoofdeterminante prominent in die sosiale leerteorie:

- Gedrag word aangeleer deur middel van die nabootsing van die gedrag van ander wat as modelle dien.
- Die vermoë van die mens om simbole te gebruik, stel 'n mens in staat om effektief met die omgewing om te gaan. Deur verbale en denkbeeldige simbole ervaar en prosesseer die mens ondervindings, wat as gids dien vir toekomstige gedrag (die kognitiewe prosessering en bewaring van gebeurtenisse).
- Die voorsiening van selfregulerende kapasiteite. Deur die rangskikking van omgewingsgebeure, wat kognitiewe ondersteuning genereer en resultate vir menslike gedrag produseer, is 'n mens in staat om 'n mate van beheer oor hulle eie gedrag uit te oefen. Hierdie funksies word geskep en soms ondersteun deur eksterne invloede. Hierdie beginsel kom dus in hoofsaak daarop neer dat gedrag gereguleer word deur die waarneming van die mens self en ander se konsekwensies van hulle gedrag (Bandura, 1977:11-13).

Die wyse waarop daar van ander geleer word, geskied dus deur die proses van waarnemingsleer. Hierdeur word ander se gedrag waargeneem, wat tot nabootsing van die spesifieke gedragsvorm kan lei.

Volgens die sosiale leerteorie word gedrag simbolies geleer deur sentrale prosessering van informasie voor dit uitgevoer word. Deur die waarneming van 'n model vorm die individu 'n idee van hoe response gekombineer word om die nuwe gedrag te genereer. In teenstelling met versterkingsteorieë, wat die standpunt huldig dat responselemente versterk moet word om geleer te word (deur positiewe of negatiewe versterking), rig mense hulle gedrag ooreenkomstig vorige idees, eerder as om staat te maak op die konsekwensies van gedrag. Versterking speel egter 'n rol in waarnemingsleer, maar hoofsaaklik as 'n antesedent, en oefen dus nie 'n konsekwente invloed uit op waarnemingsleer nie. Indien 'n model se gedrag effektief is en beloon of gestraf word, kan die waarnemingsleer verbeter deur die vermeerdering van 'n waarnemer se aandag aan die gemodelleerde aksies. Bandura sien dus versterking as 'n toevalligheid in die proses van waarnemingsleer (Bandura, 1977:37).

Die vernaamste tipe modelle vir waarnemingsleer is gesinsmodelle, subkulturele modelle en simboliese modelle soos voorsien word deur die massamedia (Ribes-Inesta en Bandura, 1976:206). Die sosiale leerteorie verklaar dan ook hoe die massamedia 'n rol speel in die aanleer van gedrag. Bandura en Walters (1963:49) is van mening dat die massamedia besonder invloedryke bronne van gedragspatrone is. As gevolg van baie tyd wat aan die oudio-visuele media bestee word, word kinders blootgestel aan modelle wat 'n groot invloed kan uitoefen in die vorming van gedragspatrone en die versterking van sosiale norme. Ouers staan die gevaar om in dié proses minder invloedryke rolmodelle te wees.

Hoewel Bandura se leerteorie kognitiewe elemente bevat, is Huesman en Eron (1986:9) van mening dat sy oorspronklike definisie van waarnemingsleer baie nou en spesifiek gedragsgerig is,

veral ten opsigte van mediagedrag.

In die ontleding van die leidende subprosesse in die waarnemingsproses moet dus baie gesteun word op die ontwikkelingsielkunde, waar die ontwikkeling van sekere kognitiewe aspekte met betrekking tot die media volledig beskryf word. Huesman (1988) se informasieprosesseringsmodel kan ook beskou word as 'n groot bydrae tot die waarnemingsleermodel, wat die kognitiewe aspekte sterk beklemtoon.

4.4.1 Leidende subprosesse in die waarnemingsleerproses met verwysing na die kognitiewe en affektiewe ontwikkelingsstadia van die adolessent

Leer is volgens Bandura (1977:24; 1986:51) hoofsaaklik 'n informasieprosesseringsaktiwiteit ten opsigte van die struktuur van gedrag en omgewingsgebeure. Laasgenoemde word omvorm in simboliese aanbiedinge, wat dan as riglyn vir toekomstige en toepaslike gedrag dien.

In die proses van leer onderskei Bandura tussen vier komponenteprosesse, naamlik aandag-, retensie-, motoriese reproduksie- en motiveringsprosesse (vgl. tabel 4.1).

TABEL 4.1
SUBPROSESSE IN DIE WAARNEMINGSLEERPROSES

EMODELLEERDE
GEBEURE

SOORTGELYKE
GEDRAG

AANDAG	RETENSIE	PRODUKSIE	MOTIVERING
Gemodelleerde ge- beure -opvallendheid -affektiewe valensie -kompleksiteit -voorkoms (syfer) -funksionele waarde Waarnemereien- skappe -persepsuele vermoëns -persepsuele stel -kognitiewe vermoëns -opwekkingsvlak -aangeleerde voorkeure	-simboliese kodering -kognitiewe organisasie -herhaling -voorskriftelike herhaling Waarnemereien- skappe -kognitiewe vermoëns -kognitiewe strukture	-kognitiewe aanbieding -waarneem van bepalings -terugvoer- informatie -konsep- vergelyking Waarnemereien- skappe -fisiese ver- moëns -komponente sub- vermoëns	-eksterne aansporing -gewaarwordend -tasbaar -sosiaal -kontrole -plaasver- vangende aansporing -selfevaluerend Waarnemereien- skappe -aansporings- voorkeure -sosiaal ver- gelykbare vooroordele -interne stan- daarde

(Bandura, 1986:52)

'n Mens moet dus aandag gee aan 'n gebeurtenis wat daarna gekodeer en herhaal word. Daarna word bepaal hoe dit uitgevoer gaan word, wat dan uiteindelik aanleiding gee tot die uitvoering van die gedrag. Of dit weer herhaal gaan word, hang af van versterking (positief of negatief).

Hierdie subfunksies van observasieleer ontwikkel grootliks met rypwording en ondervinding van die kind. In die vroegste jare van ontwikkeling word kinders se nabootsing grootliks beperk tot onmiddellike nabootsing (byvoorbeeld as 'n model aan iemand slaan, sal die kind hom nadoen en ook aan iemand slaan). Soos kinders

ontwikkel en ook die vermoë ontwikkel betreffende die simbolisering van ondervinding en die verwerking daarvan na motoriese modaliteite, vermeerder hulle kapasiteit vir vertraagde ("delayed") nabootsing van ingewikkelde patrone van gedrag. Namate die kind ouer word, word vaardigheid in waarnemingsleer verder verhoog deur die verwerking en verbetering van vermoëns in selektiewe observasie, geheuekodering en koördinerende sensorimotoriese en ideomotoriese sisteme, asook deur die vermoë om die moontlike resultate van nabootsende gedrag raak te sien. Die kind sal dus 'n gebeurtenis in verband plaas en dink aan die moontlike resultate van die gedrag. Die leerproses, en dus die kognitiewe vermoë van die kind, verbeter dus namate hy ouer word.

Die kognitiewe ontwikkeling van die mens word dan ook gewoonlik aan die hand van ouderdom beskryf in ontwikkelingstudies. Alhoewel gedrag wat met die kognitiewe aspek te doen het oor die algemeen verbeter namate die mens ouer word, is die verhoudings nie altyd reëlmatig nie. Die rede hiervoor is dat daar saam met die kognitiewe ontwikkeling ook vele ander aspekte ontwikkel. Hierdie faktore beskryf wat die massamedia vir die adolessent kan beteken (Roberts, 1989:8):

Die adolessente jare word eerstens gekenmerk deur 'n intense soektog na informasie as gevolg van toenemende onsekerheid. Ouerbeheer begin kwyn en adolessente begin informasie by nuwe bronne soek. Tweedens word ontwikkelingstake op verskeie tye gekonfronteer, wat meebring dat adolessente op verskeie dinge in 'n video kan konsentreer, byvoorbeeld hoe om op te tree in 'n liefdesverhouding en hoe om teenoor jou ouers op te tree.

Die massamedia speel hier 'n belangrike rol. Eerstens voorsien die massamedia voldoende inligting waarna die adolessent soek, byvoorbeeld hoe om op te tree in heteroseksuele verhoudings. Inligting deur die media is maklik bekombaar en daar hoef nie vrae gevra te word soos dit in die geval van 'n interpersoonlike bron sou gewees het nie. Tweedens maak die oudiovisuele aard van televisie en video dit moontlik dat modelle maklik nageboots kan word. Televisieprogramme en video's beeld menige gedragswyses uit wat belangrik is

vir die adolessent, byvoorbeeld hoe om te soen. Hierdie gedragswyses word herhaaldelik in 'n verskeidenheid van kontekste uitgebeeld, wat die moontlikheid kan verhoog dat daar aan die informasie aandag gegee sal word, dit begryp en bewaar sal word.

Die kapasiteit van waarnemingsleer gaan dus hand aan hand met die ontwikkelingsfaktore, wat eersgenoemde beïnvloed. Om te verstaan hoé hierdie ontwikkelingsfaktore die kapasiteit van waarnemingsleer beïnvloed, word die meting van die graad van ontwikkeling van die komponentefunksies (aandag, retensie, motoriese reproduksie en motivering) genoodsaak (Bandura, 1977:28).

Volgens Comstock et al. (1978:261) moet daar duidelik onderskei word tussen die verwerwing van 'n spesifieke gedragvorm en die uitvoering daarvan. Verwerwing van 'n gedragvorm sluit aandag en retensie in, terwyl uitvoering motoriese reproduksie en versterking insluit.

4.4.1.1 Aandag

'n Mens kan nie veel deur waarneming leer indien daar nie aandag geskenk word aan gemodelleerde gedrag nie. Aandag bepaal wat selektief waargeneem word in die proses van observasie en wat uit sulke blootstelling gehaal word.

Volgens Krugman en Johnson (1991:229) gee kykers meer aandag aan die inhoud van gehuurde video's, aangesien die voorbereidingsproses om na 'n video te kyk, baie intensiewer is as die kyk na gewone televisieprogramme: 'n Video moet vooraf in 'n videowinkel gekies en gehuur word. Dit is dus nie net 'n knoppie wat aangeskakel kan word as daar gekyk wil word nie. Video's gee die kyker volle beheer oor dit waarna en wanneer gekyk wil word. Hierdie volle beheer gee aanleiding tot verhoogde aandag gedurende die kykproses. Genoemde navorsers het ook bevind dat visuele oriëntasie met betrekking tot gewone televisieprogramme 61% was, terwyl die visuele oriëntasie met betrekking tot die kyk van video's 82% was. Kykers hou hulle dus meer met ander take besig (soos huiswerk, praat of lees) as hulle televisie kyk. Met die kyk van video's word meer op die skerm gekonsentreer.

In die proses van aandag gee, speel kognitiewe faktore egter 'n deurslaggewende rol wat bepaal of 'n kyker aandag sal skenk of nie. Hierdie faktore is die eienskappe van die gemodelleerde aktiwiteite, eienskappe van die waarnemer, funksionele waarde van gedragspatrone, die mag van aantrekking, verhoogde nabootsing deur beklemtoning van betekenis en die strukturele ordening en waarneembaarheid van gedragspatrone. Al hierdie faktore beïnvloed die kapasiteit van waarnemingsleer (Bandura, 1986:51).

4.4.1.1.1 Eienskappe van gemodelleerde aktiwiteite

Die spoed en vlak van waarnemingsleer word geraak deur die opvallendheid, onderskeid en kompleksiteit van die gemodelleerde aktiwiteite. Eenvoudige aksies kan maklik geleer word. In die vroeë ontwikkelings stadium van die kind, waar die vermoë om aandag te behou nog nie ten volle ontwikkel is nie en die aandag maklik afgetrek kan word, sukkel hy om selfs eenvoudige gemodelleerde handeling aan te leer. Soos ondervinding toeneem, verbeter die vermoë om aandag te behou, soos om byvoorbeeld selektief aandag te gee aan wat geleer word (Bandura, 1986:86).

Navorsing het bewys dat formele eienskappe in televisieprogramme, soos aksie, tempo, spesiale effekte, visuele en auditiewe tegnieke, jong kinders se aandag trek en behou, aangesien hierdie eienskappe hoogs opvallend is. Hierdie navorsing het ook aan die lig gebring dat kinders se aandag vermeerder namate die kind ouer word. Terwyl jonger kinders grotendeels op die formele eienskappe gekonsentreer het, het ouer kinders op die formele eienskappe sowel as die inhoud gekonsentreer. Laasgenoemde gebruik hierdie opvallende eienskappe om hulle aandag te lei en te koördineer ten opsigte van die inhoudelike. Alhoewel die formele eienskappe meer aandag trek as geweld *per se*, verhoog die kombinasie van geweld en formele eienskappe in televisieprogramme, die aandag en begrip (Anderson et al., 1979:354; Huston en Wright, 1983:35; Wright en Huston, 1983:835).

Hieruit kan dus aangeneem word dat ouer kinders die inhoud van 'n video vinniger sal begryp as jonger kinders, as gevolg van eers-

genoemde se vermoë om beter aandag te gee.

4.4.1.1.2 Waarnemereienskappe

Die waarnemer se kognitiewe vaardigheid en persepsuele vermoë speel 'n betekenisvolle rol in die proses van waarnemingsleer. Dié faktore gee aanleiding daartoe dat hy na sekere goed kyk en nie na ander nie, en ook hoë hy informasie interpreteer. Die waarnemer se kognitiewe vaardigheid vir die prosessering van gemodelleerde informasie beperk die hoeveelheid waarnemingsleer. Indien gemodelleerde gebeure voorkom in 'n vinnige tempo, of 'n hoë vlak van kompleksiteit, wat nie deur die waarnemer se kognitiewe vermoëns verwerk kan word nie, sal waarnemingsleer fragmentêr plaasvind (Bandura, 1986:53).

Volgens Piaget (1947:123) bereik die adolessent die fase van die formeel-operasionele denke, wat die laaste fase van vier kognitiewe ontwikkelingstadia is. Hierdie fase van ontwikkeling word gekenmerk deur die vermoë om abstrak te dink, om te dink aan verwantskappe, abstrakte begrippe (byvoorbeeld liefde en haat), die bestaande sosiale, politieke en godsdienstige stelsels te ondersoek en om waardestelsels te bevraagteken (Louw et al., 1985:360). Dacey (1979:102) is van mening dat die mens gedurende die formeel-operasionele fase sy volle potensiaal ten opsigte van sy denkvermoë ontwikkel.

Collins (1983) se navorsing dui daarop dat ouer kinders oor die vermoë beskik om implisiete inhoud te begryp, waar jonger kinders merendeels die eksplisiete kan begryp. In 'n studie deur Silverman-Watkins en Sprafkin (1983) is kinders tussen die ouderdom van twaalf en sestien blootgestel aan 'n reeks snitte uit 'n televisieprogram wat seksuele insinuasies bevat het. Hierdie insinuasies het verwysings na geslagtelike omgang, verkragting, homoseksualiteit, prostitusie en transvestisme ingesluit. Die veertien- tot sestien-jariges het hierdie insinuasies in 'n meerdere mate begryp as die twaalfjariges. Daar kan dus verwag word dat adolessente abstrakte temas in rolprente en video's sal begryp.

4.4.1.1.3 Funksionele waarde van gedragspatrone

Suksesvolle gedragspatrone trek baie meer aandag as minder suksesvolle gedrag. Die voordeel van gemodelleerde vermoëns en strategieë voorsien aanmoediging om aandag te gee aan hoe ander optree - veral as dieselfde take uitgevoer wil word.

Die gee van aandag aan gebeure word beïnvloed deur die resultate van gedrag wat deur ander ervaar word, sowel as die resultate van gedrag wat self ervaar word. Mense gee baie meer aandag aan gemodelleerde gedrag wat lonende gevolge het, maar ignoreer gedrag wat nie voordele inhou nie. Daarom word aandag verhoog deur straf en beloning van 'n model se gedrag, wat aanleiding gee tot 'n hoë vlak van waarnemingsleer.

Alhoewel waargenome straf aandag trek en dus leer verhoog, vermy mense oor die algemeen modelle wat pynlike resultate vir hulle gedrag ondervind. Mense is meer geneig om modelle te selekteer wat positiewe gevolge produseer, as dié wat herhaaldelik gestraf word (Bandura, 1986:54).

Hierdie konsekwensies van daad het ook 'n invloed op die werklike motivering en uitvoer van gedrag. Die ervaring en verwerking hiervan deur die adolessent word elders bespreek (vgl. 4.4.1.4).

4.4.1.1.4 Die mag van aantrekking

Aandag word ook gekanaliseer deur die aantreklikheid van modelle. Modelle wat interessant en ook lonend in optrede is, word uitgesoek, in teenstelling met dié wat onaantreklik is en wat geïgnoreer word.

Geslagsrolle word gedurende die kind se ontwikkeling aangeleer deur die straf van sekere gedragswyses. Seuns moet manlik wees en meisies vroulik. In die adolessente jare verskerp hierdie behoefte na 'n eie manlike of vroulike identiteit. Die meeste helde en heldinne in rolprente en video's word dan ook so aantreklik en manlik/vroulik as moontlik uitgebeeld. Mans word uitgebeeld as

ambisieus, dominant en gewelddadig en vrouens as romanties, warm en fyn (Huston-Stein en Welch, 1980:250; Condry, 1989:68). Hierdie uitbeelding vergemaklik die identifikasieproses aangesien die adolessent in sy soeke na 'n selfidentiteit, hoofkarakters as 'n belangrike rolmodel kan beskou (Huston-Stein en Welch, 1980:250).

Navorsing dui daarop dat kinders wat met gewelddadige karakters geïdentifiseer het, geneig is om meer aggressief op te tree as kinders wat nie met sulke karakters geïdentifiseer het nie (Huesman et al., 1984).

4.4.1.1.5 Verhoogde nabootsing deur beklemtoning van betekenis

Waarnemingsleer word dikwels vertraag deur faktore wat aandag kan beïnvloed. Hierdie faktore kan te wyte wees aan oneffektiewe kognitiewe vermoëns, foutiewe vorige leer, vooroordele of onvoldoende aanmoediging. In sulke gevalle kan verskeie prosedures gevolg word om aandag te verhoog. Waarnemers se aandag kan byvoorbeeld gekanaliseer word deur fisiese beklemtoning van essensiële inligting, soos die toepassing van straf ná 'n verkeerde daad.

Te veel gemodelleerde informasie kan lei tot verkeerde observasieleer. As mense 'n hele uitvoering waarneem, faal hulle om die essensiële detail te begryp. Waarnemers verwar aspekte van wat hulle sien en hoor, en ontwikkel dan verkeerde persepsies van gemodelleerde gedrag (Bandura, 1986:54).

Ontwikkelingsnavorsing het bewys dat die adolessent oor 'n groter vermoë beskik om aandag aan relevante inligting te gee, soos die motiewe van 'n karakter of die verband tussen gebeure. Hierdie navorsing dui daarop dat adolessente meer selektief is, irrelevante informasie ignoreer en merendeels fokus op die relevante, in vergelyking met pre-adolessente kinders (Collins, 1970:1140; Collins, 1979:27; Collins et al., 1978:395). Adolessente beskik ook oor 'n beter vermoë om essensiële informasie korrek te rangskik, sodat die betekenis van 'n storie begryp word (Leifer et al., 1971:1514) en om die korrekte afleidings ten opsigte van implisiete

inhoud te maak. Kinders se vermoë om essensiële informasie te begryp, bereik op die ouderdom van ongeveer dertien tot veertien jaar die vlak van 'n volwassene (Collins, 1979:28; Condry, 1989:158).

Hieruit kan dus afgelei word dat adolessente oor 'n beter leervermoë beskik as jonger kinders, vanweë die fokus van hulle aandag op essensiële informasie, die selektering en organisering daarvan, beter begripsvermoë en die maak van korrekte afleidings oor interpersoonlike verhoudings.

4.4.1.1.6 Strukturele rangskikking en waarneembaarheid van gedragspatrone

Afgesien van persoonlike faktore wat aandag beïnvloed, is daar ook ander faktore wat van groot belang is. Indien daar maklik met iemand geassosieer word, of dit nou deur voorkeur of dwang is, word waarnemingsleer verhoog en word gedrag makliker geleer. Kinders is ook meer geneig om aandag te skenk aan karakters wat dieselfde eienskappe en behoeftes as hulleself het.

Die wyse waarop 'n gemeenskap sosiaal georganiseer is, bepaal die tipe van modelle waaraan mens blootgestel word. Sosiale sisteme wat sterk ingestel is op ouderdom, geslag en klasse, isoleer die een groep van 'n ander en die assosiasiegroep speel dus 'n uiters belangrike rol. In sommige kulture is adolessente en ouers in totaal verskillende wêreldes. Dis dan ook hier waar die sosialiseringsproses van die adolessent in groepsverband 'n belangrike rol speel.

Die koms van televisie, video en ander elektroniese media het hierdie isolasie verbreek en groepe van verskeie kulture, klasse en ouderdom word blootgestel aan die lewenswyses en gewoontes van ander (Bandura, 1986:55). Hurlock (1980:244) meen dat televisie inderdaad 'n groot rol speel in die sosialiseringsproses van die adolessent deur sy soeke na 'n volwaardige, goedgekeurde vervulling van 'n geslagsrol. In hierdie fase is hy op soek na inligting aangaande liefde en seks om sodoende 'n volwaardige perspektief op hierdie ontwikkelingstaak te verkry. Volgens Sapolsky en Tabarlet (1991:506) is veral die

adolescent vatbaar vir seksuele boodskappe in volwasse televisieprogramme.

In die Westerse gemeenskap bestaan daar egter 'n redelike mate van geheimhouding aangaande seksuele opvoeding en bestaan daar dus min geleentheid om deur nabootsing van 'n ouermodel kennis aangaande volwasse seksuele gedrag op te doen. Onderlinge gesprekvoering in die adolessente portuurgroep en die massamedia is 'n belangrike bron van seksuele inligting (Catton, 1969:293; Eysenck en Nias, 1978:163; Bandura en Walters, 1963:150). Baran (1976:468) meen dat indien adolessente grootliks op die massamedia steun vir seksuele sosialisering, die akkuraatheid wat betref die uitbeelding van seksuele gedrag kritiek word. Die uitbeelding van seksuele gedrag moet in 'n ernstige lig oorweeg word, want as die "verkeerde inligting" ten opsigte van seksuele gedrag voorgehou word, kan dit skade aanrig. Wilson et al. (1990:459) meen dat dit redelik sou wees om aan te neem dat sommige adolessente hulle eerste blootstelling aan seks deur middel van gehuurde video's kry.

Uit voorgaande bespreking wil dit voorkom asof die adolescent se vermoë om aandag te gee baie beter ontwikkel is as dié van die jonger kind. Dit kan afgelei word van die feit dat hy in staat is om te fokus op essensiële informasie, inhoudelike en formele eienskappe. Hy het ook sy volle denkpotensiaal bereik. Die adolescent kan ook essensiële informasie selekteer en organiseer en die korrekte afleidings maak. Alhoewel dit alles dus daarop dui dat die adolescent oor 'n groter kognitiewe ryphed beskik, blyk dit dat die ontwikkelingsfase waarin die adolescent is, 'n besonder sensitiewe een is, waar hy soek na 'n identiteit, selfversekerdheid en inligting oor liefde en seks.

4.4.1.2 Retensie

Retensie is van groot belang, aangesien daar 'n lang tyd verby kan gaan nadat 'n televisie- of video-uitbeelding gesien is voordat die gedrag nageboots word. As die waarnemer dus nie kan onthou wat hy gesien het nie, sal die gedrag nie nageboots word nie. Die gemodel-

leerde informasie moet dus in simboliese vorm in die geheue bewaar word om die korrekte gedrag te onthou.

Retensie berus hoofsaaklik op twee faktore, naamlik simboliese kodering en herhaling. Gedurende die proses van kodering moet die beeld volgens Bandura (1969:140) gekodeer, geklassifiseer en georganiseer word in bekende en meer "onthoubare" skemas. Indien die sekvens wel gekodeer word, moet die gedeelte oor en oor herhaal word, deur onder andere fantasering, wat dan later toegepas kan word. Indien 'n kind byvoorbeeld 'n betrokke gewelddadige toneel as realisties ervaar en ook met die aggressor kan identifiseer, sal die kind meer geneig wees tot kodering, herhaling en uiteindelijke nabootsing - veral as dit geassosieer word met suksesvolle probleemoplossing (Bandura, 1969:140; Huesman, 1988:21).

Daar kan verwag word dat retensie sal verbeter namate die kind ouer word, aangesien simboliese kodering direk betrekking het op ouderdom. Volgens Piaget (Gruber en Vonèche, 1977:650) ontwikkel die geheue van die ontwikkelende kind namate hy ouer word en verbeter sy vermoë om te kodeer en te onthou.

Die vermoë om te onthou is nog nie ten volle ontwikkel by die jong kind nie. Die rede hiervoor is onder andere as gevolg van die feit dat jong kinders 'n tekort aan ondervinding het wat hulle kan help om nuwe informasie te begryp. Dit duur lank voordat kinders tot die besef kom dat hulle hul toekomstige gedrag kan verbeter deur die simbolisering en herhaling van onmiddellike ondervindings. Jong kinders sal enkele aksies naboots, maar nie die hele aksie kan koördineer nie en vergeet wat om volgende te doen. Die kompleksiteit van simbolisering vermeerder met ouderdom, sodat 'n groot hoeveelheid relevante informasie in algemene konsepte gekodeer en geïntegreer word. Dit alles dui dus daarop dat die adolessent 'n hele aksie in sy geheel kan onthou, en nie net op een aspek konsentreer nie.

4.4.1.3 Motoriese reproduksie

Die derde hoofkomponent van waarnemingsleer het betrekking op die gebruikmaking van simboliese aanbiedinge van gemodelleerde patrone in die vorm van denkkeeldige en verbale inhoud om ower te gedrag te lei. Gedragsreproduksie word verkry deur die ruimtelike en tydelike organisering van response ooreenkomstig die model of die denkkeeldige voorstelling van die aktiwiteit. Jong kinders het byvoorbeeld aanvanklik probleme met die wisseling van ruimtelike oriëntasie. As jong kinders 'n model naboots wat na die kind toe kyk, moet die kind nie alleenlik vorentoe- en agtertoe-bewegings onderskei nie, maar moet ook die gedrag waarneem vanuit die perspektief van die model. Hierdie gedrag moet voorts gemonitor en vergelyk word met die model en foutiewelike nabootsing moet reggestel word (Bandura, 1986:90).

Motoriese reproduksie word geraak deur die hoeveelheid waarnemingsleer en kompleksiteit van die gedrag. As daar dus min of geen waarnemingsleer plaagevind het nie, sal motoriese reproduksie nie plaasvind nie.

Waarnemingsleer kan egter nie op gedragsvlak gereflekteer word, alvorens die noodsaaklike fisiese ryphed nie bereik is nie. Namate die kind ouer word, word hierdie vlak bereik (Bandura, 1986:63, 90).

Comstock et al. (1978:432) wys daarop dat daar 'n groot verskil is tussen die verwerwingsproses en die uitvoeringsproses. Hierdie onderskeid word gemaak omdat mense nie alles uitvoer wat hulle gesien het nie. Hulle mag die vermoë hê om die gedrag uit te voer, maar dit nooit regtig doen nie, of andersom. Sô kan 'n kind byvoorbeeld die gedrag van sy ouers aanleer, maar nie naboots gedurende sy kinderjare nie. Hy mag dit wel doen as hy ook eendag 'n ouer is, met ander woorde as hy 'n spesiale rol beklee. Of 'n persoon egter 'n spesifieke gedrag sal naboots of nie, hang van die alternatiewe af wat hy tot sy beskikking het, wat ons uiteindelik by die werklike uitvoering van gedrag bring.

4.4.1.4 Motivering

Gedrag word volgens Bandura (1977:96) gereguleer deur die waargenome resultate van die gedrag. Gedrag wat daarom positiewe resultate het, sal veel eerder nageboots word as gedrag met negatiewe resultate. Daarom kan sekere gedragswyses gehandhaaf word met selfs ongereeelde, onmiddellike versterking.

Bandura (1977:97) onderskei vervolgens tussen drie faktore waarvolgens menslike gedrag gelei en gehandhaaf word, naamlik direkte eksterne, indirekte en selfversterking.

Direkte eksterne versterking het in hoofsaak te make met die belonings wat byvoorbeeld aggressiewe gedrag tot gevolg het, byvoorbeeld geld, status, pynvermindering, ens. Selfversterking het betrekking op die sosialiseringsproses, byvoorbeeld die negatiewe of positiewe goedkeuring van aggressie.

Indirekte versterking daarenteen het hoofsaaklik te doen met die waarneming van die resultate van ander se aggressiewe gedrag, asook die respons van die resultate wat met die aksie gepaardgaan. Die dramatiese konteks waarin aggressie in die media aangebied word, of byvoorbeeld voorhuwelikse geslagsgemeenskap - insluitende die model se motiewe, dade en resultate - het dus 'n bepalende invloed op die disinhibisie van aggressie en seksuele aktiwiteite. Bandura (1973:204) is van mening dat die media goed voorsiening maak vir die waarneming van die resultate van aggressie, waar geweld herhaaldelik deur die held gebruik word, sonder enige morele implikasies of tragiese gevolge.

'n Algemene tema in rolprente en video's is juis die uitbeelding van die held wat geforseer word om gewelddadig op te tree omdat sy werk dit vereis (byvoorbeeld "Die Hard") of omdat hy moet weerwraak neem op 'n vyand (byvoorbeeld "Rambo") (Wilson et al., 1990:454). Studies van Bandura et al. (1963a en 1963b) toon aan dat wanneer simboliese gedrag as geregverdig of nie geregverdig uitgebeeld word, nabootsing by jong kinders vermeerder na aanleiding van eersgenoemde en

verminder na aanleiding van laasgenoemde.

Dade van geweld word ook uitgebeeld asof dit geen fisiese effek op die slagoffer het nie. Deur te fokus op die daad, eerder as op die individu, word die minder ernstige (daad en tegniek) beklemtoon, eerder as die ernstige (die resultate) - byvoorbeeld in die Wilde Weste-genre (Baker en Ball, 1969:322; Brody, 1977:322). Andersins word daar op daade van geweld gekonsentreer deur middel van nabyskote, soos in die geval van die gruwelprent (Ebert, 1981:65; Tamborini et al., 1987:547).

Volgens Bandura (1977:18) dien versterkte resultate van 'n handeling as 'n wyse om waarnemers in te lig oor wat om te doen om die regte gevolge vir hulle daade te verkry. Omdat leer grootliks 'n kognitiewe proses is, kan die resultate van gedrag egter min of geen verandering in gedrag teweegbring indien daar nie 'n graad van bewustheid bestaan teenoor dit wat versterk word nie. Onmiddellikheid van die resultate van gedrag is daarom baie belangrik vir jong kinders, aangesien jong kinders 'n probleem het om die verwantskap tussen aksies en gevolge te begryp of waar te neem. Namate die kind egter ouer word en kognitiewe vermoëns ontwikkel, kan hierdie verwantskap wel raakgesien en begryp word, sodat hulle presies weet wat versterk word (p. 103).

Navorsing met betrekking tot die begrip van die ontwikkelende kind ten opsigte van die motief en resultaat van modelle se daade, toon aan dat die adolessent wel oor die vermoë beskik om hierdie verwantskap te begryp. Die idee van regverdiging ontstaan volgens Piaget (Gruber en Vonèche, 1977:147) reeds vroeg by die kind, maar die jonger kind is geneig om die resultaat van 'n daad te beklemtoon, terwyl hierdie neiging ongeveer in die negende en tiende lewensjaar ontwikkel in 'n vermoë om die motief én resultaat van 'n handeling te begryp. Blootstelling van kinders in verskeie ouderdomsgroepe aan televisieprogramme het ook hierdie stelling bewys (Collins et al., 1974:800; Leifer en Roberts, 1972:89).

Collins et al. (1974:802) meen dat dit juis jong kinders is wat nie die vermoë het om hierdie verwantskap te begryp nie, wat meer geneig

sal wees om aggressiewe handeling na te boots. In rolprente of video's waar die straf van 'n gewelddadige handeling eers aan die einde van die rolprent of video gewys word, sal jonger kinders dus die geweld as aanvaarbaar beskou, aangesien die gewelddadige handeling nie onmiddellik gestraf is nie (Wilson et al., 1990:453).

Studies wat onder adolessente gedoen is ten opsigte van die resultaat van 'n aggressiewe daad, het aan die lig gebring dat regverdiging van aggressiewe handeling tog 'n rol speel in die uitlokking van aggressie. Berkowitz en Rawlings (1963:407) het universiteitstudente aan 'n gewelddadige bokseveg blootgestel. Die een gedeelte van die rolprent het die bokser uitgebeeld asof hy die gepaardgaande pyn verdien en in 'n ander gedeelte is hy uitgebeeld as 'n simpatieke, ongelukkige slagoffer van omstandighede. Studente wat die geregverdigde geweld gesien het, was na die tyd meer aggressief. Dieselfde resultate is ook verkry deur ander studies, onder andere onder studente wat opsetlik voor die eksperiment kwaad gemaak is (Berkowitz et al., 1963; Collins, et al., 1974) en misdadige adolessente seuns (Hartman, 1969; Berkowitz en Geen, 1966; Geen en Berkowitz, 1966).

Volgens die sosiale leerteorie speel die **onderskeidingsvermoë** van die kind ook 'n definitiewe rol in die aanleer van aggressie. Hoe meer realisties 'n kind 'n toneel soos geweld ervaar, hoe meer geneig sal hy wees om dit na te boots - veral as dit geregverdig uitgebeeld word.

Navorsing dui daarop dat hoe ouer die kind word, hoe meer beskik hy oor die vermoë om tussen realisme en fiksie te onderskei (Greenberg en Reeves, 1976:93; Lyle en Hoffman, 1972:175; Noble, 1975:107). Sommige eksperimente dui daarop dat uitbeeldings wat as realisties ervaar word, 'n effek het op aggressiewe response van adolessente (McLeod et al., 1972a:190; 1972b:267; Feshbach, 1972:340).

Wilson et al. (1990:453) meen dat ouer kinders meer as jonger kinders geraak word deur geweld in rolprente en video's wat realisties uitgebeeld word, aangesien hulle die geweld as "menslik moontlik" kan

ervaar. Jonger kinders kan deur sowel realistiese as fiktiewe rolprent- en videogeweld geraak word - indien hulle die handeling as konkreet en visueel ervaar.

Uit voorafgaande bespreking kan die aanname gemaak word dat die kind se vermoë om te leer, toeneem namate hy ouer word. Dit blyk ook dat die adolessent se vermoë tot waarnemingsleer heelwat beter ontwikkel is as dié van die jonger kind. Die feit dat hy dus op 'n hoër kognitiewe vlak beweeg, die vermoë tot insig in interpersoonlike verhoudings het en motiewe en resultate van gedrag kan verstaan, maak hom nie weerbaar teen negatiewe invloede soos mediageweld en erotika nie. Inteendeel, soos dit ook uit die literatuur blyk, maak die stadium van adolessensie, wat beskryf kan word as 'n fase waarin daar gesoek word na nuwe inligting, die adolessent vatbaar vir media-invloede.

Om hierdie stelling egter sonder meer te kan aanneem, moet daar ook gekyk word na die effek van waarnemingsleer op die adolessent - met verwysing na empiriese studies wat in dié veld gedoen is. Dit is vervolgens van belang om te kyk watter werklike effek waarnemingsleer ten opsigte van blootstelling aan seksuele en aggressiewe materiaal op die adolessent het.

4.4.2 Die effek van waarnemingsleer met betrekking tot mediageweld en erotika

Bandura (1986:49) meen dat waarnemingsleer die volgende effekte het: direkte leer, nabootsing (responsfasiliteringseffekte), inhibisie/disinhibisie van gedrag, omgewingseffekte en opwekkings-effekte. Alhoewel hierdie aspekte apart kan funksioneer, funksioneer hulle gewoonlik tesame. Volgens Bandura moet daar deeglik tussen hierdie terme onderskei word om sodoende konsepsuele verwarring te voorkom.

Ter illustrering van wat die effek van waarnemingsleer kan wees, word verwys na twee effekte, naamlik nabootsing en inhibisie/disinhibisie. Alhoewel heelwat navorsing met betrekking tot hierdie aspekte gedoen is - veral ten opsigte van mediageweld - bestaan daar volgens Stipp

en Milavsky (1988:88) 'n algehele tekort aan navorsing ten opsigte van nuwe tegnologie, soos byvoorbeeld die videokasset-opnemer en kabeltelevisie, wat kinders blootstel aan materiaal wat nie vir hulle bedoel is nie. Daar bestaan ook 'n algehele tekort aan navorsing met betrekking tot die effek van erotika. As gevolg van etiese redes word jong kinders nie as proefpersone gebruik in ondersoek nie. Die navorsing wat wel beskikbaar is, word gebruik om afleidings oor die moontlike invloede op kinders te maak (Jordaan en Du Toit, 1989:18).

Alhoewel heelwat van hierdie studies nie in hoofsaak met adolessente gedoen is nie, maar ook met ouer proefpersone soos kollegemans en -dames, dien dit as 'n goeie verwysing van watter effek waarnemingsleer ook op ouer proefpersone kan hê.

4.4.2.1 Nabootsing

Deur die proses van waarnemingsleer kan kognitiewe vermoëns en nuwe gedragswyses aangeleer word deur die waarneming en gevolglike nabootsing van die gemodelleerde aktiwiteit.

Die bekendste navorsing in hierdie kategorie is Bandura se studies met die Bobopoppe, waar jong voorskoolse kinders 'n aggressiewe model naboots (Bandura et al., 1961; 1963a, 1963b). Bandura se navorsing dui ook daarop dat die mate waarin 'n kind aggressiewe gedrag naboots, beïnvloed word deur versterking. Indien aggressiewe gedrag beloon word, is die kind meer geneig tot nabootsing (Bandura, 1965; Bandura et al., 1963a). Indien die model gestraf word vir sy gedrag, is die kind minder geneig tot nabootsing (Bandura, 1965).

Sekere navorsers het ook gepoog om vas te stel op watter ouderdom kinders die meeste vatbaar is vir nabootsing van 'n aggressiewe model.

Eron et al. (1983:77) het bevind dat die tydperk tussen ses en tien jaar veral sensitief is vir waarnemingsleer vir seuns en meisies. Volgens laasgenoemde navorsers kan dit toegeskryf word aan die feit dat kinders voor die ouderdom van nege jaar televisie as baie realis-

ties ervaar (vgl. ook Huesman en Eron, 1986). Hearold (Huesman en Eron, 1986:10) ondersteun dié bevinding, maar is van mening dat aggressie weer kan toeneem gedurende adolessensie.

Wat seksuele nabootsing betref, het ondersoek so vroeg as 1933 (Blumer, 1933:56) aan die lig gebring dat rolprente inderdaad 'n bron van nabootsing onder adolessente seuns en meisies is. Die navorser het proefpersone na blootstelling gevra om 'n rolprent-outobiografie te skryf en het response gekry soos "and when we returned home, she made me make love to her as she had seen the other two do on the screen" (p. 45). Bryant (Baron en Byrne 1987:551) het adolessente en ouer proefpersone aan 'n erotiese rolprent blootgestel. Twee derdes van die mans het na blootstelling die begeerte gehad om dit wat hulle gesien het, na te boots, terwyl die helfte van die vrouens dieselfde begeerte gehad het. 'n Kwart van die mans het die seksuele aktiwiteite wat hulle gesien het, nageboots en 15% van die vrouens het die seksuele aktiwiteite na die tyd nageboots. Laasgenoemde reaksie was die grootste onder hoërskoolkinders. Hoe jonger die kyker was, hoe groter was die begeerte tot nabootsing van die seksuele aktiwiteite.

4.4.2.2 Inhibisie en disinhibisie

Hierdie funksie van waarnemingsleer het te make met die versterking of verswakking van inhibisies van gedrag wat voorheen geleer is. Inhibisie en disinhibisie hang grootliks van drie faktore af, naamlik (i) die waarnemer se oordeel oor sy vermoë om die gemodelleerde gedrag uit te voer, (ii) die waarnemer se persepsies van die gemodelleerde aksies - het dit lonende of nie-lonende gevolge - en (iii) die waarnemer se gevolgtrekking van die waargenome gedrag - of dit dieselfde gevolge vir hom gaan hê as hy dit uitvoer (Bandura, 1986:49).

In baie van hierdie studies met betrekking tot inhibisie en disinhibisie is een groep kinders aan geweldstonele en 'n ander groep aan neutrale of opvoedkundige materiaal blootgestel. Proefpersone is dan gevra om skokke aan 'n leerder toe te dien. Dit was hulle eie

keuse wanneer en hoe lank hulle die skokke wou toedien. S6 byvoorbeeld het Walters en Thomas (1963) adolessente en volwasse mans en vrouens aan 'n aggressiewe toneel in "Rebel Without A Cause" blootgestel, en 'n kontrolegroep aan 'n opvoedkundige rolprent. Aggressie is voor en na die rolprent getoets. Afgesien van die geslag of ouderdom van die proefpersone, het dié wat die geweldstoneel gesien het, meer skokke toegedien.

Laasgenoemde navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat disinhibisie van aggressie op twee wyses kan voorkom: (i) 'n model wat nie gestraf word vir sy aggressie nie, mag lei tot disinhibisie by die waarnemer, en (ii) aggressie kan toeneem by die waarnemer indien daar geen gevolge van aggressiewe gedrag plaasvind nie. Uit die resultate blyk verder dat die adolessente die meeste skokke toegedien het, moontlik as gevolg van die feit dat die inhibisie van aggressie 'n geleidelike proses is wat aanhou tot in die jong volwasse lewensfase. Dit is ook moontlik dat die adolessente in 'n groter mate met die aggressor geïdentifiseer het, omdat die rolprent aggressiewe adolessente uitgebeeld het (p. 252).

Leifer en Roberts (1972:119) se eksperimente waarin die uitbeelding van motiewe vir en gevolge van geweld gevarieer het, het bevind dat motiewe en gevolge geen effek op die aggressiewe gedrag van voor-skoolse tot agtienjarige kinders gehad het nie. Selfs onder die ouer kinders, wat motiewe en gevolge begryp, was daar 'n toename in aggressiewe gedrag - veral onder seuns.

Berkowitz en Rawlings (1963:411) het tot die slotsom gekom dat die feit dat geweld op 'n geregverdigde wyse uitgebeeld word, en daar gesien word dat die skurk sy verdiende loon kry deur middel van aggressiewe optrede, daartoe kan bydra dat 'n persoon die skurk in sy eie lewe ook aggressief behandel.

Die effek van seksuele nabootsing op seksuele gedrag is volgens Bandura (1986:293) velerlei van aard. Dit verminder seksuele inhibisies, leer liefdestegnieke en verander seksuele houdings. Wilson et al. (1990:457) is egter van mening dat navorsing wat in

verband met minder eksplisiete seksuele uitbeelding te doen het, bevind het dat seksuele inhoud 'n beperkende invloed op kinders het. Volgens laasgenoemde skrywers dui navorsing daarop dat kinders tussen twee en twaalf jaar oud nie seksuele verwysings of nie-eksplisiete uitbeeldings van seks verstaan nie en dat adolessente sulke inhoud wel verstaan, maar dat dit nie veel impak op hulle gedrag en oortuigings het nie.

Wilson en Liedtke (1984) het bevind dat die uitbeelding van seks in rolprente wel 'n effek het. Hierdie navorsers het twee ondersoekte geloods om te bepaal watter invloed sekere rolprente op die seksuele aktiwiteite van mans- en damestudente het. Die studente het rolprente soos "Blue Lagoon" en "Endless Love" genoem wat hulle die meeste seksueel geïnspireer het. Verdere ondersoek dui daarop dat 'n aansienlike getal van die mans en dames na die kyk van die rolprente betrokke geraak het by seksuele aktiwiteite, naamlik geslagtelike verkeer, orale-genitale gedrag en masturbasie. Ook ander studies, wat meesal met manlike studente gedoen is, dui daarop dat blootstelling 'n invloed op gedrag het, byvoorbeeld 'n toename in masturbasie (Schmidt et al., 1969:210; Brown et al., 1976:239; Heiby en Becker, 1980:119) en by dames 'n toename in geslagtelike verkeer na aanleiding van erotiese romans (Coles en Shamp, 1984: 206). Ook Van Deventer (1987:112) het bevind dat blootstelling aan erotika tot 'n wye verskeidenheid van affektiewe, evaluatiewe en gedragsresponse by studente aanleiding gee.

Verdere ondersoekte ten opsigte van gewelddadige seks het bewys dat dit fantasieë oor verkragting stimuleer (Malamuth, 1981a:42), mans meer gewelddadig teenoor vrouens optree (Donnerstein, 1980:276; Donnerstein en Berkowitz, 1981:721) en die begeerte om te verkrag wek (Malamuth, 1981b:149). Malamuth en Check (1983:64) en Malamuth (1981b:149) het ook bevind dat manstudente seksueel opgewek raak as hulle blootgestel word aan verkragtingstonele.

Volgens Linz (1989:74) dui navorsing daarop dat negatiewe effekte, soos verminderde sensitiwiteit met betrekking tot die slagoffer van verkragting en groter aanvaarding van geweld in seksuele aktiwiteite,

voorkom wanneer respondente aan uitbeeldings blootgestel word waar ower te geweld teenoor vrouens gebruik word of as seks gekombineer word met geweld, soos dit voorkom in die sogenaamde "slasher film". Die "slasher film" word beskryf as 'n subgenre van die gruwelprent, waar grafiese geweldduitbeelding in kombinasie met seks voorkom. Hierdie geweld is hoofsaaklik op vrouens gerig (Linz et al., 1988:759). Voorbeelde van die "slasher film" is "Halloween", "Friday the 13th", "Nightmare on Elm Street" en "Prom Night" (Weaver, 1991:387).

Uit voorgenoemde ondersoeke wil dit dus voorkom of die media deur middel van waarnemingsleer tog in sekere omstandighede 'n effek op die kyker het - ook onder ouer proefpersone (ouer as adolessente). Alhoewel dit nie die doel van hierdie studie is om vas te stel of die media 'n negatiewe effek op die kyker het of nie, illustreer hierdie bevindinge wat die resultaat van waarnemingsleer kan wees. Afgesien daarvan dat sommige navorsers bevind het dat die jonger kind, eerder as die adolessent, sensitief vir geweld is, blyk dit dat hierdie sensitiwiteit nie daar ophou nie, maar dat ook die adolessent ontvanklik is, nie net vir geweld nie, maar ook vir erotiese uitbeeldings en seksuele geweld. Dit kom voor of die adolessent juis vir laasgenoemde aspekte vatbaar kan wees, juis as gevolg van sy emotiewe ontwikkeling - sy soeke na 'n eie identiteit en manlikheid/vroulikheid. Dit behoort saam met ander ontwikkelingsfaktore (vgl. hoofstuk 3) in ag geneem te word voordat die adolessent aan sekere materiaal blootgestel word.

4.5 DIE GEBRUIK VAN KRU TAAL

Alhoewel waarnemingsleer voorsiening maak vir die leer van woorde en die nabootsing daarvan (vgl. Bandura, 1986:505-510), verwys dit na jong kinders wat spraak aanleer.

Oor die algemeen kon min literatuur opgespoor word wat spesifiek verwys na die effek van die gebruik van kru taal op kinders en adolessente. Hurlock (1967:264) is wel van mening dat geen ander woorde as meer effektiewe statussimbole dien gedurende die adoles-

sente jare as kru taal en groepstaal ("slang") nie. Deur die gebruik van kru taal glo die adolessent dat hy sy onafhanklikheid van ouer-beheer bewys. Verdere aansporing tot die gebruik van kru taal is die assosiasie van kru woorde met volwassenes - en spesifiek mans. Daarom is dit veral seuns wat kru taal gebruik om sodoende hulle manlikheid en amper-volwassenheid te bewys.

Vanweë die feit dat baie helde en heldinne kru woorde in video's en rolprente gebruik, kan verwag word dat dit 'n effek op die adolessent kan hê. 'n Ondersoek wat deur Belson (1978:524) gedoen is, het aan die lig gebring dat waar seuns blootgestel is aan televisie-programme met 'n hoë voorkoms van kru en skeltaal, hulle gebruik van kru taal ook toegeneem het.

4.6 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie hoofstuk blyk dat die adolessent kognitief so ontwikkel is dat hy oor die vermoë beskik om storielyne in video's te kan begryp, kan konsentreer op die relevante, sy retensievermoë goed ontwikkel is en die motiewe en konsekwensies van gedrag kan raaksien en begryp. Alhoewel die adolessent dus die vermoë tot insig en begrip vir mediainhoud het, is hy egter in 'n fase van ontwikkeling waar hy op soek is na informasie, aangesien hy gekonfronteer word met sekere ontwikkelingsstake. Die feit dat sy leerkapasiteit dus goed ontwikkel is en die media hom kan voorsien van die inligting waarna hy op soek is, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die adolessent vatbaar is vir mediainvloede. Dit kan dus daartoe bydra dat die adolessent sekere tonele nie in die regte perspektief sal plaas nie.

Navorsing wat gedoen is met betrekking tot die effek van die media op die mens - met spesifieke verwysing na nabootsing en inhibisie en disinhibisie - toon aan dat daar wel in sekere omstandighede 'n ooreenkoms tussen blootstelling en gedrag is. Alle genoemde faktore behoort dus in gedagte gehou te word met die oplegging van ouderdoms-beperkings ten opsigte van video's, asook met die keuse van video's deur ouers.

4.7 SAMEVATTING

Samevattend kan gesê word dat hoewel die adolessent op 'n hoër kognitiewe vlak beweeg, dit hom nie weerbaar maak teen negatiewe invloede nie. Tesame hiermee moet ook sy emosionele ontwikkeling in gedagte gehou word, wat hom/haar vatbaar maak vir geweld en erotika. Op grond van sy soeke na 'n identiteit, toepaslike geslagsrol en manlikheid/vroulikheid, kan die aanname gemaak word dat rolmodelle soos uitgebeeld in die massamedia, effektiewe leermodelle vir die adolessent kan wees.

Hieruit blyk dit dus dat beheer oor die kyk van video's noodsaaklik is en dat kinders verkieslik nie aan video's wat 'n ouderdomsbeperking het blootgestel moet word nie.

In die volgende hoofstukke word gekyk wat die kykgewoontes van Potchefstroomse hoërskoolkinders is wat ongewenste video's betref en die faktore wat 'n rol speel in die kykproses. Hoofstuk 5 sit die navorsingsprosedures en resultate uiteen, waarna die interpretasie, gevolgtrekkings en aanbevelings in hoofstuk 6 uiteengesit word.

HOOFSTUK 5: EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 INLEIDEND

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetode, prosedure, hipotesestelling en resultate van die ondersoek bespreek.

Eerstens word aandag geskenk aan die voorondersoek, wanneer dit gedoen is en hoeveel respondente daarby betrokke was.

Tweedens word die navorsingsontwerp bespreek, die metode wat gebruik is, die spesifieke respondente wat die vraelyste ingevul het en die hoërskole wat betrokke was.

Derdens word die meetinstrument volledig bespreek. Dit sluit die vrae wat gevra is in, asook die doel van die vrae. Daar word ook 'n uiteensetting van die verskeie video's wat in die vraelys gelys is, gegee, watter ouderdomsbepערking hulle het en in watter genre die video's gekategoriseer is.

Daarna word die hipoteses wat betrekking het op die studie geformuleer.

Laastens word die resultate van die ondersoek weergegee. Hieronder word eerstens die eienskappe van die steekproef bespreek en tweedens die bevindinge rakende die kykgewoontes van Potchefstroomse hoërskoolkinders ten opsigte van ongewenste video's.

5.2 VOORONDERSOEK

Voor die finale ondersoek gedoen is, is die vraelys, wat aan hand van die literatuurstudie opgestel is, op vyftien hoërskoolleerlinge (drie uit elke standerd van standerd ses tot tien) getoets. Die doel hiervan was om probleme wat moontlik met die vraelys ondervind kon word, te identifiseer en uit te skakel.

Die vyftien hoërskoolleerlinge is deur die navorser gewerf en die vraelyste is deur die betrokke leerlinge ingevul.

5.3 NAVORSINGSONTWERP

In hierdie ondersoek is van die veldstudiemetode gebruik gemaak om die inligting rakende kykgewoontes betreffende ongewenste video's in te win. Die veldstudie is gedoen in die week van 19 - 23 Maart 1990 in alle blanke Potchefstroomse hoërskole, waarvan daar sewe was ten tye van die ondersoek.

'n Toestemmingsbrief (Bylae A), is vooraf van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) verkry om navorsing in dié skole te kan doen. Skoolhoofde is genader om toestemming vir die ondersoek. Nadat toestemming verkry is, is die vraelyste oor 'n bestek van vyf dae in die voorligtingsperiode ingevul.

Die navorser het toesig gehou, of 'n onderwyser van die betrokke skool waar voorligtingsperiodes oorvleuel het.

Geen steekproef is getrek nie, en alle beskikbare leerlinge het 'n vraelys ingevul.

Die volgende faktore het daartoe aanleiding gegee dat nie al die leerlinge aan die ondersoek kon deelneem nie, of dat nie al die vraelyste by die interpretering van die data ingesluit is nie:

- Die standerd sesse van Skool E, as gevolg van ander aktiwiteite (250 leerlinge).
- 68 respondente van Skool B in standerds nege en tien, as gevolg van ander aktiwiteite.
- 33 leerlinge van Skool A in standerd ses het wel deelgeneem, maar kon slegs 'n kwart van die vraelys invul, as gevolg van te min tyd.

- 323 respondente het die vals videotitels in vraag 31 (sien paragraaf 5.4.4) afgemerkt, en hulle ingevulde vraelyste is dus uit die ondersoek weggelaat.
- 302 vraelyste is oningevul terugontvang.
- 150 vraelyste was in die geheel bederf en is nie by die interpretasie ingesluit nie.

Die finale realisasiesyfer van die ondersoek word hierna in tabel 5.1 uiteengesit.

TABEL 5.1
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS HOËRSKOOL

SKOOL	GETAL KINDERS IN SKOOL	REALISASIE
SKOOL A	390	319
SKOOL B	1180	746
SKOOL C	430	349
SKOOL D	258	227
SKOOL E	1046	745
SKOOL F	770	587
SKOOL G	312	287
TOTAAL	4386	3260

Uit 'n totaal van 4 386 respondente het 3 260 vraelyste gerealiseer, 'n totaal van 74,3%.

5.4 BESPREKING VAN DIE VRAELYS

Die vraelys is aan die hand van reeds bestaande vraelyste oor die onderwerp en die literatuurstudie geformuleer, onder toesig van prof. Jonah Kruger van die Departement Sosiologie (PU vir CHO).

Die vraelys (Bylae B) het uit ses afdelings (Afdelings A - F) bestaan en die volgende behels:

5.4.1 Afdeling A: Biografiese vrae

Die biografiese afdeling het vrae ingesluit oor gegewens soos geslag, ouderdom, taal, skoolstanderd, beroepsgroep van die vader en moeder, woonplek van die respondent en van ouers, watter ouers tuis woon, waarom sommige ouers nie tuis woon nie, en godsdiens. Verder is daar ook vrae gevra oor die besit en huur van videokasset-opnemers en lidmaatskap van 'n videoklub (vraag 1 - 14).

Die doel van hierdie vrae was hoofsaaklik om vas te stel of hierdie faktore enige rol speel in die kyk na ongewenste video's.

5.4.2 Afdeling B: Ouer- en portuurgroep-oriëntasie

Hierdie afdeling het hoofsaaklik daaroor gegaan of respondente ouer-georiënteerd, portuurgroep-georiënteerd, ouers- en vriende-georiënteerd of na geen kant toe georiënteerd is nie. Sodoende kon vasgestel word of dit enige effek op hulle video-kykgewoontes het, met ander woorde of portuurgroep-georiënteerde respondente byvoorbeeld meer na ongewenste video's kyk as ouer-georiënteerde respondente.

Vrae is verkry uit Bowerman en Kinch (1959), wat ook gebruik is deur Roe (1983:214) ten opsigte van mediagebruik.

Ses vrae is gevra om die bepaalde oriëntasies vas te stel. Die ses vrae (vraag 15 - 20) het soos volg gelui:

- Wie dink jy verstaan jou die beste?
- Wie stel aan jou 'n voorbeeld wat jy graag sal wil navolg?
- Saam met wie is jy die gelukkigste?
- Sommige mense verkies om hulle vriende tevrede te stel en ander verkies om hulle ouers tevrede te stel. As jy moet kies tussen wat jou ouers wil hê jy moet doen, en wat jou

vriende wil hê jy moet doen, wie sal jy kies?

- Met wie stem jy gewoonlik saam?
- Saam met wie sal jy die graagste jou vrye tyd wil deurbring?

Respondente het 'n keuse gehad om te kies tussen "my vader, my moeder, albei ouers, ouers en vriende, vriende/vriendinne of nie een van bogenoemde nie". Hierdie kategorieë is soos volg saamgegroepeer in die verskeie oriëntasies:

- vader, moeder, albei ouers = ouer-georiënteerd
- ouers en vriende = ouers- en vriende-georiënteerd
- vriende/vriendinne = portuurgroep-georiënteerd
- nie een van bogenoemde nie = na geen kant toe georiënteerd

Hoewel die eerste drie vrae (vraag 15 - 17) se eerste drie keuses betrekking het op die ouers van die respondent, naamlik "my vader, my moeder en albei ouers", is dit nie nodig geag om in die resultate tussen vader en moeder te onderskei nie. Vader en moeder is daarom saamgegroepeer met "albei ouers". Die onderskeid is slegs gemaak om aan die respondent 'n groter keuse te gee indien hy net een van die ouers sou verkies.

Vraag 18 het 'n "onseker"-kategorie (die enigste een in die afdeling) en is geïnterpreteer saam met "ouers en vriende" om die interpretasie te vergemaklik.

Die ongewenste video's in die vraelys (vgl. 5.4.4) is verdeel in kategorieë van hoeveelheid, om sodoende vas te stel in watter mate respondente na ongewenste video's gekyk het. Hierdie hoeveelheidskategorieë is gekruisstabuleer met die vier oriëntasiekategorieë om vas te stel watter oriëntasie die meeste na

ongewenste video's gekyk het. Die hoeveelheidskategorieë is as volg:

- 1 ongewenste video gesien
- 2-5 ongewenste video's gesien
- 6-10 ongewenste video's gesien
- meer as 10 ongewenste video's gesien.

Ten einde die bepaalde oriëntasies te kon vasstel, is die verskeie oriëntasies van elke vraag (vraag 15 - 20) bymekaargetel, in ooreenstemming met die hoeveelheid ongewenste video's wat gesien is (vgl. 5.6.2.3).

5.4.3 Afdeling C: Sosiale aktiwiteite en algemene tendense ten opsigte van die kyk na gehuurde video's

Hierdie afdeling het vrae ingesluit oor gegewens soos die gebruik van die videokasset-opnemer, hoe gereeld respondente na video-films kyk, wanneer hulle kyk, hoekom hulle kyk, waar hulle kyk en saam met wie hulle kyk. Voorts is vrae gevra oor wie die video's kies en huur, waarna hulle graag kyk en hoe dikwels hulle videopartytjies bywoon (vraag 21 - 30).

Ook hier was die uitsluitlike doel om vas te stel of hierdie faktore 'n rol speel in die kyk na ongewenste video's. In hierdie verband kan spesifiek verwys word na die noodsaaklikheid van vrae soos waar respondente gewoonlik na video's kyk, saam met wie hulle kyk, wie die video's kies en huur en hoe dikwels hulle 'n videopartytjie bywoon (vraag 26 - 30).

5.4.4 Afdeling D: Kykgewoontes met betrekking tot ongewenste video's

Die vrae in hierdie afdeling het spesifiek te make met ongewenste video's - wat gesien is en waar die meeste hiervan gesien is (vraag 31 en 32).

'n Lys van video's is voorsien en respondente is gevra om af te merk watter hulle wel gesien het. 'n Opvolgvraag is gevra: waar hulle dit gesien het - tuis, met ouers se toestemming, tuis, sonder ouers se toestemming, ensovoorts.

Die lys van video's wat voorsien is, het almal 'n ouderdomsbepanking van 2-16, 2-18, 2-19 of 2-21. Twee vals videotitels is ook by die lys van video's ingesluit om sodoende die betroubaarheid van die vraelyste te verhoog. Volgens Murdock (1984:63) is dit die eenvoudigste wyse om die akkuraatheid van hierdie soort vrae te kontroleer. Mense vergeet maklik wat hulle gesien het en kan maklik 'n video merk wat hulle nie gesien het nie. Respondente wat dus beweer dat hulle 'n nie-bestaande video gesien het, se data is onbetroubaar en behoort glad nie by die analise ingesluit te word nie. (Baie van die respondente wat in hierdie studie die vals videotitels gemerk het, waarvan daar 'n totaal van 323 was, het ook beweer dat hulle al die video's op die lys gesien het.)

Alle video's met 'n ouderdomsbepanking van 2-18, 2-19 en 2-21 is uit tien uitgawes (Junie 1989 - Maart 1990) van die musiektydskrif TOP 40 verkry. Hierdie tydskrif bevat 'n maandelikse lys van die veertig gewildste video's wat by sekere videowinkels regoor Suid-Afrika gehuur word. Die video's met 'n ouderdomsbepanking van 2-16 is ook daaruit verkry, maar as gevolg van die hoë voorkoms van hierdie ouderdomsbepanking in TOP 40 se videolyste is die finale name deur middel van die hoedmetode getrek. 'n Totale lys van twee-en-sewentig video's is saamgestel en beslaan die ouderdomsbepankings soos uiteengesit in tabel 5.2 hierna.

TABEL 5.2

TOTALE VAN OUDERDOMSBEPERKINGS OP VIDEO'S

OUERDOMSBEPERKING	AANTAL VIDEO'S
2-16	31
2-18	30
2-19	7
2-21	2
VALS VIDEOTITELS	2
TOTAAL	72

Baie van die gelyste video's was egter nie ongewens vir alle respondente nie, aangesien daar respondente ouer as sestien, sewentien en agtien jaar was. 'n Video met 'n 2-16-ouderdomsbepерking sou dus nie ongewens wees vir 'n respondent van sestien, sewentien, agtien jaar of ouer nie. S6 sou 'n video met 'n ouderdomsbepерking van 2-18 ook nie ongewens wees vir 'n respondent van agtien of negentien jaar nie. Alle video's was egter ongewens vir onder sestienjariges.

Met die statistiese verwerking van die data is die video's kategoriees verdeel, met ouderdom (vraag 4) as 'n verdeler, sodat die ongewenste video's dus ongewens sou wees vir 'n bepaalde ouderdomsgroep. Vir 'n sewentienjarige respondent byvoorbeeld, is alle video's wat hy gesien het met 'n ouderdomsbepерking van 2-16 sodoende uitgeskakel en slegs video's wat hy gesien het met 'n ouderdomsbepерking van 2-18, 2-19 en 2-21 is as ongewens verwerk.

Alle gelyste video's is opgestel teenoor die volgende ouderdomskategorieë:

- 12 tot 15 jaar, kategorie 1-4
- 16 tot 17 jaar, kategorie 5-6
- 18 jaar, kategorie 7
- ouer as 18 jaar, kategorie 8.

Die video's is, soos beskryf in paragraaf 5.4.2, verdeel in hoeveelheidskategorieë (1, 2-5, 6-10 en meer as 10 ongewenste video's gesien), wat gekruistabelleer is met vraag 1-14 en vrae 22, 23, 26, 32 en 33-41, om sodoende vas te stel of hierdie faktore (soos geslag en taal) 'n rol speel in die kyk na ongewenste video's.

Die lys van twee-en-sewentig video's met hulle spesifieke ouderdomsbepelings en klassifikasie word hierna in tabel 5.3 uiteengesit.

TABEL 5.3
LYS VAN ONGEWENSTE VIDEO'S VOLGENS OUDERDOMSBEPERKINGS EN
KLASSIFIKASIE

NO	VIDEOTITEL	OUDERDOMS- BEPERKING	KLASSIFIKASIE
1	NICO	2-18	AKSIE
2	THE PRINCIPAL	2-18	AKSIE
3	SAIGON	2-18	AKSIE
4	WHITE MISCHIEF	2-18	DRAMA
5	PORKY'S II	2-18	KOMEDIE
6	THE PRESIDIO	2-18	RILLER
7	A MAN IN LOVE	2-19	EROTIESE LIEFDE
8	DIE HARD	2-19	AKSIERILLER

TABEL 5.3 (VERVOLG)

NO	VIDEOTITEL	OUERDOMS- BEPERKING	KLASSIFIKASIE
9	SOMEONE TO WATCH OVER ME	2-16	RILLER
10	THE UNHOLY	2-18	GRUWEL
11	SHAKEDOWN	2-18	AKSIERILLER
12	YOU CAN'T HURRY LOVE	2-18	KOMEDIE
13	GLUED	VALS	VALS
14	POLICE GIRL ACADEMY	2-18	SESKOMEDIE
15	BULL DURHAM	2-18	SESKOMEDIE
16	CALL ME	2-18	RILLER
17	MIDNIGHT RUN	2-19	RILLER
18	THE ACCUSED	2-19	RILLER
19	KINJITE	2-18	AKSIE
20	DEAD ON ARRIVAL	2-16	AKSIE
21	RAIN MAN	2-16	DRAMA
22	MISSISSIPPI BURNING	2-18	AKSIE
23	HIT LIST	2-18	AKSIERILLER
24	THEY LIVE	2-18	GRUWEL
25	A FISH CALLED WANDA	2-18	KOMEDIE
26	CYBORG	2-18	AKSIE
27	THE DEAD POOL	2-16	AKSIE
28	THE SERPENT AND THE RAINBOW	2-19	GRUWEL
29	RED HEAT	2-19	AKSIE
30	WEEDS	2-19	AKSIE
31	COMMANDER	2-16	AKSIE
32	TEQUILA SUNRISE	2-18	AKSIE
33	THE ATTITUDE	VALS	VALS

TABEL 5.3 (VERVOLG)

NO	VIDEOTITEL	OUERDOMS- BEPERKING	KLASSIFIKASIE
34	NOWHERE TO HIDE	2-16	AKSIE
35	SUMMER JOB	2-16	KOMEDIE
36	AND GOD CREATED WOMEN	2-18	LIEFDE
37	CAPONE BEHIND BARS	2-18	AKSIE
38	SWEET COUNTRY	2-21	DRAMA
39	JACK'S BACK	2-18	RILLER
40	FATAL ATTRACTION	2-18	LIEFDES- RILLER
41	PERSONAL BEST	2-18	DRAMA
42	COLD STEEL	2-18	RILLER
43	RAMPAGE	2-18	RILLER
44	PLATOON LEADER	2-18	OORLOG
45	TRUE BLOOD	2-18	AKSIE
46	TAFFIN'	2-18	AKSIE
47	DEAD RINGERS	2-18	SPANNINGS- RILLER
48	THE RUNNING MAN	2-16	WETENSKAPS- FIKSIE
49	GOOD MORNING VIËTNAM	2-16	DRAMA
50	SHY PEOPLE	2-16	DRAMA
51	BRIGHT LIGHTS, BIG CITY	2-16	DRAMA
52	THE BOY IN BLUE	2-16	DRAMA
53	THE SEVENTH SIGN	2-16	GRUWEL
54	MALAREK	2-16	DRAMA
55	THE BLUE IGUANA	2-16	KOMEDIE
56	CASUAL SEX	2-16	KOMEDIE
57	JAKARTA	2-16	AKSIE

TABEL 5.3 (VERVOLG)

NO	VIDEOTITEL	OUERDOMS- BEPERKING	KLASSIFIKASIE
58	TO KILL A PRIEST	2-16	DRAMA
59	MARRIED TO THE MOB	2-16	KOMEDIE
60	BAT 21	2-16	AKSIE
61	STEALIN' HEAVEN	2-16	DRAMA
62	MASQUERADE	2-16	RILLER
63	COLORS	2-16	DRAMA
64	HANNA'S WAR	2-16	DRAMA
65	A NEW LIFE	2-16	KOMEDIE
66	SUNSET	2-16	RILLER
67	FREEDOM FIGHTERS	2-16	AKSIE
68	THE BEAST OF WAR	2-16	AKSIE
69	COCKTAIL	2-16	DRAMA
70	THE SICILIAN	2-16	DRAMA
71	STRIKER	2-16	AKSIE
72	BLUE VELVET	2-21	SEKSRILLER

5.4.5 Afdeling E: Ouerbewustheid en -beheer

Hierdie vrae het spesifiek te make gehad met die menings van respondente oor ouerbewustheid aangaande die kyk na ongewenste video's en ouers se beheer daarvoor.

Respondente is gevra of hulle ouers daarvan bewus is as hulle na video's kyk, ouers hulle al ooit verbied het om na sekere video's te kyk, of hulle al so 'n "verbode" video gesien het en hoe hulle dit reggekry het om so 'n "verbode" video te sien (vraag 33-36). Met betrekking tot die laaste vraag in hierdie afdeling is respondente gevra hoe streng hulle dink hul ouers is ten opsigte van die beheer oor hulle videokykgewoontes (vraag 37).

5.4.6 Afdeling F: Respondente se menings oor geweldstonele, sekstonele, kru taalgebruik en ouderdomsbeperkings

Hierdie vrae het ten doel gehad om die menings ten opsigte van bogenoemde te bepaal (vraag 38-41). Sodoende kon vasgestel word of respondente wat baie na ongewenste video's kyk, 'n meer "liberale" siening het van die uitbeelding van geweld, seks of kru taalgebruik in video's.

Om dié doel te kon bereik, is aan die respondent drie keuses gestel na 'n stelling, byvoorbeeld:

- Video's bestaan uit te veel geweld
 - i. Stem saam
 - ii. Weet nie/Onseker
 - iii. Stem nie saam nie

5.5 HIPOTESESTELLING EN -TOETSING

Die volgende hipoteses is geformuleer:

1. **Die meeste Potchefstroomse hoërskoolkinders kyk gedurende hulle skoolloopbaan na ongewenste video's.**
2. **Biografiese veranderlikes speel 'n rol in die kyk na ongewenste video's.**
 - a. Seuns kyk meer na ongewenste video's as meisies.
 - b. Engelssprekende respondente kyk meer na ongewenste video's as Afrikaans- en Engelssprekende respondente (tweetalig).
 - c. Engelssprekende respondente kyk meer na ongewenste video's as Afrikaanssprekende respondente.
 - d. Engelssprekende respondente kyk meer na ongewenste video's as anderstaliges.
 - e. Die kyk na ongewenste video's neem toe namate die kind ouer word.

- f. Respondente wat in koshuise en ander plekke woon, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat in hulle ouerhuis woon.
- g. Respondente wat in 'n enkelouerhuis woon, kyk meer na ongewenste video's as respondente waarvan beide ouers tuis woon.
- h. Respondente wie se moeders werkend is, kyk meer na ongewenste video's as respondente wie se moeders huisvrouens is.
- i. Respondente wie se ouers in 'n stad woon, kyk meer na ongewenste video's as respondente wie se ouers in 'n dorp of op 'n plaas/plot woon.
- j. Respondente wat van mening is dat godsdiens nie 'n belangrike rol in die huishouding speel nie, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat meen godsdiens speel 'n baie belangrike rol in die huishouding.
- k. Respondente wat 'n videokasset-opnemer tuis besit, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat nie 'n videokasset-opnemer tuis besit nie.
- l. Respondente wat gereeld 'n videokasset-opnemer huur, (minstens een of meer keer elke twee weke), kyk meer na ongewenste video's as respondente wat minder gereeld (een tot twee keer per maand en minder) 'n videokasset-opnemer huur.
- m. Respondente wie se ouers aan 'n videoklub behoort, kyk meer na ongewenste video's as respondente wie se ouers nie aan 'n videoklub behoort nie.

3. **Portuurgroep-georiënteerde respondente kyk meer na ongewenste video's as ouer-georiënteerde respondente.**

4. **Die kyk na ongewenste video's is hoofsaaklik 'n sosiale aktiwiteit wat in portuurgroepsverband plaasvind.**

- a. Respondente wat by vriende na video's kyk, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat by die huis na video's kyk.
- b. Respondente wat saam met vriende na video's kyk, kyk

meer na ongewenste video's as respondente wat alleen of saam met ander persone na video's kyk.

- c. Respondente wat saam met hulle vriende video's kies, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat self of saam met ander persone video's kies.
- d. Respondente wat saam met vriende video's huur (betaal), kyk meer na ongewenste video's as respondente wat self of saam met ander persone video's huur (betaal).
- e. Respondente wat gereeld (drie tot vyf kere per maand) videopartytjies bywoon, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat minder gereeld (een of twee kere per maand en minder) videopartytjies bywoon.

5. Dit is nie altyd moontlik dat ouers beheer oor kinders se kykgewoontes ten opsigte van ongewenste video's kan uitoefen nie.

6. Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, het 'n meer "liberale" siening van video's.

- a. Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie 'n oormaat geweld in video's voorkom nie.
- b. Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie 'n oormaat seks in video's voorkom nie.
- c. Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie 'n oormaat kru taal in video's voorkom nie.
- d. Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie ouderdomsbepelings op video's behoort te wees nie.

Alhoewel daar in hierdie studie met 'n populasie en nie met 'n steekproef gewerk is nie, behoort 'n realistiese afsnypunt verkry te word om te toets of proporsies "betekenisvol verskil". Sodoende kan vasgestel word op watter punt 'n hipotese aanvaar

of verwerp moet word.

Die afsnypunt is bereken op 5%, wat beteken dat indien 'n verskil van minder as 5% tussen proporsies sou voorkom, die hipotese verwerp word. Indien 'n verskil van 5% en meer voorkom, sal die hipotese aanvaar word (vgl. 6.2). Hierdie persentasie is as volg bereken:

Gestel sonder verlies in algemeenheid dat $p_1 > p_2$ waar p_1 en p_2 steekproefverhoudings ten opsigte van twee subpopulasies aandui met ooreenstemmende populasieverhoudings $\pi_1 = \pi_2$. $H_0 : \pi_1 = \pi_2$ word verwerp op die 5%-pyl van betekenis indien $(p_1 - p_2) \geq 1,96 \sqrt{p(1-p) \left(\frac{1}{n_1} + \frac{1}{n_2} \right)}$ (Steyn et al., 1987:363).

Gestel ons neem die maksimum waarde van $p(1-p)$ naamlik 0,25, dan volg $(p_1 - p_2) \geq 1,96 \times 0,5 \sqrt{\frac{1}{n_1} + \frac{1}{n_2}}$ dit wil sê $(p_1 - p_2) \geq 0,98$

$$\sqrt{\frac{1}{n_1} + \frac{1}{n_2}} .$$

Neem as tipes waardes vir n_1 en n_2 , $n_1 = n_2 = 200$, dan volg $(p_1 - p_2) \geq 0,98 \sqrt{\frac{2}{200}}$, dit wil sê $(p_1 - p_2) \geq 0,098$ (=9,8%).

As n_1 en $n_2 = 500$ $(p_1 - p_2) \geq 0,061$. As n_1 en $n_2 = 1000$ $(p_1 - p_2) \geq 4,38\%$ (=6%).

Bogenoemde resultate geld vir steekproefneming. 'n Realistiese afsnypunt om te beweer dat proporsies "betekenisvol verskil" in die geval waar met populasiegegewens gewerk word, blyk dus 5% te wees.

5.6 RESULTATE

Hierdie afdeling verskaf 'n opsomming van die resultate van die ondersoek.

Eerstens word gekyk na die algemene eienskappe van die steekproef en tweedens na die kykgewoontes van Potchefstroomse hoërskoolkinders wat ongewenste video's betref.

Daar moet gelet word op die verskil in betekenis van "gehuurde video's" en "ongewenste video's". "Gehuurde video's" verwys na video's oor die algemeen wat by videowinkels gehuur kan word en kan dus gewens of ongewens wees. "Ongewenste video's" verwys na video's met 'n ouderdomsbepanking, dus ongewens vir 'n spesifieke ouderdomsgroep soos bespreek in hoofstuk 1.

Slegs kruistabulerings is gedoen en geen verdere statistiese toetse en -verwerkings nie.

5.6.1 EIENSKAPPE VAN DIE POPULASIE

5.6.1.1 Biografiese gegewens

5.6.1.1.1 Geslag

Die persentasie van die respondente in die ondersoek het bestaan uit 53,8% (1 747) seuns en 46,2% (1 503) meisies. (N=3250) Tien respondente het nie die vraag ingevul nie.

5.6.1.1.2 Taal

Die meerderheid van die respondente was Afrikaanssprekend (73,8%, 2 393), terwyl 18,5% (601) Engelssprekend en 6,1% (198) Afrikaans- en Engelssprekend was. Origenes was 1,5% (49) van die respondente anderstalig. (N=3 241)

5.6.1.1.3 Skoolstanderd

Die meerderheid respondente was in standerd agt (23,8%, 771), terwyl die tweede meeste respondente in standerd sewe was (22,8%, 739). Betreffende die res was 19,3% (625) van die respondente in standerd ses, terwyl 17,2% (558) in standerd nege was. Die minste respondente was in standerd tien (16,9%, 548). (N=3 241)

Tabel 5.4 gee hierdie resultate weer:

TABEL 5.4
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS SKOOLSTANDERD

SKOOLSTANDERD	AANTAL	%
STANDERD 6	625	19,3
STANDERD 7	739	22,8
STANDERD 8	771	23,8
STANDERD 9	558	17,2
STANDERD 10	548	16,9
TOTAAL	3241	100,0

5.6.1.1.4 Ouderdom

Die grootste persentasie respondente was vyftien jaar oud (24,1%, 782), terwyl die tweede grootste persentasie respondente veertien jaar oud was (21,2%, 690). Voorts was 18,5% (602) sestien jaar oud, 14,3% (464) was dertien jaar oud, 4% (130) was agtien jaar oud en 1,6% (53) was twaalf jaar oud. Die kleinste persentasie was ouer as agtien jaar (0,6%,18). (N=3 248)

In tabel 5.5 word hierdie inligting uiteengesit:

TABEL 5.5
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS OUDERDOM

OUDERDOM	AANTAL	%
12 JAAR	53	1,6
13 JAAR	464	14,3
14 JAAR	690	21,2
15 JAAR	782	24,1
16 JAAR	602	18,5
17 JAAR	509	15,7
18 JAAR	130	4,0
OUER AS 18 JAAR	18	0,6
TOTAAL	3248	100,0

5.6.1.1.5 Woonplek van respondent

Die meerderheid respondente het by hulle ouerhuis gewoon (56,9%, 1844), terwyl 40,1% (1300) in die koshuis en 2,9% (95) op 'n ander plek gewoon het (N=3 239).

5.6.1.1.6 Woonplek van respondente se ouers

Die meerderheid van die respondente se ouers het in 'n dorp gewoon (68,6%, 2 221), 20,4% (660) op 'n plaas/plot en 11% (356) in 'n stad. (N=3 237)

5.6.1.1.7 Watter ouers tuis woon

Dit blyk dat die meerderheid van respondente se ouers beide tuis gewoon het (79,3%, 2 573).

Ten opsigte van die oorblywende respondente het 15,3% (497) van die respondente se moeders tuis gewoon, terwyl 3,3% (107) van die respondente se vaders tuis gewoon het. Die minderheid het geeneen van die twee tuis gebly nie (2,1%, 67). (N=3 244)

5.6.1.1.8 Rede hoekom beide ouers nie tuis woon nie

Die meerderheid van die respondente waar beide ouers nie tuis woon nie, se ouers is geskei (66,7%, 436), terwyl 28,9% (189) oorlede is. Origns is 4,4% (29) van die respondente waar beide ouers nie tuis woon nie, verwyderd (leef nie meer saam nie, maar is steeds getroud). (N=654)

5.6.1.1.9 Beroep van vader

Die meerderheid van die respondente se vaders val in die uitvoerende en besturende beroepsgroep (24,2%, 716). Die tweede grootste persentasie van die respondente se vaders beklee 'n professionele en aanverwante beroep (20,9%, 618). Vgl. tabel 5.6 vir 'n uiteensetting van die beroep van respondente se vaders:

TABEL 5.6
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS BEROEP VAN RESPONDENTE SE
VADERS

BEROEP VAN VADER	AANTAL	%
PROFESSIONEEL EN AANVERWANT	618	20,9
UITVOEREND EN BESTUREND	716	24,2
KLERKLIK	130	4,4
VERKOOPSWERK	287	9,7
BOERE, TUINIERS, VISSERS	363	12,3
OPGELEIDE BUIITE-/UNIFORMWERKERS	244	8,2
GESKOOLDE AMBAGSMANNE	323	10,9
OPERATEURS EN HALFGESKOOLDE WERKERS	262	8,8
ONGESKOOLDE WERKERS	20	0,7
TOTAAL	2963	100,1

5.6.1.1.10 Beroep van moeder

Uit die resultate blyk dat die grootste persentasie van respondente se moeders werkend was (63,7%), terwyl 36,3% van die respondente se moeders huisvrouens was. Indien die verskeie beroepe in kategorieë verdeel word, was 36,3% (1 163) van die respondente se moeders huisvrouens, terwyl die tweede grootste persentasie van die respondente se moeders 'n professionele beroep beklee het (16,2%, 518). (N=3 201)

Vir die doeleindes van hierdie studie is die belangrikste faktor om te weet watter persentasie van respondente se moeders werkend was en watter persentasie huisvrouens was. Sodoende kon bepaal word of hierdie faktor 'n invloed op respondente se kykgewoontes betreffende ongewenste video's uigeoefen het.

Die beroepe van die respondente se moeders word in tabel 5.7. uiteengesit:

TABEL 5.7
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS BEROEP VAN
RESPONDENTE SE MOEDERS

BEROEP VAN MOEDER	AANTAL	%
HUISVROU	1163	36,3
PROFESSIONEEL	518	16,2
ONTVANGSDAME, TIKSTER	352	11,0
KLERKLIK	325	10,2
PRIVAATSEKRETARESSE	160	5,0
VERKOOPSDAME	168	5,2
FABRIEKSWERKER - HALF- EN ONGESKOOL	12	0,4
EIE ONDERNEMING	149	4,7
ANDER	354	11,1
TOTAAL	3201	100,1

5.6.1.1.11 Die rol van godsdiens

Die meerderheid respondente (61,2%, 1979) beskou godsdiens as baie belangrik, 33,7% (1090) as redelik belangrik ("minder belangrik" en "'n gemiddelde rol" tesame) en 5,1% (164) as nie baie belangrik nie. (N=3 233)

'n Uiteensetting van die rol wat godsdiens tuis speel, volgens die mening van die respondente, volg in tabel 5.8:

TABEL 5.8
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS DIE ROL VAN GODSDIENS TUIS

DIE ROL VAN GODSDIENS TUIS	AANTAL	%
BAIE BELANGRIKE ROL	1979	61,2
MINDER BELANGRIKE ROL	252	7,8
GEMIDDELDE ROL	838	25,9
NIE BAIE BELANGRIKE ROL	164	5,1
TOTAAL	3233	100,0

5.6.1.1.12 Besit van videokasset-opnemers

Wat die besit van videokasset-opnemers betref, het 65,7% (2 126) van die respondente wel 'n videokasset-opnemer tuis besit, terwyl 34,3% (1 111) van die respondente nie 'n videokasset-opnemer tuis besit het nie. (N=3 237)

5.6.1.1.13 Huur van videokasset-opnemers

Uit die resultate blyk dat die meerderheid respondente nooit 'n videokasset-opnemer gehuur het nie (55,4%, 1 773). Die tweede grootste meerderheid het minder as een keer per maand 'n videokasset-opnemer gehuur (19,9%, 637). (N=3 198) (tabel 5.9)

TABEL 5.9
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS DIE HUUR VAN
VIDEOKASSET-OPNEMERS

HUUR VAN VIDEOKASSET-OPNEMERS	AANTAL	%
HUUR NOOIT EEN NIE	1773	55,4
MEER AS EEN KEER PER WEEK	123	3,8
EEN KEER PER WEEK	171	5,3
EEN KEER IN TWEE WEKE	143	4,5
EEN TOT TWEE KEER PER MAAND	351	11,0
MINDER AS EEN KEER PER MAAND	637	19,9
TOTAAL	3198	99,9

5.6.1.1.14 Lidmaatskap van videoklub

Volgens die respondente het die meerderheid van hulle ouers nie aan enige videoklub behoort nie (80,4%, 2 598), terwyl 19,6% (635) van die respondente se ouers wel aan 'n videoklub behoort het. (N=3 233)

5.6.1.2 Ouer- en portuurgroep-oriëntasie

Hierdie afdeling is saamgestel uit ses vrae (vgl. 5.4.2). Die resultate van elk van hierdie vrae word dan bymekaargetel om die spesifieke oriëntasies vas te stel. Dit word uiteengesit in die laaste tabel in hierdie afdeling.

5.6.1.2.1 Wie dink jy verstaan jou die beste?

Uit die gegewens kom dit voor of die meerderheid respondente van mening was dat hulle ouers hul die beste verstaan (70,7%, 2 275).

Die tweede grootste meerderheid het gemeen hulle vriende verstaan hul die beste (15,2%, 488), terwyl die derde grootste meerderheid ouers en vriende gekies het (10,3%, 322). (N= 3217) (tabel 5.10)

TABEL 5.10
WIE DINK JY VERSTAAN JOU DIE BESTE?

WIE DINK JY VERSTAAN JOU DIE BESTE?	AANTAL	%
OUERS	2275	70,7
OUERS EN VRIENDE	332	10,3
VRIENDE	488	15,2
GEENEEN	122	3,8
TOTAAL	3217	100,0

5.6.1.2.2 Wie stel aan jou 'n voorbeeld wat jy graag sal wil navolg?

Die meerderheid respondente was van mening dat hulle ouers aan hul 'n voorbeeld stel wat hulle graag sal wil navolg (73,3%, 2 366).

Die tweede grootste meerderheid het gemeen nie een van die genoemde alternatiewe stel aan hulle 'n navolgingswaardige voorbeeld nie (414, 12,8%) terwyl 8,9% (286) ouers en vriende gekies het. (N=3226) (tabel 5.11)

TABEL 5.11
WIE STEL AAN JOU 'N VOORBEELD WAT JY GRAAG SAL WIL NAVOLG?

WIE STEL AAN JOU 'N VOORBEELD WAT JY GRAAG SAL WIL NAVOLG?	AANTAL	%
OUERS	2366	73,3
OUERS EN VRIENDE	286	8,9
VRIENDE	160	5,0
GEENEEN	414	12,8
TOTAAL	3226	100,0

5.6.1.2.3 Saam met wie is jy die gelukkigste?

Die meerderheid respondente was van mening dat hulle saam met hul ouers die gelukkigste is (60%, 1 930).

Die tweede grootste meerderheid het ouers en vriende gekies (21,6%, 695) en die derde grootste meerderheid het gesê dat hulle saam met hul vriende die gelukkigste is (16,4%, 526). (N=3 214)

Tabel 5.12 sit hierdie gegewens uiteen:

TABEL 5.12
SAAM MET WIE IS JY DIE GELUKKIGSTE?

SAAM MET WIE IS JY DIE GELUKKIGSTE?	AANTAL	%
OUERS	1930	60,0%
OUERS EN VRIENDE	695	21,6
VRIENDE	526	16,4
GEENEEN	63	2,0
TOTAAL	3214	100,0

5.6.1.2.4 Wie sal jy tevrede stel?

Die meerderheid respondente het aangedui dat hulle hul ouers tevrede sal stel (72,3%, 2 326).

Die tweede grootste meerderheid respondente het ouers en vriende gekies (18,1%, 582), terwyl die derde grootste meerderheid nie een van die genoemde alternatiewe sou kies nie (5,5%, 178). (N=3 218)

In tabel 5.13 word die gegewens uiteengesit:

TABEL 5.13
WIE SAL JY TEVREDE STEL?

SOMMIGE MENSE VERKIES OM HUL VRIENDE TEVREDE TE STEL EN ANDER VERKIES OM HUL OUERS TEVREDE TE STEL. AS JY MOET KIES TUSSEN WAT JOU OUERS WIL HÊ JY MOET DOEN EN WAT JOU VRIENDE WIL HÊ JY MOET DOEN, WIE SAL JY KIES?	AANTAL	%
OUERS	2326	72,3
OUERS EN VRIENDE	582	18,1
VRIENDE	132	4,1
GEENEEN	178	5,5
TOTAAL	3218	100,0

5.6.1.2.5 Met wie stem jy gewoonlik saam?

Die meerderheid respondente het aangedui dat hulle gewoonlik met hul ouers saamstem (42%, 1 350).

Die tweede grootste meerderheid respondente het ouers en vriende gekies (37,3%, 1 199) en 14,2% (455) het aangedui dat hulle gewoonlik met hul vriende saamstem. (N=3 214) (tabel 5.14).

TABEL 5.14
MET WIE STEM JY GEWOONLIK SAAM?

MET WIE STEM JY GEWOONLIK SAAM?	AANTAL	%
OUERS	1350	42,0
OUERS EN VRIENDE	1199	37,3
VRIENDE	455	14,2
GEENEEN	210	6,5
TOTAAL	3214	100,0

5.6.1.2.6 Saam met wie sal jy die graagste jou vrye tyd wil deurbring?

Die grootste meerderheid respondente het ouers en vriende gekies (39,5%, 1 272).

Die tweede grootste meerderheid was van mening dat hulle die graagste hul vrye tyd saam met hulle vriende wil deurbring (38,5%, 1 238), terwyl 18,1% (583) aangedui het dat hulle hul vrye tyd die graagste saam met hulle ouers wil deurbring. (N=3 219)

Tabel 5.15 sit hierdie bevindinge uiteen:

TABEL 5.15

SAAM MET WIE SAL JY DIE GRAAGSTE JOU VRYE TYD WIL DEURBRING?

SAAM MET WIE SAL JY DIE GRAAGSTE JOU VRYE TYD WIL DEURBRING?	AANTAL	%
OUERS	583	18,1
OUERS EN VRIENDE	1272	39,5
VRIENDE	1238	38,5
GEENEEN	126	3,9
TOTAAL	3219	100,0

5.6.1.2.7 Ouer- en portuurgroep-oriëntasie

Indien bogenoemde gegewens kategorieë bymekaargetel word om vas te stel of die respondente hoofsaaklik ouer- of portuurgroep-georiënteerd is, word die volgende resultate verkry:

Die meerderheid respondente in die ondersoek blyk ouer-georiënteerd te wees (56,1%, 10 830).

Die tweede grootste meerderheid respondente het ouers en vriende gekies (22,6%, 4 366), terwyl die derde grootste meerderheid

portuurgroep-georiënteerd was (15,5%, 2 999). Die minderheid respondente het die "geeneen"-opsie gekies. (N=19 308)

In tabel 5.16 word die steekproefsamstelling volgens ouer- en portuurgroep-oriëntasie weergegee:

TABEL 5.16
POPULASIESAMESTELLING VOLGENS OUER- EN PORTUURGROEP-ORIËNTASIE

ORIËNTASIE	AANTAL	%
OUERS	10 830	56,1
OUERS EN VRIENDE	4366	22,6
VRIENDE	2999	15,5
GEENEEN	1113	5,8
TOTAAL	19 308	100,0

5.6.1.3 Sosiale aktiwiteite en algemene tendense ten opsigte van die kyk na gehuurde video's

5.6.1.3.1 Gebruik van die videokasset-opnemer

Uit die resultate blyk dat die videokasset-opnemer hoofsaaklik gebruik is om televisieprogramme op te neem wat misgeloop word ("time shifting") (46,3%, 1 308).

Die tweede grootste persentasie van die respondente het die videokasset-opnemer gebruik om na gehuurde video's te kyk (43,3%, 1 223), terwyl 10,4% (294) die videokasset-opnemer gebruik het om televisieprogramme op te neem om te bewaar (videoteek). (N=2 825)

5.6.1.3.2 Algemene gebruiksfrekwensie van gehuurde video's

Die meerderheid respondente het minder as een keer per maand na video's gekyk (34,2%, 1 091).

Die tweede grootste persentasie van die respondente het een tot twee keer per maand na video's gekyk (24,2%, 772), terwyl die derde grootste persentasie van die respondente een keer per week gekyk het (15,2%, 485). Die minderheid respondente het nooit na video's gekyk nie (7,4%, 235).

Die uiteensetting van die algemene gebruiksfrekwensie van video's word in tabel 5.17 gegee:

TABEL 5.17
ALGEMENE GEBRUIKSFREKWENSIE VAN GEHURDE VIDEO'S

GEBRUIKSFREKWENSIE VAN VIDEO'S	AANTAL	%
MEER AS EEN KEER PER WEEK	246	7,7
EEN KEER PER WEEK	485	15,2
EEN KEER IN TWEE WEKE	361	11,3
EEN TOT TWEE KEER PER MAAND	772	24,2
MINDER AS EEN KEER PER MAAND	1091	34,2
NOOIT	235	7,4
TOTAAL	3190	100,0

5.6.1.3.3 Wanneer na gehuurde video's gekyk is

Uit die gegewens wil dit voorkom of die meerderheid respondente slegs naweke gedurende die kwartaal na video's gekyk het (58,7%, 1 849).

Die tweede grootste persentasie respondente het slegs skoolvakansies na video's gekyk (25,9, 816), terwyl die minderheid respondente enige dag gedurende die kwartaal na video's gekyk het (9,3%, 294). (N=3 148) (tabel 5.18)

TABEL 5.18
WANNEER NA GEHURDE VIDEO'S GEKYK IS

WANNEER NA VIDEO'S GEKYK IS	AANTAL	%
ENIGE DAG GEDURENDE DIE KWARTAAL	294	9,3
SLEGS NAWEKE GEDURENDE DIE KWARTAAL	1849	58,7
SLEGS SKOOLVAKANSIES	816	25,9
NOOIT	189	6,0
TOTAAL	3148	99,9

5.6.1.3.4 Redes vir die kyk na gehuurde video's

Die redes vir die kyk na video's is bereken op die totaal van elke respondent wat die betrokke rede as eerste keuse aangedui het. Elke rede het dus sy eie steekproefgrootte (N), wat beteken dat die finale persentasie van elke rede bereken is op die aantal nommer eens uit die totaal van die respondente wat die vraag beantwoord het en dit nie as eerste keuse aangedui het nie. Die gegewens in die volgende afdeling (5.6.1.3.5) is op dieselfde wyse bereken.

Die meerderheid respondente het na video's gekyk vir ontspanning (49,5%, 1456). (N=2 940)

Die tweede grootste persentasie respondente het na video's gekyk vir vermaak (31%, 901, N=2 909). (Volgens Kritzinger et al. (1972:679,1158) is ontspanning "afleiding, rus of rekreasie". Vermaak is "plesier, genot verskaf, verlustig, vrolik laat wees, genietend besig wees of besig hou". Dit kom dus voor of ontspanning merendeels rustend of passief is terwyl vermaak dui op 'n aktiewe toestand.)

Die minste respondente het na video's gekyk om daaglikse probleme te ontvlug (2,1%, 59). (N=2 813) (tabel 5.19).

TABEL 5.19
REDES VIR DIE KYK NA GEHUURDE VIDEO'S

REDES VIR KYK	AANTAL	%	N
VIR ONTSPANNING	1456	49,5	2940
VIR VERMAAK	901	31,0	2909
OM DIE TYD TE VERDRYF	138	4,9	2831
VIR INLIGTING	71	2,5	2834
DAAGLIKSE PROBLEME ONTVLUG	59	2,1	2813
VIR OPWINDING	285	9,9	2865
GROTER KEUSE OM VAN TE KIES	197	7,0	2828

5.6.1.3.5 Videovorkeure volgens klassifikasie

Die meerderheid respondente het verkies om na komedies te kyk (31,4%, 929). (N=2 960) Tweedens is aksie video's verkies (27,6%, 808, N=2 927), terwyl rillers derde keuse was (11,4%, 331). Liefde en volwasse video's is onderskeidelik as vierde en vyfde keuse aangedui. (N=2 927) (tabel 5.20)

TABEL 5.20
VIDEOVOORKEURE VOLGENS KLASSIFIKASIE

NO	KLASSIFIKASIE	AANTAL	%	N
1.	KOMEDIES	929	31,4	2960
2.	AKSIE	808	27,6	2927
3.	RILLERS	331	11,4	2892
4.	LIEFDE	251	8,8	2861
5.	VOLWASSE	143	5,0	2856
6.	KARATE	135	4,7	2897
7.	GRUWEL	107	3,7	2865
8.	WETENSKAPSFIKSIE	106	3,7	2864
9.	DRAMA	78	2,7	2847
10.	MUSIEK	72	2,5	2858
11.	ORLOG	61	2,1	2870
12.	WILDE WESTE	54	1,9	2878
13.	ANDER	47	1,7	2743

5.6.1.3.6 Plek waar na gehuurde video's gekyk is

Dit wil voorkom of die meerderheid respondente by die huis na video's gekyk het (38,7%, 1 208).

Die tweede grootste persentasie van die respondente het by die huis én by vriende na video's gekyk (32,5%, 1 013). Sowat 21% (654) van die respondente het by vriende na video's gekyk (N=3 121). Die kategorie "by die huis en by vriende" is by die vraelys ingesluit, aangesien dit die waarskynlikheid kan verhoog dat daar na ongewenste video's gekyk sal word. Die twee afsonderlike kategorieë ("by die huis" en "by vriende") is ietwat beperkend.

Tabel 5.21 sit die plek waar na video's gekyk is, uiteen:

TABEL 5.21
PLEK WAAR NA GEHURDE VIDEO'S GEKYK IS

PLEK WAAR NA VIDEO'S GEKYK IS	AANTAL	%
BY DIE HUIS	1208	38,7
BY DIE HUIS EN BY VRIENDE	1013	32,5
BY VRIENDE	654	21,0
ANDER PLEKKE	246	7,9
TOTAAL	3121	100,1

5.6.1.3.7 Saam met wie na gehuurde video's gekyk is

Uit die gegewens blyk dat die meerderheid respondente saam met vriende, sonder enige ouers na video's gekyk het (27,8%, 858).

Die tweede grootste persentasie respondente het saam met vriende, saam met ouers na video's gekyk (26,6%, 820), terwyl 25,6% (789) van die respondente saam met die gesin na video's gekyk het. (N=3 086) (tabel 5.22)

TABEL 5.22
SAAM MET WIE NA GEHUURDE VIDEO'S GEKYK IS

SAAM MET WIE NA VIDEO'S GEKYK IS	AANTAL	%
ALLEEN	54	1,7
BROERS EN SUSTERS	266	8,6
OUERS/STIEFOUERS/VOOGDE	108	3,5
DIE GESIN TESAME	789	25,6
ANDER FAMILIELEDE	76	2,5
VRIENDE, SONDER ENIGE OUERS/ STIEFOUERS/VOOGDE	858	27,8
VRIENDE, SAAM MET OUERS/STIEFOUERS/ VOOGDE	820	26,6
ANDER PERSONE	115	3,7
TOTAAL	3086	100,0

5.6.1.3.8 Die kies van gehuurde video's

Uit die gegewens blyk dat respondente hoofsaaklik saam met vriende of vriendinne video's gekies het (32%, 990).

Tweedens is video's deur die gesin tesame gekies (28,8%, 889) en derdens het 17,1% (528) van die respondente video's self gekies. (N=3 092) (tabel 5.23)

TABEL 5.23
DIE KIES VAN GEHUURDE VIDEO'S

DIE KIES VAN VIDEO'S	AANTAL	%
SELF	528	17,1
OUERS/STIEFOUERS/VOOGDE	148	4,8
VRIENDE	150	4,9
EK EN VRIENDE/VRIENDINNE	990	32,0
OUERS/STIEFOUERS/VOOGDE VAN VRIENDE	95	3,1
BROERS OF SUSTERS	190	6,1
DIE GESIN TESAME	889	28,8
ANDER PERSONE	102	3,3
TOTAAL	3092	100,1

5.6.1.3.9 Die huur (betaal) van gehuurde video's

Die huur van video's het betrekking op die betaling van video's by die videowinkeltoonbank.

Die gegewens dui daarop dat ouers/stiefouers/voogde meestal die video's betaal het (38,4%, 1 190).

Tweedens het respondente saam met vriende of vriendinne video's betaal (20,9%, 647), terwyl 12,5% (387) van die respondente self die video's betaal het. (N=3 099)

In tabel 5.24 word die huur/betaal van video's uiteengesit:

TABEL 5.24
DIE HUUR (BETAAL) VAN GEHUURDE VIDEO'S

DIE HUUR (BETAAL) VAN VIDEO'S	AANTAL	%
SELF	387	12,5
OUERS/STIEFOUERS/VOOGDE	1190	38,4
VRIENDE	163	5,3
EK EN VRIENDE	647	20,9
OUERS/STIEFOUERS/VOOGDE EN VRIENDE	228	7,4
BROERS OF SUSTERS	96	3,1
DIE GESIN TESAME	263	8,5
ANDER PERSONE	125	4,0
TOTAAL	3099	100,1

5.6.1.3.10 Bywoon van videopartytjies

Meer as die helfte van die respondente het nooit 'n videopartytjie bygewoon nie (50,8%, 1 599).

Die tweede grootste meerderheid het een keer per maand 'n videopartytjie bygewoon (35,5%, 1 119), terwyl 6,6% (208) twee keer per maand 'n videopartytjie bygewoon het. (N=3 149) (tabel 5.25)

TABEL 5.25
BYWOON VAN VIDEOPARTYTJIES

BYWOON VAN VIDEOPARTYTJIES	AANTAL	%
NOOIT	1599	50,8
EEN KEER PER MAAND	1119	35,5
TWEE KEER PER MAAND	208	6,6
DRIE KEER PER MAAND	95	3,0
VIER KEER PER MAAND	46	1,5
VYF OF MEER KERE PER MAAND	82	2,6
TOTAAL	3149	100,0

5.6.1.4 Ouerbewustheid en -beheer

5.6.1.4.1 Ouerbewustheid

Op die vraag of respondente se ouers/stiefouers/voogde altyd bewus daarvan is as hulle (die respondente) na gehuurde video's kyk, het die meerderheid respondente geantwoord dat hulle ouers wel altyd bewus daarvan is (80,3%, 2 538).

Elf persent (349) van die respondente het geantwoord dat hulle ouers nie altyd daarvan bewus is nie en 8,6% (272) het gesê hulle weet nie of hulle ouers altyd daarvan bewus is as hulle na gehuurde video's kyk nie. (N=3 159)

5.6.1.4.2 Word sekere gehuurde video's deur ouers verbied?

Op die vraag of respondente se ouers/stiefouers/voogde hulle al ooit verbied het om na sekere gehuurde video's te kyk, het 51,6% (1 637) geantwoord dat hulle ouers hul wel al verbied het om na sekere gehuurde video's te kyk.

Hierteenoor het 48,4% (1 535) geantwoord dat hulle ouers hul nog nooit verbied het om na sekere gehuurde video's te kyk nie. (N=3 172)

5.6.1.4.3 Is so 'n "verbode" video al gesien?

Op die vraag of respondente al ooit 'n video gesien het wat hulle ouers/stiefouers/voogde vir hul gesê het hulle nie mag sien nie, het die meerderheid geantwoord dat hulle nog nooit so 'n video gesien het nie (70,3%, 2 217).

Die minderheid (29,7%, 937) het geantwoord dat hulle wel al so 'n video gesien het. (N=3 154)

5.6.1.4.4 Op watter wyse so 'n "verbode" video gesien is

Respondente wat by laasgenoemde vraag (5.6.1.4.3) ja geantwoord het, is gevra hoe hulle dit reggekry het om so 'n gehuurde video gesien te kry.

Van die 937 respondente wat gesê het dat hulle wel al so 'n video gesien het, het die meerderheid geantwoord dat hulle dit sonder hul ouers se toestemming by iemand anders gaan kyk het (36,8%, 345).

Die tweede grootste meerderheid het gesê dat hulle dit sonder hul ouers se toestemming tuis gekyk het, byvoorbeeld toe hulle ouers geslaap het of nie tuis was nie (23,9%, 224).

Derdens het respondente wat so 'n video gesien het, gesê dat hulle dit op 'n ander manier reggekry het (21,2%, 199). Die minste respondente het gesê dat hulle ouers later toestemming gegee het om dit wel te kan kyk (18%, 169).

Tabel 5.26 bevat inligting oor hoe respondente dit reggekry het om so 'n "verbode" video te sien.

TABEL 5.26
HOE SO 'N "VERBODE" VIDEO GESIEN IS

HOE HET JY DIT REGGEKRY OM SO 'N GEHUURDE VIDEO GESIEN TE KRY?	AANTAL	%
EK HET DIT SONDER MY OUERS/STIEF-OUERS/VOOGDE SE TOESTEMMING BY IEMAND ANDERS GAAN KYK	345	36,8
EK HET DIT SONDER MY OUERS/STIEF-OUERS/VOOGDE SE TOESTEMMING TUIS GEKYK (BV. TOE HUL NIE TUIS WAS NIE OF TOE HUL GESLAAP HET)	224	23,9
MY OUERS/STIEFOUERS/VOOGDE HET LATER TOESTEMMING GEGEE DAT EK DIT WEL MAG KYK	169	18,0
EK HET DIT OP 'N ANDER MANIER REGGEKRY	199	21,2
TOTAAL	937	99,9

5.6.1.4.5 Respondente se persepsies ten opsigte van ouers se beheer oor hulle kyk na gehuurde video's

Respondente is gevra hoe streng hulle dink hul ouers/ stief-ouers/voogde is ten opsigte van hulle kykgewoontes ten opsigte van gehuurde video's.

Die meerderheid respondente was van mening dat hulle ouers gemiddeld is ten opsigte van hulle beheer oor hul kyk na gehuurde video's (27,4%, 846).

Die tweede grootste meerderheid respondente het geantwoord dat hulle ouers redelik streng is ten opsigte van hulle beheer oor die kyk na gehuurde video's (21,7%, 669).

Die minderheid respondente was van mening dat hulle ouers baie streng is ten opsigte van hulle beheer oor die kyk na gehuurde video's (8,9%, 276).

Tabel 5.27 bevat inligting oor kinders se persepsies ten opsigte van ouers se beheer oor die kyk na gehuurde video's:

TABEL 5.27
RESPONDENTE SE PERSEPSIES TEN OPSIGTE VAN OUERS SE
BEHEER OOR HULLE KYK NA GEHURDE VIDEO'S

HOE STRENG DINK JY IS JOU OUERS TEN OPSIGTE VAN DIE BEHEER OOR JOU KYKGEWOONTES NA GEHURDE VIDEO'S?	AANTAL	%
HULLE OEFEN GEEN BEHEER UIT NIE	286	9,3
BAIE TOEGEEFLIK	507	16,4
REDELIK TOEGEEFLIK	503	16,3
GEMIDDELD	846	27,4
REDELIK STRENG	669	21,7
BAIE STRENG	276	8,9
TOTAAL	3087	100,0

5.6.1.5 Respondente se menings oor gewelds- en sekstonele, kru taalgebruik en ouderdomsbeperkings

5.6.1.5.1 Menings oor geweldstonele in gehuurde video's

Uit die gegewens blyk dat die meerderheid respondente nie saamgestem het dat video's uit te veel geweldstonele bestaan nie (43,7%, 1 385).

Ten opsigte van die res van die respondente was 31,2% (988) onseker of het nie geweet nie, terwyl 25,1% (797) saamgestem het dat video's uit te veel geweldstonele bestaan. (N=3 170)

5.6.1.5.2 Menings oor sekstonele in gehuurde video's

Die meerderheid respondente het nie saamgestem dat video's uit te veel sekstonele bestaan nie (37,6%, 1 198).

Origens het 34,8% (1 109) van die respondente wel saamgestem dat video's uit te veel sekstonele bestaan en 27,5% (876) van die

respondente was onseker of het nie geweet of video's uit te veel sekstonele bestaan nie. (N=3 183)

5.6.1.5.3 Menings oor kru taalgebruik in gehuurde video's

Die meerderheid respondente het saamgestem dat video's uit te veel kru taalgebruik bestaan (46,4%, 1 476).

Origens het 29,4% (935) van die respondente nie saamgestem dat video's uit te veel kru taalgebruik bestaan nie en 24,2% (770) van die respondente was onseker of het nie geweet of video's uit te veel kru taalgebruik bestaan nie. (N=3 181)

5.6.1.5.4 Menings oor ouderdomsbeperkings op gehuurde video's

Die meerderheid respondente het saamgestem dat daar ouderdomsbeperkings op video's behoort te wees (46%, 1 460).

Persentasiegewys het 34,6% (1 096) van die respondente nie saamgestem dat daar ouderdomsbeperkings op video's behoort te wees nie, terwyl 19,4% (615) van die respondente onseker was of nie geweet het of daar ouderdomsbeperkings op video's behoort te wees nie. (N=3 171)

5.6.2 KYKGEWOONTES BETREFFENDE ONGEWENSTE VIDEO'S

5.6.2.1 Gebruiksfrekwensie ten opsigte van ongewenste video's

Uit die resultate blyk dat die meerderheid respondente na ongewenste video's gekyk het. Uit 'n totaal van 3 260 respondente het 86,7% (2 828) ten minste een en meer ongewenste video gesien. Die minderheid het geen ongewenste video gesien nie (13,3%, 432).

In tabel 5.28 word 'n uiteensetting gegee van respondente wat na ongewenste video's gekyk het en respondente wat geen ongewenste video's gesien het nie.

TABEL 5.28
GEBRUIKSFREKWENSIE TEN OPSIGTE VAN ONGEWENSTE VIDEO'S

GEBRUIKSFREKWENSIE TEN OPSIGTE VAN ONGEWENSTE VIDEO'S	AANTAL	%
EEN EN MEER ONGEWENSTE VIDEO GESIEN	2828	86,7
GEEN ONGEWENSTE VIDEO GESIEN	432	13,3
TOTAAL	3260	100,0

As die video's in kategorieë van hoeveelheid verdeel word, het respondente die volgende aantal ongewenste video's gesien:

Die meerderheid respondente het meer as 10 ongewenste video's gesien (30,6%, 997).

Die tweede grootste meerderheid van die respondente het tussen twee en vyf ongewenste video's gesien (26,9%, 877).

Voorts het 20,1% (655) van die respondente tussen ses tot tien ongewenste video's gesien en 9,2% (299) het een ongewenste video gesien. Tabel 5.29 verskaf 'n uiteensetting van die hoeveelheid ongewenste video's wat deur respondente gesien is.

TABEL 5.29
GEBRUIKSFREKWENSIE TEN OPSIGTE VAN HOEWEELEID
ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN

AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN	AANTAL	%
EEN	299	9,2
TWEE TOT VYF	877	26,9
SES TOT TIEN	655	20,1
MEER AS TIEN	997	30,6
GEEN	432	13,2
TOTAAL	3260	100,0

Die volgende veranderlikes blyk 'n rol te speel in die kyk na ongewenste video's:

5.6.2.2 Biografiese veranderlikes

5.6.2.2.1 Geslag

Dit kom voor asof seuns meer na ongewenste video's kyk as meisies.

Uit 'n totaal van 1 568 van die seuns wat na ongewenste video's gekyk het, het 42,5% (666) na meer as tien ongewenste video's gekyk. Uit 'n totaal van 1 256 van die meisies wat na ongewenste video's gekyk het, het 26,3% (330) na meer as 10 ongewenste video's gekyk. (N=2 824)

Alhoewel meisies in die res van die kategorieë meer as die seuns gekyk het, het die meerderheid seuns na meer as tien ongewenste video's gekyk (tabel 5.30).

TABEL 5.30
HOEVEELHEID ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS GESLAG

AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN	GESLAG VAN KYKER					
	SEUNS		MEISIES		TOTAAL	
	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%
EEN	134	8,5	164	13,1	298	10,6
TWEE TOT VYF	424	27,0	452	36,0	876	31,0
SES TOT TIEN	344	21,9	310	24,7	654	23,2
MEER AS TIEN	666	42,5	330	26,3	996	35,3
TOTAAL	1568	99,9	1256	100,1	2824	100,1

5.6.2.2.2 Huistaal

Die gegewens dui daarop dat Afrikaans- en Engelssprekende respondente die meeste na ongewenste video's gekyk het. Uit 'n totaal van 177 van die Afrikaans- en Engelssprekende respondente wat na ongewenste video's gekyk het, het 48% (85) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Engelssprekende respondente het tweede meeste na ongewenste video's gekyk. Uit 'n totaal van 553 van die Engelssprekende respondente wat na ongewenste video's gekyk het, het 46,3% (256) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Ten opsigte van anderstalige respondente wat derde meeste na ongewenste video's gekyk het, het 34,1% (15) na meer as 10 ongewenste video's gekyk.

Afrikaanssprekende respondente het die minste na ongewenste video's gekyk. (N=2 824) (tabel 5.31)

5.6.2.2.3 Skoolstanderd

Uit die gegewens kan tot die gevolgtrekking gekom word dat respondente in standerd agt die meeste na ongewenste video's gekyk het, waar 43,2% (304) meer as tien ongewenste video's gesien het.

Betreffende standerd sewes, wat die tweede meeste na ongewenste video's gekyk het, het 36,6% (244) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Standerd neges het die derde meeste na ongewenste video's gekyk, waar 32,3% (163) na meer as tien ongewenste video's gekyk het.

Standerd tiens het die minste na ongewenste video's gekyk.
(N=2 824)

Grafies blyk daar dus 'n toename in die kyk na ongewenste video's te wees vanaf standerd ses tot agt, waar standerd agt die hoogtepunt blyk te wees. Vanaf standerd nege tot tien kom 'n daling in die kyk na ongewenste video's voor.

In tabel 5.32 word 'n uiteensetting gegee van die getal ongewenste video's wat gesien is volgens skoolstanderd. In figuur 5.1 kan ook duidelik die toename in die kyk na ongewenste video's van standerd ses tot agt gesien word, waarna 'n daling voorkom.

TABEL 5.31
AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS HUISTAAL

AANTAL ONGE- WENSTE VIDEO'S GESIEN	HUISTAAL VAN RESPONDENTE									
	AFRIKAANS		ENGELS		AFR EN ENG		ANDER TALE		TOTAAL	
	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%
1	256	12,5	26	4,7	15	8,5	2	4,5	299	10,6
2 - 5	683	33,3	133	24,1	44	24,9	16	36,4	876	31,0
6 - 10	474	23,1	138	25,0	33	18,6	11	25,0	656	23,2
10+	637	31,1	256	46,3	85	48,0	15	34,1	993	35,2
TOTAAL	2050	100,0	553	100,1	177	100,0	44	100,0	2824	100,0


TABEL 5.32

AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS SKOOLSTANDERD

AANTAL ONGE- WENSTE VIDEO'S GESIEN	SKOOLSTANDERD VAN RESPONDENT											
	STANDERD 6		STANDERD 7		STANDERD 8		STANDERD 9		STANDERD 10		TOTAAL	
	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%
1	70	14,0	69	10,3	55	7,8	50	9,9	54	12,0	298	10,6
2 - 5	185	37,1	187	28,0	194	27,6	161	31,9	149	33,0	876	31,0
6-10	87	17,4	167	25,0	150	21,3	130	25,8	119	26,4	653	23,1
10+	157	31,5	244	36,6	304	43,2	163	32,3	129	28,6	997	35,3
TOTAAL	499	100,0	667	99,9	703	99,9	504	99,9	451	100,0	2824	100,0

% RESPONDENTE 10+ ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN STANDERD

■ % GESIEN



5.6.2.2.4 Ouderdom

Uit die gegewens blyk dat vyftienjariges die meeste na ongewenste video's gekyk het, waar 43,8% (317) na meer as tien ongewenste video's gekyk het.

Van die veertienjariges, wat die tweede meeste na ongewenste video's gekyk het, het 36,7% (223) meer as tien ongewenste video's gesien.

Sewentienjariges het derde meeste na ongewenste video's gekyk, waar 35,3% (158) meer as tien ongewenste video's gesien het. Agtien- en ouer as agtienjariges het die minste na ongewenste video's gekyk.

Ooreenstemmend met skoolstanderd (paragraaf 5.6.1.1.3) blyk daar 'n toename in die kyk na ongewenste video's te wees vanaf twaalfjarige ouderdom tot vyftienjarige ouderdom. Rondom die ouderdom van veertien tot vyftien jaar is die meeste na ongewenste video's gekyk, met die hoogtepunt op vyftienjarige ouderdom.

Alhoewel daar 'n daling voorkom by sestienjarige respondente, en weer 'n styging by sewentienjarige respondente, is daar aan weerskante van die spektrum minder na ongewenste video's gekyk (twaalf tot dertien jaar en sestien tot ouer as agtien jaar).

Die grootste getal video's wat deur veertien tot vyftienjariges gesien is, val dan ook in die "meer as tien video's gesien"-kategorie. (N=2 830)

Tabel 5.33 bevat 'n samestelling van die getal ongewenste video's gesien volgens ouderdom. Figuur 5.2 is 'n grafiese voorstelling ten opsigte van die persentasie respondente wat na meer as tien ongewenste video's gekyk het volgens ouderdom.

TABEL 5.33
AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS OUDERDOM

AANTAL ON- GEWENSTE VIDEO'S GESIEN	OUDERDOM VAN RESPONDENTE							
	12 JAAR		13 JAAR		14 JAAR		15 JAAR	
	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%
1	6	14,6	49	13,0	73	12,0	58	8,0
2 - 5	17	41,5	133	35,2	177	29,1	187	25,9
6 - 10	10	24,4	74	19,6	135	22,2	161	22,3
10+	8	19,5	122	32,3	223	36,7	317	43,8
TOTAAL	41	100,0	378	100,1	608	100,0	723	100,0


(Tabel 5.33 vervolg op volgende bladsy)

TABEL 5.33 (VERVOLG)
AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN VOLGENS OUDERDOM

AANTAL ONGE- WENSTE VIDEO'S GESIEN	OUDERDOM VAN RESPONDENTE									
	16 JAAR		17 JAAR		18 JAAR		OUER AS 18		TOTAAL	
	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%
1	41	7,6	52	11,6	16	17,6	5	83,3	300	10,6
2 - 5	182	34,0	113	25,3	67	73,6	1	16,7	877	31,0
6 - 10	144	26,9	124	27,7	8	8,8	0	0,0	656	23,2
10+	169	31,5	158	35,3	0	0,0	0	0,0	997	35,2
TOTAAL	536	100,0	447	99,9	91	100,0	6	100,0	2830	100,0

FIGUUR 5.2

% RESPONDENTE 10+ ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OUDERDOM



5.6.2.2.5 Woonplek van respondente

Die gegewens dui daarop dat van die respondente wat op "ander plekke" bly, die meeste na ongewenste video's gekyk het. Uit 'n totaal van 59 wat na ongewenste video's gekyk het, het 42,4% (25) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Respondente wat in 'n koshuis woon, het tweede meeste na ongewenste video's gekyk. Uit 'n totaal van 741 respondente wat na ongewenste video's gekyk het, het 39,8% (295) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Respondente wat by hulle ouers woon het die minste na ongewenste video's gekyk. Uit 'n totaal van 1 066 respondente wat na ongewenste video's gekyk het, het 35,6% (380) na meer as tien ongewenste video's gekyk. (N=1 866)

Deurlopend het die meerderheid respondente na meer as tien ongewenste video's gekyk (tabel 5.34).

TABEL 5.34
AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN
WOONPLEK VAN RESPONDENTE

AANTAL ONGE- WENSTE VIDEO'S GESIEN	WOONPLEK VAN RESPONDENTE							
	KOSHUIS		OUERHUIS		ANDER PLEK		TOTAAL	
	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%	AAN- TAL	%
1	54	7,3	136	12,8	5	8,5	195	10,5
2-5	202	27,3	342	32,1	21	35,6	565	30,3
6-10	190	25,6	208	19,5	8	13,6	406	21,8
10+	295	39,8	380	35,6	25	42,4	700	37,5
TOTAAL	741	100,0	1066	100,0	59	100,1	1866	100,1

5.6.2.2.6 Ouers wat tuis woon

Dit blyk dat respondente waar slegs die moeder tuis woon die meeste na ongewenste video's gekyk het. Uit 'n totaal van 442 respondente wat na ongewenste video's gekyk het, het 40,5% (179) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Respondente waar net die vader tuis woon, het tweede meeste na ongewenste video's gekyk. Uit 'n totaal van 99 respondente wat na ongewenste video's gekyk het, het 38,4% (38) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Nie veel verskillend hiervan nie, het 38,3% (23) van die respondente waar nie een ouer tuis woon nie, na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Respondente waar beide die ouers tuis woon, het die minste na ongewenste video's gekyk. 34% (754) het na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Die meerderheid respondente in al vier kategorieë het na meer as tien ongewenste video's gekyk. (N=2 820) (tabel 5.35)

TABEL 5.35

AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OUERS WAT TUIS WOON

AANTAL ONGE- WENSTE VIDEO'S GESIEN	OUERS VAN RESPONDENTE WAT TUIS WOON									
	BEIDE		VADER		MOEDER		NIE EEN NIE		TOTAAL	
	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%
1	247	11,1	7	7,1	39	8,8	6	10,0	299	10,6
2-5	713	32,1	27	27,3	115	26,0	18	30,0	873	31,0
6-10	505	22,8	27	27,3	109	24,7	13	21,7	654	23,2
10+	754	34,0	38	38,4	179	40,5	23	38,3	994	35,2
TOTAAL	2219	100,0	99	100,1	442	100,0	60	100,0	2820	100,0

5.6.2.2.7 Rede hoekom beide ouers nie tuis woon nie

In samehang met die vorige vraag is respondente waar beide ouers nie tuis woon nie, gevra om die rede aan te dui waarom beide ouers nie tuis woon nie.

Uit die gegewens kan tot die gevolgtrekking gekom word dat respondente wie se ouers geskei is, die meeste ongewenste video's gesien het, waar 43,3% (171) meer as tien ongewenste video's gesien het.

Tweedens het respondente wie se ouer(s) oorlede is, tweede meeste na ongewenste video's gekyk. In hierdie groep het 35,2% (58) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Respondente wie se ouers verwyderd is, het die minste na ongewenste video's gekyk - 31% (9) van dié respondente het na meer as tien ongewenste video's gekyk. (N=589) (tabel 5.36)

TABEL 5.36
AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN REDE HOEKOM BEIDE
OUERS VAN RESPONDENTE NIE TUIS WOON NIE

AANTAL ONGE- WENSTE VIDEO'S GESIEN	REDE HOEKOM BEIDE OUERS VAN RESPONDENTE NIE TUIS WOON NIE							
	GESKEI		VERWYDERD		OORLEDE		TOTAAL	
	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%
1	23	5,8	5	17,2	24	14,5	52	8,8
2-5	92	23,3	9	31,0	49	29,7	150	25,5
6-10	109	27,6	6	20,7	34	20,6	149	25,3
10+	171	43,3	9	31,0	58	35,2	238	40,4
TOTAAL	395	100,0	29	99,9	165	100,0	589	100,0

5.6.2.2.8 Beroep van moeder

Om te kon vasstel of respondente van werkende moeders meer na ongewenste video's gekyk het as respondente wat huisvrouens as moeders het, is alle beroepskategorieë bymekaargetel, afsonderlik van die huisvroukategorie.

Dit blyk asof respondente wie se moeders 'n ander beroep as huisvrou beklee (bv. professioneel, sekretaresse, eie onderneming, ensovoorts) meer na ongewenste video's gekyk het as respondente wie se moeders huisvrouens is. In hierdie groep het 69,5% (682) na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Betreffende respondente wie se moeders huisvrouens is, het 30,5% (299) na meer as tien ongewenste video's gekyk. (N=981)

Tabel 5.37 bevat 'n samestelling van die aantal ongewenste video's gesien en respondente wie se moeders huisvrouens is teenoor respondente wie se moeders werkend is.

Tabel 5.38 bevat 'n samestelling van die getal ongewenste video's gesien en die beroepskategorieë van respondente se moeders:

TABEL 5.37

MEER AS TIEN ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN RESPONDENTE WIE SE MOEDERS HUISVROUENS IS TEENoor RESPONDENTE WIE SE MOEDERS WERKEND IS

BEROEP VAN MOEDER	MEER AS TIEN ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN	
	AANTAL	%
HUISVROU	299	30,5
WERKEND	682	69,5
TOTAAL	981	100,0

TABEL 5.38

AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN DIE BEROEPSKATEGORIEË VAN RESPONDENTE SE MOEDERS

AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN	BEROEP VAN RESPONDENTE SE MOEDERS																			
	HUISVROU		PROFESSIO-NEEL		ONTVANGS-DAME		KLERLIK		PRIVAATSE-KRETARESSE		VERKOOPS-DAME		FABRIEKS-WERKER		EIE ONDER-NEMING		ANDER		TOTAAL	
	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%	AAN-TAL	%
1	120	12,2	43	9,3	31	10,0	36	12,3	16	10,6	16	10,5	1	10,0	6	4,7	25	8,3	294	10,6
2-5	352	35,9	133	28,9	99	32,0	74	25,3	32	21,2	41	27,0	3	30,0	36	28,3	90	30,0	860	30,9
6-10	209	21,3	107	23,3	75	24,3	74	25,3	38	25,2	32	21,1	3	30,0	30	23,6	78	26,0	646	23,2
10+	299	30,5	177	38,5	104	33,7	108	37,0	65	43,0	63	41,4	3	30,0	55	43,3	107	35,7	981	35,3
TOT	980	99,9	460	100,0	309	100,0	292	99,9	151	100,0	152	100,0	10	100,0	127	99,9	300	100,0	2781	100,0

5.6.2.2.9 Woonplek van ouers

Uit die resultate blyk dat respondente wie se ouers in 'n stad woon, die meeste na ongewenste video's gekyk het. In dié kategorie het 48,2% (157) van die respondente na meer as tien ongewenste video's gekyk.

Respondente wie se ouers in 'n dorp bly, het tweede meeste na ongewenste video's gekyk, waar 36,1% (704) meer as tien ongewenste video's gesien het.

Respondente wie se ouers op 'n plaas of plot bly, het die minste na ongewenste video's gekyk. In hierdie kategorie het 24% (129) meer as tien ongewenste video's gesien. (N=2 815) (tabel 5.39)

TABEL 5.39
AANTAL ONGEWENSTE VIDEO'S GESIEN EN OUERS VAN
RESPONDENTE SE WOONPLEK

Uit die resultate blyk dit dat 'n groot aantal respondente na ongewenste video's kyk. Heelwat meer as die helfte van die respondente (86,7%) het na een en meer ongewenste video gekyk terwyl 30,6% ook na meer as tien ongewenste video's gekyk het. Op grond van hierdie bevinding kan hierdie hipotese dus aanvaar word.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat ouderdomsbeperkings, wat hierdie studie betref, nie veel waarde gehad het nie en dat kinders tóg gesien het wat hulle nie veronderstel was om te sien nie - tot 87,1% van die respondente in hierdie studie

het na een en meer ongewenste video gekyk. Hierdie bevinding kom ooreen met die bevinding van Barlow en Hill (1985) in Engeland, Greenberg en Heeter (1987), Greenberg en Lin (1989) in Amerika, en Roe (1983; 1989) in Swede, wat bevind het dat kinders in 'n groot mate na video's kyk wat nie vir hulle geskik is om te sien nie.

HIPOTESE 2: Biografiese veranderlikes speel 'n rol in die kyk na ongewenste video's.

Hierdie hipotese word ondersteun deur die volgende bevindinge:

HIPOTESE 2a: Seuns kyk meer na ongewenste video's as meisies.

Geslag is 'n onafhanklike veranderlike wat 'n invloed op die kykgewoontes van respondente kan hê. Seuns het meer (42,5%) as meisies (26,3%) na ongewenste video's gekyk. Op grond hiervan word die hipotese aanvaar.

Hierdie bevinding kom ooreen met studies wat bevind het dat seuns oor die algemeen meer na video's kyk (Pitout et al., 1985, Heyneke, 1986) en ook meer na ongewenste materiaal kyk, wat geweld en seks insluit (Hill, 1985a; Nelson, 1985; Roe, 1989).

HIPOTESE 2b: Engelssprekende respondente kyk meer na ongewenste video's as Afrikaans- en Engelssprekende respondente (tweetaliges).

Ten opsigte van die Engelssprekende respondente het 46,3% na ongewenste video's gekyk, terwyl 48% van die Afrikaans- en Engelssprekende respondente na ongewenste video's gekyk het. Aangesien die verskil tussen die twee proporsies minder as 5% is, word hierdie hipotese verwerp.

HIPOTESE 2c: Engelssprekende respondente kyk meer na ongewenste video's as Afrikaanssprekende respondente.

Engelssprekende respondente (46,3%) het meer na ongewenste video's gekyk as Afrikaanssprekende respondente (31,1%). In hierdie geval is daar 'n duidelike verskil tussen die twee taalgroepe en die hipotese word dus aanvaar.

HIPOTESE 2d: Engelssprekende respondente kyk meer na ongewenste video's as anderstaliges.

Met betrekking tot Engelssprekende respondente het 46,3% na ongewenste video's gekyk teenoor 34,1% van die anderstaliges. Ook hier blyk die verskil groot te wees. Op grond hiervan word die hipotese aanvaar.

Aangesien twee uit die drie subhipoteses aanvaar is, word die hoofhipotese ook aanvaar. Engelssprekende respondente het tog in 'n meerdere mate na ongewenste video's gekyk.

Vorige navorsing het bevind dat Engelssprekende respondente meer na (algemene) video's kyk (Pitout et al., 1985; Heyneke, 1986).

HIPOTESE 2e: Die kyk na ongewenste video's neem toe namate die kind ouer word.

Aan die hand van ouderdom en skoolstanderd blyk uit die gegewens dat daar wel 'n toename in die kyk na ongewenste video's voorkom namate die kind ouer word. Dit neem egter weer af ná standerd agt en ná vyftienjarige ouderdom.

Wat skoolstanderd betref, blyk dat die kyk na ongewenste video's om en by standerd agt 'n hoogtepunt bereik. Standerd agts het meer as die ander standerds na ongewenste video's gekyk. Vanaf standerd ses was daar 'n toename in die kyk na ongewenste video's tot standerd agt. (standerd 6: 31,5%; standerd 7: 36,6%; standerd 8: 43,2%; standerd 9: 32,3%; standerd 10: 28,6%)

In aansluiting by bogenoemde kom daar ook 'n hoogtepunt met betrekking tot ouderdom voor en wel rondom vyftien jaar. Vyftienjarige respondente het die meeste na ongewenste video's gekyk. Vanaf twaalfjarige ouderdom was daar 'n toename in die kyk na ongewenste video's tot en met vyftien jaar, waarna 'n daling voorgekom het. (12 jaar: 19,5%; 13 jaar: 32,3%; 14 jaar: 36,7%; 15 jaar: 43,8%; 16 jaar: 31,5%; 17 jaar: 35,3%; 18 jaar: 0%; ouer as 18 jaar: 0%)

Bogenoemde hipotese word dus slegs gedeeltelik ondersteun.

Vorige studies het bevind dat respondente in standerd agt tot tien meer geneig is om na video's te kyk as jonger kinders (Pitout, 1985; De Waal, 1985). Heyneke (1986), het wel bevind dat standerd ses en sewe meer as ander standerds video's kyk.

HIPOTESE 2f: Respondente wat in koshuise en ander plekke woon, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat in hul ouerhuis woon.

Respondente wat op 'n ander plek (42,4%) en in koshuise woon (39,8%), het meer na ongewenste video's gekyk as respondente wat by hul ouers woon (35,6%).

Aangesien die verskil tussen respondente wat op 'n ander plek en respondente wat by hul ouerhuise woon meer as 5% is, maar die persentasie respondente wat in koshuise woon minder as 5% is, kan hierdie hipotese slegs gedeeltelik aanvaar word.

HIPOTESE 2g: Respondente wat in 'n enkelouerhuis woon, kyk meer na ongewenste video's as respondente waarvan beide ouers tuis woon.

Ten opsigte van respondente waar slegs die vader tuis woon, het 38,4% na ongewenste video's gekyk en 40,5% van respondente waar slegs die moeder tuis woon. 34% van die respondente waar beide ouers tuis woon, het na ongewenste video's gekyk. Hierdie

hipotese kan dus slegs gedeeltelik aanvaar word, aangesien die verskil tussen respondente waar slegs die vader tuis woon en respondente waar beide ouers tuis woon, minder as 5% is. Slegs respondente wat by 'n moeder woon, het die meeste ongewenste video's gesien.

(Dit is dan ook veral respondente wie se ouers geskei is, wat die meeste na ongewenste video's gekyk het (geskei: 43,3%; verwyderd: 31%; oorlede: 35,2%).

HIPOTESE 2h: Respondente wie se moeders werkend is, kyk meer na ongewenste video's as respondente wie se moeders huisvrouens is.

Respondente van werkende moeders het meer na ongewenste video's gekyk as respondente wie se moeders huisvrouens is. Vir elke beroepskategorie afsonderlik, behalwe dié van fabriekswerkers en ontvangsdames, het steeds meer respondente na ongewenste video's gekyk as in die geval van die kategorie huisvrou. Die persentasie respondente met werkende moeders (alle kategorieë bymekaargetel) wat na tien en meer ongewenste video's gekyk het, beloop 69,5% teenoor 30,5% van respondente met huisvrouens as moeders.

Hierdie bevinding ondersteun dus bogenoemde hipotese.

HIPOTESE 2i: Respondente wie se ouers in 'n stad woon, kyk meer na ongewenste video's as respondente wie se ouers in 'n dorp of op 'n plaas/plot bly.

Respondente wie se ouers in 'n stad bly (48,2%), het meer na ongewenste video's gekyk as respondente wie se ouers in 'n dorp (36,1%) of op 'n plot/plaas (24%) bly. Hierdeur word bogenoemde hipotese aanvaar.

HIPOTESE 2j: Respondente wat van mening is dat godsdiens nie 'n belangrike rol in die huishouding speel nie, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat meen godsdiens speel 'n baie belangrike rol in die huishouding.

Die bevindinge dui daarop dat respondente wat meen godsdiens speel nie 'n belangrike rol in die huishouding nie, die meeste na ongewenste video's gekyk het (48,1%). Hierteenoor het 30,8% van die respondente wat van mening was dat godsdiens 'n baie belangrike rol in die huishouding speel, na ongewenste video's gekyk. 'n Duidelike verskil bestaan dus tussen eersgenoemde en laasgenoemde groep.

Hierdie resultate ondersteun dus bogenoemde hipotese.

HIPOTESE 2k: Respondente wat 'n videokasset-opnemer tuis besit, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat nie 'n videokasset-opnemer tuis besit nie.

Respondente wat 'n videokasset-opnemer tuis besit (40,7%), het meer na ongewenste video's gekyk as respondente wat nie 'n videokasset-opnemer tuis besit nie (23,6%). Dit kom dus voor of die beskikbaarheid van 'n videokasset-opnemer in die huis die moontlikheid vergroot dat daar na ongewenste video's gekyk word.

Hierdie hipotese word dus op grond van die voorafgaande bevinding aanvaar.

HIPOTESE 2l: Respondente wat gereeld 'n videokasset-opnemer huur (minstens een of meer keer elke twee weke), kyk meer na ongewenste video's as respondente wat minder gereeld (een tot twee keer per maand en minder) 'n videokasset-opnemer huur.

Daar bestaan 'n duidelike verskil in die kykgewoontes betreffende ongewenste video's ten opsigte van respondente wat gereeld

(minstens een of meer keer elke twee weke) 'n videokasset-opnemer huur en respondente wat minder gereeld (een tot twee keer per maand en minder) 'n videokasset-opnemer huur. Eersgenoemde groep het meer na ongewenste video's gekyk as laasgenoemde groep. 67,2% van respondente wat meer as een keer per week 'n video-kasset-opnemer huur, 57,7% van respondente wat een keer per week 'n videokasset-opnemer huur en 59,4% van respondente wat een keer in twee weke 'n videokasset-opnemer huur, het na ongewenste video's gekyk. Hierteenoor het 36,1% van die respondente wat een tot twee keer per maand 'n videokasset-opnemer huur, 20% van respondente wat minder as een keer per maand 'n videokasset-opnemer huur en 33% van respondente wat nooit 'n videokasset-opnemer huur nie, na ongewenste video's gekyk.

Hierdie hipotese word dus aanvaar.

HIPOTESE 2m: Respondente wie se ouers aan 'n videoklub behoort, kyk meer na ongewenste video's as respondente wie se ouers nie aan 'n videoklub behoort nie.

Respondente wie se ouers aan 'n videoklub behoort, het meer na ongewenste video's gekyk (51,8%) as respondente wie se ouers nie aan 'n videoklub behoort nie (30,8%). Die feit dat videowinkels videoklubs aanbied wat dit moontlik maak om video's op kontrak goedkoper te huur, kan dus daartoe aanleiding gee dat meer video's gehuur word. Dit kan weer die kans vergroot dat 'n kind na ongewenste video's kyk. Hierdie hipotese word dus aanvaar.

Alhoewel sommige subhipoteses slegs gedeeltelik aanvaar is (hipotese 2b, 2e, 2f en 2g) word die meerderheid hipoteses deur die resultate ondersteun. Op grond hiervan word hipotese 2 aanvaar.

HIPOTESE 3: Portuurgroep-georiënteerde respondente kyk meer na ongewenste video's as ouer-georiënteerde respondente.

Respondente wat portuurgroep-georiënteerd is (43,6%), het die meeste na ongewenste video's gekyk, in teenstelling met ouer-georiënteerde respondente, waarvan 32,9% na ongewenste video's gekyk het.

Op grond van hierdie bevinding word dié hipotese aanvaar.

HIPOTESE 4 : Die kyk na ongewenste video's is hoofsaaklik 'n sosiale aktiwiteit wat in portuurgroepsverband plaasvind.

Die sosiale aktiwiteite van videogebruik hou verband met die plek waar na gehuurde video's gekyk word, persone saam met wie gekyk word, die kies en huur (betaal) van gehuurde video's en videopartytjies.

"Ander persone" soos vermeld in hipotese 4b - 4d het betrekking op ander keuses wat in die vraag uiteengesit is en verwys nie spesifiek na die kategorie "ander persone" nie.

Die vernaamste resultate is soos volg:

HIPOTESE 4a: Respondente wat by vriende na video's kyk, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat by die huis na video's kyk.

Ten opsigte van die plek waar respondente na gehuurde video's gekyk het, het respondente wat by die huis én by vriende na gehuurde video's kyk, die meeste ongewenste video's gesien (41,9%). Alhoewel die afleiding gemaak kan word dat hierdie respondente die meeste ongewenste video's gesien het omdat daar op twee plekke gekyk word (huis én vriende), het respondente wat by die huis na gehuurde video's kyk, die tweede meeste ongewenste

video's gesien (34,5%) en by vriende derde meeste (28%). Laasgenoemde dui daarop dat respondente as tweede keuse by die huis - en nie by vriende nie - na video's kyk. Dit sluit dus aan by hipotese 5 (vraag 32 in die vraelys), waar bevind is dat respondente die meeste by die huis en naasmeeste by vriende na video's kyk.

Op grond hiervan word hierdie hipotese verwerp. Dit kan egter nie 'n invloed uitoefen op die hoofhipotese nie, aangesien die vraag saam met wie gekyk is nie kwalifiseer nie.

HIPOTESE 4b: Respondente wat saam met vriende, sonder enige ouers, na video's kyk, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat alleen of saam met enige ander persone na video's kyk.

Ten opsigte van respondente wat saam met hul vriende, sonder enige ouers, na ongewenste video's gekyk het, het 44,3% na ongewenste video's gekyk. Die tweede grootste meerderheid van die respondente het alleen na ongewenste video's gekyk (41,2%), terwyl die derde grootste meerderheid saam met ouers na ongewenste video's gekyk het (41,1%). Ten opsigte van ander persone saam met wie video's gekyk is - met die uitsondering van ouers - het respondente merendeels saam met vriende, sonder ouers, na ongewenste video's gekyk.

Hier kan die hipotese nie aanvaar word nie, aangesien die verskil tussen bogenoemde drie proporsies (vriende, alleen en ouers) minder as 5% is.

HIPOTESE 4c: Respondente wat saam met hul vriende video's kies, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat self of waar ander persone video's kies.

Respondente wat self video's gekies het, het die meeste na ongewenste video's gekyk (47,3%), terwyl respondente wat saam met hul vriende video's gekies het, tweede meeste ongewenste video's

gesien het (38,8%). Respondente waarvan ouers van vriende video's gekies het, het derde meeste na ongewenste video's gekyk (32%). Ten opsigte van respondente wat saam met vriende video's kies en dié waar enige ander persone video's kies, het respondente wat saam met vriende video's kies, die meeste na ongewenste video's gekyk.

Op grond van hierdie bevinding kan dié hipotese nie aanvaar word nie, aangesien respondente grotendeels self video's gekies het.

HIPOTESE 4d: Respondente wat saam met vriende video's huur, (betaal), kyk meer na ongewenste video's as respondente wat self of waar ander persone video's huur (betaal).

Respondente wat self gehuurde video's gehuur of betaal het, het die meeste na ongewenste video's gekyk (43,7%), terwyl respondente wat saam met hul vriende video's betaal het, tweede meeste na ongewenste video's gekyk het (38,5%). Respondente waarvan ouers video's kies, het derde meeste na ongewenste video's gekyk (34,5%). Ten opsigte van ander persone wat video's huur en respondente wat saam met vriende video's huur, het respondente wat saam met vriende video's huur meer na ongewenste video's gekyk, met die uitsondering van die "ouers"-kategorie. Ten opsigte van laasgenoemde kategorie is daar minder as 5% verskil tussen die twee proporsies.

Hierdie hipotese kan dus nie aanvaar word nie, aangesien die meeste respondente self video's gehuur of betaal het.

HIPOTESE 4e: Respondente wat gereeld (drie tot vyf kere per maand) videopartytjies bywoon, kyk meer na ongewenste video's as respondente wat minder gereeld (een of twee keer per maand en minder) videopartytjies bywoon.

Respondente wat drie keer per maand (60,2%), vier keer per maand (76,1%) en vyf of meer kere per maand (63,8%) 'n videopartytjie bywoon, het die meeste na ongewenste video's gekyk. Hierteenoor het 35% van respondente wat een keer per maand, 47% van respondente wat twee keer per maand en 28,7% van respondente wat nooit videopartytjies bywoon nie, na ongewenste video's gekyk.

Hierdie hipotese word dus aanvaar.

Hipotese 4 kan nie aanvaar word nie, aangesien slegs een uit vyf van die subhipoteses in geheel aanvaar is (nl. hipotese 4e).

Gebaseer op die voorgaande kan tot die volgende gevolgtrekking gekom word: Respondente kyk by die huis én by vriende na ongewenste video's, maar meer by die huis as by vriende. Daar word saam met vriende na ongewenste video's gekyk, maar daar word ook alleen of saam met ouers na video's gekyk. Die video's word meestal self deur die respondente gekies en gehuur.

In die geheel gesien, kom dit dus voor of die kyk na ongewenste video's nie net 'n portuurgroep-aangeleentheid is nie.

HIPOTESE 5: Dit is nie altyd moontlik dat ouers beheer oor kinders se kykgewoontes ten opsigte van ongewenste video's kan uitoefen nie.

In hierdie afdeling is verskeie vrae gevra om 'n algemene indruk te kan vorm ten opsigte van respondente se menings oor ouer-bewustheid en -beheer. Die vrae wat gevra is om bogenoemde hipotese te toets, het te make met ouers se toestemming en medewete, en of ouers kinders verbied om na sekere gehuurde

video's te kyk. Die resultate kan as volg geïnterpreteer word:

Ten opsigte van die plek waar die gelyste ongewenste video's (vraag 32) gesien is, is die meeste tuis, sonder ouers se toestemming, gekyk (50%). Nie veel verskillend hiervan nie, het respondente tweedens hierdie video's by vriende, sonder ouers se toestemming, gekyk (48,6%). Die derde grootste meerderheid het dit by ander familieledes gesien (37,9%). Hieruit wil dit dus voorkom asof die meeste van die ongewenste video's sonder ouers se toestemming gesien is.

Die gegewens dui voorts daarop dat ouers nie altyd daarvan bewus is as kinders na gehuurde video's kyk nie. Respondente wie se ouers nie altyd daarvan bewus is nie, het dan ook die meeste ongewenste video's gesien (45,6%). In teenstelling hiermee het 32,6% van die respondente wie se ouers wel daarvan bewus is, na ongewenste video's gekyk.

Die aantal respondente wie se ouers hulle nog nooit verbied het om na sekere gehuurde video's te kyk, verskil nie veel van respondente wie se ouers hulle dit wel al verbied het nie. Ten opsigte van respondente wie se ouers hulle nog nooit verbied het om na sekere gehuurde video's te kyk, het 36,5% na ongewenste video's gekyk teenoor 33,8% wie se ouers hulle dit wel al verbied het. Hierdie resultate dui daarop dat al word kinders verbied om na sekere gehuurde video's te kyk, dit tog gesien word. Die moontlikheid kan nie uitgeluit word nie dat kinders wat deur hulle ouers verbied word om na sekere gehuurde video's te kyk, wel ongewenste video's op ander plekke sien.

Die daaropvolgende vraag, wat vra of so 'n "verbode" video al gesien is, dui daarop dat respondente wat al wel so 'n "verbode" video gesien het, die meeste na ongewenste video's gekyk het (47,9%), teenoor 29,3% van respondente wat nog nooit so 'n "verbode" video gesien het nie.

Die volgende vraag, wat vra hoe daar reggekry is om so 'n "verbode" video gesien te kry, dui daarop dat respondente dit sonder ouers se toestemming tuis gekyk het (50,9%) teenoor 45,6% van respondente wie se ouers later toestemming gegee het dat so 'n video gesien mag word.

Ten opsigte van respondente se persepsies van ouers se beheer oor kinders se kykgewoontes, het respondente wat die persepsie het dat hul ouers nie baie streng is nie, die meeste na ongewenste video's gekyk. Daar blyk 'n afname in die kyk na ongewenste video's te wees namate die persepsie van ouerbeheer strenger word. (geen beheer: 49,1%; baie toegeeflik: 41,8%; redelik toegeeflik: 36,4%; gemiddeld: 33,6%; redelik streng: 28,9%; baie streng: 17,8%)

Die verskil in die twee uiterstes blyk duidelik: respondente wat van mening was dat hul ouers geen beheer oor hul kykgewoontes uitoefen nie, het die meeste na ongewenste video's gekyk (49,1%), terwyl respondente wat gedink het hul ouers is baie streng, die minste ongewenste video's gesien het (17,8%).

Dit wil dus voorkom asof kinders wie se kykgewoontes deur ouers beheer word, minder ongewenste video's sien.

Indien die voorgaande resultate in 'n geheel gesien word, kan hipotese 5 aanvaar word, aangesien dit voorkom asof ouers wel hulle kinders se kykgewoontes beheer, maar dat hulle nie altyd daartoe in staat is nie, aangesien die meeste ongewenste video's sonder ouers se toestemming en medewete gekyk word. Al verbied ouers hulle kinders om na sekere video's te kyk, word daar steeds na ongewenste video's gekyk. Aangesien die studie oor die opinies van ouers self ontbreek, kan gevra word of die menings van kinders die regte weerspieëling is van die ware toedrag van sake.

Alhoewel hierdie resultate teenstrydig blyk te wees met hipotese 4b, waar kinders ook saam met ouers na ongewenste video's kyk,

kan tot die gevolgtrekking gekom word dat kinders wel saam met ouers na ongewenste video's kyk, maar dat dit ook nie altyd moontlik is om kinders se kykgewoontes te beheer nie. Hipotese 5 dui ook daarop dat kinders wie se kykpatrone wel deur ouers beheer word, minder na ongewenste video's kyk. Nelson (1985:49) het ook bevind dat, alhoewel ouers hul kinders teen ongewenste video's wil beskerm, kinders tog daaraan blootgestel word. Kinders word egter ook met die toestemming van ouers aan ongewenste video's blootgestel.

HIPOTESE 6: Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, het 'n meer "liberale" siening ten opsigte van video's.

Hierdie afdeling se vrae was daarop gemik om te bepaal of respondente wat baie na ongewenste video's kyk, 'n meer "liberale" siening ten opsigte van die uitbeelding van seks, geweld en kru taal in video's en die oplegging van ouderdomsbeperkings het, teenoor respondente wat nie baie na ongewenste video's kyk nie.

HIPOTESE 6a: Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie 'n oormaat geweld in video's voorkom nie.

Met betrekking tot hierdie hipotese het 45,3% van die respondente wat na ongewenste video's gekyk het, nie saamgestem dat daar te veel geweldstonele in video's voorkom nie. Hierteenoor het 22,5% van die respondente wat na ongewenste video's gekyk het, wel saamgestem.

Die hipotese word dus aanvaar.

HIPOTESE 6b: Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie 'n oormaat seks in video's voorkom nie.

Met betrekking tot seks het 51,7% van die respondente wat

ongewenste video's gesien het, nie saamgestem dat daar te veel sekstonele in video's voorkom nie, teenoor 20,9% van die respondente wat wel saamgestem het.

Die hipotese word dus aanvaar.

HIPOTESE 6c: Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie 'n oormaat kru taalgebruik in video's voorkom nie.

Met betrekking tot kru taalgebruik in video's, het 50,7% van die respondente wat na ongewenste video's gekyk het, nie saamgestem dat daar te veel kru taalgebruik in video's voorkom nie, teenoor 26,6% van die respondente wat wel saamgestem het.

Die hipotese word dus aanvaar.

HIPOTESE 6d: Respondente wat baie na ongewenste video's kyk, is van mening dat daar nie ouderdomsbeperkings op video's behoort te wees nie.

49,8% van die respondente wat na meer as tien ongewenste video's gekyk het, het nie saamgestem dat daar ouderdomsbeperkings op video's behoort te wees nie. In teenstelling hiermee is bevind dat 24% van die respondente wat na meer as tien ongewenste video's gekyk het, saamgestem het dat daar ouderdomsbeperkings op video's behoort te wees.

Op grond van bogenoemde bevindinge word hipotese 5 dus aanvaar.

6.3 SAMEVATTING

Samevattend blyk dit dat die kyk na ongewenste video's 'n gewilde tydverdryf onder Potchefstroomse hoërskoolkinders is, aangesien die meeste kinders in dié studie na ongewenste video's gekyk het. Soos bespreek in hoofstuk 2, het ouderdomsbeperkings enersyds ten doel om kinders te beskerm teen die kyk van ongewenste materiaal

(geweld, seks, naaktheid en kru taal) en andersyds om die belange van die volwasse kyker te beskerm. Hieruit blyk die noodsaaklikheid van beheer oor video-kykgewoontes, aangesien ouderdomsbeperkings opgelê word indien kinders nie die nie-ongewenstheid van die stof sal kan insien of verwerk nie en wanneer die behandeling van 'n sekere tema morele skade aan 'n aantal kykers kan aanrig. Andersyds kan die vryheid van die volwassene hom ook nie ontnem word nie. Soos blyk uit die studie, dui die resultate daarop dat ouderdomsbeperkings nie in sy doel geslaag het nie. Alhoewel hierdie studie net betrekking het op Potchefstroomse hoërskoolkinders, kan gespekuleer word dat dit 'n landwyse tendens is. Navorsing in die buiteland dui ook daarop dat kinders in 'n groot mate na video's kyk wat nie vir hulle geskik is nie.

In aansluiting met die voorgaande dui die literatuur daarop dat die adolessent in 'n sensitiewe fase is, waar hy op soek is na inligting. Blootstelling aan geweld, seks, naaktheid en kru taalgebruik kan 'n belangrike rol speel in dié verband, deurdat dit die adolessent kan voorsien van die regte rolmodelle waarna hy op soek is om die verskeie ontwikkelingstake waarmee hy gekonfronteer word, te help oplos. Uit die waarnemingsleerteorie blyk dit dan ook dat die oudiovisuele media 'n belangrike bron is wat betref die voorsiening van modelle wat maklik nageboots kan word. Alhoewel die adolessent se vermoë om te leer, of sy kognitiewe vaardigheid, hom in staat stel tot groter insig en begrip, maak dit hom nie weerbaar teen ongewenste materiaal nie. Dit blyk juis die fase van ontwikkeling te wees waarin die adolessent is wat hom vatbaar maak vir ongewenste materiaal en daarom daartoe aanleiding kan gee dat hy die betrokke materiaal nie in die regte perspektief sal plaas nie.

Voorts het dit ook aan die lig gekom dat biografiese veranderlikes 'n belangrike rol speel in die kyk na ongewenste video's. In dié verband is bevind dat geslag, taal, werkende moeders, woonplek van respondente se ouers, godsdiens, besit en huur van videokasset-opnemers en lidmaatskap van 'n videoklub almal

belangrike voorspellers is in die kykproses. In teenstelling met die aanname dat kykpatrone betreffende ongewenste video's sal toeneem namate die kind ouer word, is slegs 'n gedeeltelike toename tot en met vyftienjarige ouderdom en standerd agt verkry. Hierdie aanname is gemaak op grond van navorsing wat daarop dui dat die ouer kind in die ouerhuis groter vryhede geniet as die jonger kind. Die resultate van dié studie met betrekking tot ouderdom en skoolstanderd stem egter ooreen met die bevinding van Lyle en Hoffman (1972:147) waar bevind is dat kinders in die middel-adolessente jare meer "volwasse" vermaak verkies.

Die resultate dui ook daarop dat portuurgroep-georiënteerde respondente meer na ongewenste video's kyk as ouer-georiënteerde respondente. Volgens die literatuur begin die adolessent toenemend betrokke raak by die portuurgroep en beweeg hy stelselmatig van die ouerhuis weg. Hierdie faktore gee daartoe aanleiding dat die adolessent op soek is na media wat hom groter kontrole bied, met ander woorde media wat hy in portuurgroepsverband kan beoefen en nie deur sy ouers beheer word nie. Hieruit kan dus tot die slotsom gekom word dat die videokasset-opnemer goed in hierdie behoefte voorsien, aangesien die videokasset-opnemer die gebruiker in staat stel om volle beheer uit te oefen.

Ten opsigte van die plek waar na video's gekyk is, het vorige navorsing bevind dat daar meestal by vriende na ongewenste video's gekyk is (Nelson, 1985; Cupit, 1986), maar dat respondente wat 'n videokasset-opnemer by die huis het én by vriende na video's kyk, se kansse groter is om na ongewenste video's te kyk (Hill, 1985). Die resultate van hierdie studie sluit dus by laasgenoemde bevinding aan, waar bevind is dat respondente wat by die huis én by vriende na video's kyk, die meeste ongewenste video's gesien het. As in ag geneem word dat bogenoemde studies in die tagtigerjare gedoen is, toe videokasset-opnemers nie so 'n hoë voorkoms in huishoudings gehad het as wat tans die geval is nie, is daar sekerlik in 'n mate merendeels by vriende na video's gekyk wat wel 'n videokasset-opnemer besit het. Respondente in hierdie studie het waarskynlik

tweedens die meeste ongewenste video's tuis gesien, omdat dit nie meer nodig is om by vriende te kyk nie as daar tuis ook 'n videokasset-opnemer is.

Die bevindinge dui ook daarop dat die kyk na video's nie in hoofsaak 'n aktiwiteit is wat in portuurgroepsverband geskied nie, maar dat ongewenste video's ook alleen of saam met ouers gekyk word. Die resultate wat daarop dui dat adolessente nie hoofsaaklik saam met vriende na video's kyk nie, verskil van ander navorsing wat op dié gebied gedoen is, wat aandui dat hoërskoolkinders merendeels saam met vriende video's kyk (Van Vuuren et al., 1984; de Waal 1985; Heyneke, 1986). Die bevinding dat daar ook alleen video's gekyk word, is teenstellend met navorsing wat bevind het dat die kyk na video's meestal in groepsverband gedoen word (vgl. Morgan et al., 1990a).

Alhoewel ongewenste video's dus ook saam met ouers gekyk is, het dit aan die lig gekom dat ouers ook nie altyd in staat daartoe is om kinders se kykgewoontes te beheer nie, aangesien die meeste ongewenste video's sonder ouers se toestemming en medewete gekyk is. Wat die taak van ouers ook bemoeilik, is die feit dat baie moeders vandag 'n werk buite die huis het. Hierdie studie het bevind dat respondente met werkende moeders meer na ongewenste video's kyk as respondente wie se moeders huisvrouens is.

Kinders wie se kykgewoontes wel deur ouers beheer word, kyk minder ongewenste video's. Hierdie bevinding kom ooreen met Nelson (1985) se navorsing wat daarop dui dat kinders van beskermende ouers minder na ongewenste video's kyk as respondente wie se ouers toegeeflik is.

Voorts is bevind dat kinders wat baie ongewenste video's sien, 'n meer "liberale" mening het oor die voorkoms van geweld, seks en kru taalgebruik in video's. Hierdie respondente was ook van mening dat daar nie ouderdomsbeperkings op video's behoort te wees nie.

In dié verband kan gespekuleer word dat hierdie bevinding verband hou met die desensitasieteorie soos bespreek in hoofstuk 4. Volgens hierdie standpunt raak kinders emosioneel afgestomp na aanhoudende blootstelling aan gewelddadige en erotiese materiaal.

6.4 AANBEVELINGS

Die resultate van hierdie studie dui daarop dat die meeste Potchefstroomse hoërskoolkinders na ongewenste video's kyk. 'n Leemte in dié studie is die menings van ouers ten opsigte van hulle beheer oor kinders se kykgewoontes. Sodoende sou vasgestel kon word in watter mate ouers beheer oor kinders se kykpatrone uitoefen en in watter mate ouers bewus is van die klassifikasiesstelsel met betrekking tot video's. Sodoende sou volle perspektief verkry kon word aangaande ouerbeheer en die bewustheidsgraad van ouers ten opsigte van beheer oor video's.

In aansluiting by die voorgaande kan ook na die funksie van die videokasset-opnemer in gesinsverband gekyk word, byvoorbeeld wie die videokasset-opnemer die meeste gebruik en vir watter doel, in watter mate dit kommunikasie in die huis beïnvloed en wat die verskille in persepsie ten opsigte van die gebruik van die videokasset-opnemer tussen ouers en kinders is.

Toekomstige navorsing behoort ook video-kykpatrone aan die hand van die gebruike- en bevredigingsbenadering te evalueer. Die kyk na video's leen hom uitstekend daartoe om deur middel van die gebruike- en bevredigingsbenadering die motiewe ten opsigte van die kyk na video's en die ervaring gedurende die kykproses vas te stel. Só 'n ondersoek behoort veral onder adolessente gedoen te word, om te bepaal of die behoeftes van die adolessent ooreenstem met die voordele van die videokasset-opnemer, byvoorbeeld die mag van beheer oor media-inhoud.

Die videokasset-opnemer is 'n relatief nuwe toevoeging tot die audiovisuele kommunikasiemiddele en min navorsing is nog daaroor

gedoen. Die videokasset-opnemer leen hom tot 'n wye studieveld en genoemde aanbevelings sal daartoe bydra dat die omvang van hierdie tegnologiese ontwikkeling bepaal kan word.

Ten slotte kan opgemerk word dat die bevinding dat die meeste Potchefstroomse hoërskoolkinders na ongewenste video's kyk, bewys dat ouderdomsbeperkings kinders nie daarvan weerhou om na video's te kyk wat nie vir hulle bedoel is nie. Daar kan egter nie terugbeweeg word na 'n rigiede stelsel van sensuur nie. Die navorsing wat daarop dui dat die adolessent verkieslik nie aan ongewenste video's blootgestel moet word nie en dat daar reeds genoeg van owerheidskant af gedoen word met betrekking tot die beheer van video's, plaas 'n groter las op die skouers van ouers. Alhoewel ouers nie altyd daartoe in staat is om beheer oor kinders se kykgewoontes uit te oefen nie, soos blyk uit die navorsing, het dit enersyds ook aan die lig gekom dat waar ouers wel beheer uitoefen, kinders minder na ongewenste video's kyk. Andersyds kan tot die gevolgtrekking gekom word dat ouers meer kan doen om kinders se kykgewoontes te beheer deur seker te maak van watter video hulle saam met hul kinders kyk. Dit kan byvoorbeeld gedoen word deur hulle te vergewis van die ouderdomsbepkering op die video's en die rede vir die ouderdomsbepkering, deur resensies te raadpleeg of om ander mense se opinies oor 'n sekere video te kry. Daar is ook in die resultate sterk aanduidinge dat die meeste ongewenste video's tuis gekyk is. As ouers regtig beheer oor kinders se kykgewoontes tuis wil uitoefen, kan die videokasset-opnemer weggesluit word as ouers nie self tuis is nie. Sodoende kan ouers hul eie kinders, asook die kinders van andere, beskerm teen die kyk van ongewenste video's.

Aangesien dit egter nie altyd moontlik is om kinders se kykgewoontes te beheer nie, behoort instansies soos kerke en skole ook kinders in te lig oor die konteks waarin geweld, seks, naaktheid en kru taalgebruik in die media uitgebeeld word om sodoende ouers by te staan in die opvoeding van kinders. Dié plig kan ouers nie alleen nakom nie. Ook kan opvoedkundige

programme in die media 'n inligtingsrol in dié verband speel. Hierdie inligtingsproses kan na behore geskied indien ouers saam met kinders na video's - en selfs na ongewenste video's - kyk, sodat negatiewe elemente verduidelik kan word en die kind sodoende die betrokke toneel in perspektief sal kan sien - selfs as hy saam met vriende na ongewenste video's kyk. Die kansse blyk goed te wees dat enige kind in 'n sekere stadium van sy lewe na 'n ongewenste video sal kyk en dit is juis daarvoor wat voorsiening gemaak moet word, sodat hy ongewenste materiaal in die regte perspektief sal kan sien.

Verder kan Jordaan en Du Toit (1985:72) se aanbeveling soos vermeld in hoofstuk 3 ernstig oorweeg word, naamlik dat adollesente verteenwoordiging verkry in die strukture van publikasie-beheer wanneer dit oor ouderdomsbeperkings as 'n beheermaatreël gaan.

Beheer oor kinders se kykgewoontes behoort ook op 'n doeltreffende wyse deur videowinkels gemonitor te word, wat ook 'n verantwoordelikheid het betreffend die beskerming van kinders. Die resultate dui daarop dat die meeste ongewenste video's deur respondente self gekies en gehuur (betaal) word. Die eienaars van videowinkels kan daarom seker maak dat 'n doeltreffende stelsel geïmplementeer word sodat kinders nie video's huur wat nie vir hulle geskik is nie. Toekomstige navorsing kan ook aan hierdie aspek aandag skenk, sodat daar bepaal kan word watter beheermaatreëls videowinkels toepas om kinders teen die kyk van ongewenste video's te beskerm.

BYLAE A:

**BRIEF VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
(TOD) VIR GOEDKEURING VIR VERSPREIDING
VAN VRAELYTE IN POTCHEFSTROOMSE HOËRSKOLE**



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE


ADMINISTRASIE · VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Dr. C.G. Coetzee
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 324 1660/-70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

Mnr H.G. Venter
Krugerstraat 74
POTCHEFSTROOM
2520



Geagte mnr. Venter

VRAELYS: KYKGWOONTES VAN POTCHEFSTROOMSE HOÛRSKOOLOKINDERS NA
VIDEOFILMS

U skrywe, gedateer 1988-11-16, die telefoniese gesprekke met u, u besoek aan die Buro vir Onderwysnavorsing en u voorgelegde, gewysigde vraelys, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen toestemming aan u om die vraelys te laat invul deur al die leerlinge van die volgende sekondêre skole in Potchefstroom:

Ferdinand Postma, J.J. Pienaar (Handel), Potchefstroom (Tegnies), Potchefstroom Boys High, Potchefstroom Girls High, Potchefstroom Gimnasium en Potchefstroom Volksskool.

Die toestemming is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- . U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde en onderwysers verkry en die brief aan hulle toon as bewys dat u die Departement se toestemming verkry het om die ondersoek uit te voer, maar u mag nie die brief gebruik om hul same-werking af te dwing nie.
- . U moet ook toestemming van die ouers verkry voordat die leerlinge die vraelys invul.
- . Die name van skole, respondente en ander betrokkenes mag nie in u verhandeling vermeld word nie.



- Na voltooiing van u verhandeling moet u die Departement van 'n kopie daarvan voorsien.

U word sterke met u navorsing toegewens.

A handwritten signature in black ink, written over a horizontal line. The signature is stylized and appears to be a name starting with a large 'S'.

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

BYLAE B:

VRAELYS (AFRIKAANS EN ENGELS)

--	--	--	--

(1-4)

Kaartnr.

1

(5)

Ek is tans besig met 'n Meestersgraad in Kommunikasiekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Met hierdie studie wil ek graag probeer vasstel watter faktore 'n rol speel by hoërskoolleerlinge in Potchefstroom se keuses van video-films, wanneer en waar hulle daarna kyk, hoe gereeld hulle dit doen ensovoorts. En dit is dan ook die doel van hierdie vraelys.

Sonder jou samewerking sover dit die invul van die vraelys betref sal ek nie my studie kan doen nie. Daarom vra ek jou vriendelik om die vrae eerlik en openhartig te beantwoord. Moet asseblief nêrens op die vraelys jou naam, die naam van jou skool of enige ander vorm van identifikasie aanbring nie. Die inligting wat met hierdie vraelys ingesamel word, sal slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik word en sal onder geen omstandighede aan jou of jou skool se naam gekoppel word nie.

Lees asseblief die vrae aandagtig en maak dan 'n kruisie in die blokkie by die antwoord wat op jou van toepassing is. As jy byvoorbeeld 'n seun is, maak dan die kruisie in die ooreenstemmende blokkie soos in die voorbeeld aangedui word:

Is jy 'n

- (i) Seun
- (ii) Meisie

X	1
	2

Ignoreer asseblief die syfers in die regterkantste kolomme. Dit word vir rekenaardoeleindes gebruik.

Byvoorbaat dank vir jou samewerking.



HANS VENTER
PU vir CHO

AFDELING A

1. Is jy 'n

- (i) Seun
- (ii) Meisie

	1
	2

(6)

2. Wat is jou huistaal?

- (i) Afrikaans
- (ii) Engels
- (iii) Afrikaans en Engels
- (iv) Ander

	1
	2
	3
	4

(7)

3. In watter skoolstanderd is jy?

- (i) Standaard 6
- (ii) Standaard 7
- (iii) Standaard 8
- (iv) Standaard 9
- (v) Standaard 10

	1
	2
	3
	4
	5

(8)

4. Wat was jou ouderdom met jou laaste verjaarsdag?

- (i) 12 jaar
- (ii) 13 jaar
- (iii) 14 jaar
- (iv) 15 jaar
- (v) 16 jaar
- (vi) 17 jaar
- (vii) 18 jaar
- (viii) Ouer as 18 jaar

	1
	2
	3
	4
	5
	6
	7
	8

(9)

5. Waar woon jy?

- (i) Koshuis
- (ii) Ouerhuis
- (iii) Ander plek

	1
	2
	3

(10)

6. Wie van jou ouers woon tuis?

- (i) Beide
- (ii) Vader
- (iii) Moeder
- (iv) Nie een nie

	1
	2
	3
	4

(11)

INDIEN BEIDE TUIS WOON, ANTWOORD VRAAG 8

7. Indien een of albei van jou ouers nie tuis woon nie, is hulle

- (i) Geskei
- (ii) Verwyderd
- (iii) Oorlede

	1
	2
	3

(12)

8. Toon aan in watter beroepsgroep jou vader/stiefvader/voogse beroep geklassifiseer kan word:

- (i) Professioneel en aanverwante beroepe (bv. apteker, argitek, onderwyser, vertaler)
- (ii) Uitvoerende en besturende werk (bv. afdelingshoof, sekretaris, personeelbestuurder) ..
- (iii) Klerklike werk (bv. boekhouer, kassier, teller, possorteerder)
- (iv) Verkoopswerk (bv. afslaer, agent, verkoopsman)
- (v) Boere, tuiniers, vissers (bv. bestuurder van 'n boerdery, vee-inspekteur)
- (vi) Opgeleide buite-/uniformwerkers (bv. weermag, polisie, verkeersbeampte, doanebeampte, hyskraandrywer, ambulansbestuurder, kelner)
- (vii) Geskoolde ambagsmanne (bv. bakker, boorman, sweiser, slagter)
- (viii) Operateurs en halfgeskoolde werkers (bv. blokman, dambouer, horlosiemaker, mynwerker, fabriekswerker).....
- (ix) Ongeskoolde werkers (bv. padwerker, skoonmaker, veër)

	1
	2
	3
	4
	5
	6
	7
	8
	9

(13)

9. Toon aan in watter beroepsgroep jou moeder/stiefmoeder/voog se beroep geklassifiseer kan word

- (i) Huisvrou
- (ii) Professioneel (bv. apteker, dokter, onderwyseres, vertaler, prokureur)
- (iii) Ontvangsdame, tikster
- (iv) Klerklike werk
- (v) Privaatsekretaresse
- (vi) Verkoopdame
- (vii) Fabriekswerker - half en ongeskooldes
- (viii) Eie onderneming
- (ix) Ander

	1
	2
	3
	4
	5
	6
	7
	8
	9

(14)

10. Toon aan waar jou ouers/stiefouers/voogde woon

- (i) Stad
- (ii) Dorp
- (iii) Plaas/Plot

	1
	2
	3

(15)

11. Watter rol speel godsdiens tuis?

- (i) 'n Baie belangrike rol
- (ii) 'n Minder belangrike rol
- (iii) 'n Gemiddelde rol
- (iv) Nie 'n baie belangrike rol nie

	1
	2
	3
	4

(16)

12. Besit julle 'n videokasset-opnemer tuis?

- (i) Ja
- (ii) Nee

	1
	2

(17)

13. Hoe dikwels huur julle 'n videokasset-opnemer?

- (i) Huur nooit een nie
- (ii) Meer as een keer per week
- (iii) Een keer per week
- (iv) Een keer in twee weke
- (v) Een tot twee keer per maand
- (vi) Minder as een keer per maand

	1
	2
	3
	4
	5
	6

(18)

14. Behoort jou ouers/stiefouers/voogde aan 'n videoklub?

- (i) Ja
- (ii) Nee

	1
	2

(19)

AFDELING B

HIER VOLG 'N PAAR VRAE OOR JOU OUERS/STIEFOUERS/VOOGDE EN MAATS.
MAAK BY ELKE VRAAG 'N KRUISIE BY WAT JY DINK:

15. Wie dink jy verstaan jou die beste?

- (i) My vader (stiefvader of voog)
- (ii) My moeder (stiefmoeder of voog)
- (iii) Albei ouers (stiefouers of voogde)
- (iv) Ouers/stiefouers/voogde en vriende
- (v) Vriende/vriendinne
- (vi) Nie een van bogenoemde nie

	1
	2
	3
	4
	5
	6

(20)

16. Wie stel aan jou 'n voorbeeld wat jy graag sal wil navolg?

- | | | | | | |
|--------|-----------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|---|------|
| (i) | My vader (stiefvader of voog) | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">1</td></tr></table> | | 1 | (21) |
| | 1 | | | | |
| (ii) | My moeder (stiefmoeder of voog) | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">2</td></tr></table> | | 2 | |
| | 2 | | | | |
| (iii) | Albei ouers (stiefouers of voogde) | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">3</td></tr></table> | | 3 | |
| | 3 | | | | |
| (iv) | Ouers (stiefouers of voogde) en vriende | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">4</td></tr></table> | | 4 | |
| | 4 | | | | |
| (v) | Vriende/vriendinne | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">5</td></tr></table> | | 5 | |
| | 5 | | | | |
| (vi) | Nie een van bogenoemde nie | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">6</td></tr></table> | | 6 | |
| | 6 | | | | |

17. Saam met wie is jy die gelukkigste?

- | | | | | | |
|--------|-----------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--|---|------|
| (i) | My vader (stiefvader of voog) | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">1</td></tr></table> | | 1 | (22) |
| | 1 | | | | |
| (ii) | My moeder (stiefmoeder of voog) | <table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td style="width: 20px; height: 20px;"></td><td style="width: 20px; height: 20px; text-align: center;">2</td></tr></table> | | 2 | |
| | 2 | | | | |
